

# DIE EVANGELIE VOLGENS JOHANNES

## Inleiding

*Die Evangelie volgens Johannes* is die jongste van die vier Evangelies. Dit is in ongeveer 90-100 nC voltooi. Die kerklike tradisie lui dat dit in Efese geskryf is. Antiogië in Sirië is egter ook 'n moontlikheid, aangesien die Evangelie reeds vroeg in die Siriese omgewing bekend was.

Volgens kerklike oorlewering het die apostel Johannes hierdie Evangelie geskryf. Daar kan egter nie met sekerheid vasgestel word wie vir *Die Evangelie volgens Johannes* verantwoordelik was nie. Dit kan wel aanvaar word dat die wesenlike inhoud van die Evangelie teruggaan op die getuienis van 'n nabye volgeling van Jesus Christus. Volgens Johannes 21:24 berus hierdie Evangelie op die getuienis en skryfwerk van die “geliefde dissipel”, van wie ons elders nog drie keer lees (Joh 13:23; 19:26; 20:2). Hierdie dissipel kon heel moontlik die apostel Johannes gewees het.

Die eerste lesers van *Die Evangelie volgens Johannes* kan nie met sekerheid bepaal word nie. Uit Johannes 20:30-31 blyk dat dit ten doel het om sy lesers te laat glo “dat Jesus die Christus is, die Seun van God”. Die waarskynlikste verklaring van hierdie woorde is dat die Evangelie aan reeds bestaande Christusvolgelingen gerig was met die doel om hulle verder in hulle geloof te versterk — ook te midde van afwykende strominge. Dit is egter moontlik dat die Evangelie ook op nie-gelowiges gerig was.

*Die Evangelie volgens Johannes* getuig van diepgaande besinning oor Jesus Christus se persoon en optrede. Klemens van Aleksandrië het met goeie reg klem gelê op die geestelike karakter van hierdie Evangelie.

Belangrike teologiese temas soos lig, lewe, heerlijkheid, waarheid, getuienis, geloof, die teenstelling tussen die wêreld daar bo en die wêreld hier onder, die Vader-Seun-verhouding en die liefde word beklemtoon. Jesus se Goddelikheid word sterk belig, onder meer in die tipiese “Ek is”-uitsprake.

Hierdie temas word aangebied in tipies Johannese taal en styl soos die fyn gestruktureerde proloog, dubbele woordbetekenis, spiraalvormige gedagtegangte en simboliek. Kenmerkend is dat Johannes Jesus se wonders in die eerste helfte van die Evangelie gebruik as simboliese tekens van wie Jesus werklik is.

Die boek kan soos volg ingedeel word:

1:1-18 Proloog: Jesus die mensgeworde Woord

1:19 — 12:50 Jesus maak Homself deur sy openbare optrede bekend

1:19-51 Johannes die Doper en Jesus se eerste dissipels

2 — 12 Jesus se wondertekens en gesaghebbende uitsprake oor wie Hy is

13 — 17 Jesus in eie kring: Die laaste maaltyd en afskeidsgesprekke

18 — 19 Jesus se lyding en sterwe

20 Jesus se opwekking uit die dood en verskynings; doel van die Evangelie

21 Epiloog: Jesus verskyn aan 'n aantal dissipels by die See van Tiberias.

# 1

## Proloog

<sup>1</sup> \*In die begin was die Woord,\*  
en die Woord was by God,  
en die Woord was God.

<sup>2</sup> Hy was in die begin by God.

<sup>3</sup> \*Alles het deur Hom ontstaan,  
en sonder Hom het selfs nie een ding  
wat bestaan, ontstaan nie.

<sup>4</sup> In Hom was lewe,<sup>a\*</sup>  
en dié lewe was die lig vir die mense.

<sup>5</sup> \*En die lig skyn in die duisternis,  
en die duisternis kon dit nie uitdoof nie.

<sup>6</sup> \*Daar was 'n man, gestuur deur God, wie se naam Johannes was. <sup>7</sup> Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom kon glo. <sup>8</sup> Hy was nie die lig nie,\* maar hy moes van die lig getuig.

<sup>9</sup> \*Die ware lig wat elke mens verlig,  
was aan die kom na die wêreld.

---

\*1:1-2 Joh 17:5; 1 Joh 1:1-2

\*1:1 *Woord*: Op 19:13

\*1:3 Wys 9:1; Joh 1:10; 1 Kor 8:6; Kol 1:16-17; Heb 1:2

<sup>a</sup>1:3-4 *wat bestaan ... lewe*: Kan ook vertaal word “en sonder Hom het selfs nie een ding ontstaan nie. Wat ontstaan het in Hom, was lewe”.

\*1:4 *In ... lewe*: Joh 5:26

\*1:5 Joh 3:19

\*1:6 Matt 3:1; Mark 1:4; Luk 1:13,17,76; 3:2

\*1:8 *Hy ... lig nie*: Joh 1:20

\*1:9 1 Joh 2:8

<sup>10</sup> Hy was in die wêreld,\*  
en die wêreld het deur Hom ontstaan,\*  
en tog het die wêreld Hom nie erken nie.\*

<sup>11</sup> Hy het gekom na wat syne was  
en tog het sy eie mense  
Hom nie aanvaar nie.

<sup>12</sup> Maar aan almal wat Hom aanvaar het,  
het Hy die reg gegee om kinders van God te word —  
hulle wat in sy Naam glo.

<sup>13</sup> Hulle is nie uit bloed nie,  
ook nie uit liggaamlike drang nie,  
ook nie uit die wil van 'n man nie,  
maar uit God gebore.

<sup>14</sup> En die Woord het vlees geword\*  
en onder ons kom woon,<sup>b</sup>  
en ons het sy heerlikheid aanskou,<sup>c</sup>  
'n heerlikheid soos dié van Hom  
wat uniek verwek<sup>d</sup> is deur die Vader —

---

\* **1:10** *Hy ... wêreld:* Joh 1:14

\* **1:10** *en die ... ontstaan:* Joh 1:3; 1 Kor 8:6; Kol 1:16; Heb 1:2

\* **1:10** *en tog ... erken nie:* Joh 17:25

\* **1:14** *die Woord ... geword:* Rom 1:3; Gal 4:4; Fil 2:7; 1 Tim 3:16; Heb 2:14; 1 Joh 4:2; *Ps Sal* 7:6 •Pseudepigrawe

<sup>b</sup>**1:14** *woon:* Letterlik 'tent opslaan', 'n verwysing na die •tabernakel as woonplek van God; vgl Eks 40:34-38; Op 7:15; 2:12; 13:6; 21:3.

<sup>c</sup>**1:14** *en ons ... aanskou:* Verwys na Jes 60:1-2 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Luk 9:32; Joh 2:11.

<sup>d</sup>**1:14** *uniek verwek:* In die •bronteks word 'n woord gebruik wat dui op die unieke wyse waarop Jesus verwek is, anders as enige gewone mens (vgl vs 13). Dit word ook vertaal as “eniggebore”.

vol genade en waarheid.

<sup>15</sup> \* Johannes getuig oor Hom en roep uit: “Hy is die Een van Wie ek gesê het, ‘Hy wat ná my kom,\* is my voor,<sup>e</sup> omdat Hy die eerste was.’ ”

<sup>16</sup> Uit sy volheid het ons almal genade ontvang\* — ja, genade op genade. <sup>17</sup> Want die wet<sup>f</sup> is deur Moses gegee;\* die genade en die waarheid het deur Jesus Christus<sup>g</sup> gekom. <sup>18</sup> Niemand het God nog ooit gesien nie;\* die Uniek Verwekte, self God,<sup>h</sup> wat teen die bors<sup>i</sup> van die Vader is, Hy het Hom bekend kom maak.\*

### Getuienis van Johannes die Doper

(Matt 3:1-12; Mark 1:2-8; Luk 3:15-17)

<sup>19</sup> En dit is die getuienis van Johannes toe die Jode priesters en Leviete uit Jerusalem na hom gestuur het om hom te vra: “Wie is u?” <sup>20</sup> \*Hy het verklaar, dit nie ontken nie, maar openlik verklaar: “Ek is nie die Christus<sup>j</sup> nie.” <sup>21</sup> Hulle vra hom toe: “Wat dan? Is u Elia?” En hy sê: “Ek is nie.”\* “Is

---

\* **1:15** Joh 1:30

\* **1:15** *Hy wat ... kom:* Matt 3:11; Mark 1:7; Joh 1:27

<sup>e</sup>**1:15** *is my voor:* Dit het 'n dubbele betekenis, nl ‘Hy het voor my bestaan’ of ‘Hy is belangriker as ek’.

\* **1:16** *Uit ... ontvang:* Kol 2:10

<sup>f</sup>**1:17** *wet:* •Wet van Moses.

\* **1:17** *Want ... gegee:* Eks 31:18; 34:28; Joh 7:19

<sup>g</sup>**1:17** *Christus:* Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

\* **1:18** *Niemand ... gesien nie:* Eks 33:20; Joh 6:46; 1 Tim 6:16; 1 Joh 4:12

<sup>h</sup>**1:18** *self God:* Latere mss lui “Seun van God”.

<sup>i</sup>**1:18** *teen die bors:* 'n Beeld wat noue verbondenheid aandui.

\* **1:18** *die Uniek Verwekte ... gemaak:* Matt 11:27; Luk 10:22

\* **1:20** Joh 3:28

<sup>j</sup>**1:20** *Christus:* Vgl voetnoot in 1:17.

\* **1:21** *Is u ... is nie:* Matt 11:14; 17:11-13

u dié Profeet?”\* En hy antwoord: “Nee!”<sup>22</sup> Hulle sê toe vir hom: “Wie is u? Ons moet 'n antwoord verskaf aan hulle wat ons gestuur het. Wat het u oor uself te sê?”<sup>23</sup> Hy antwoord toe:

“Ek is ‘die stem van een wat uitroep in die woestyn.’<sup>k</sup>

“Maak die pad van die Here reguit!”<sup>l</sup> —

“soos die profeet Jesaja gesê het.”

<sup>24</sup> Daar was ook afgevaardigdes uit die geledere van die •Fariseërs<sup>25</sup> en hulle het hom gevra: “As u nie die Christus of Elia of die Profeet is nie, waarom doop u dan?”<sup>26</sup> Johannes het hulle geantwoord: “Ek doop met water,<sup>\*</sup> maar in julle midde staan daar Iemand vir wie julle nie ken nie.<sup>27</sup> \*Hy is die Een wat ná my kom<sup>\*</sup> en ek is nie werd om die riempies van sy sandale los te maak nie.”<sup>28</sup> \*Dit het oorkant die Jordaan in Betanië gebeur, waar Johannes besig was om te doop.

### Jesus die Lam van God

<sup>29</sup> Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: “Kyk, die Lam van God<sup>\*</sup> wat die sonde van die wêreld wegneem!<sup>m</sup>

---

\***1:21** *Is u dié Profeet:* Deut 18:15; Joh 6:14; 7:40; Hand 3:22; 7:37

<sup>k</sup>**1:23** *woestyn:* 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

<sup>l</sup>**1:23** *Maak ... reguit:* Aanhaling uit Jes 40:3 as heenwysing na Johannes die Doper as wegbereider; vgl Matt 3:3; Mark 1:3; Luk 3:4.

\***1:25-26** *waarom ... water:* Matt 21:25; Mark 11:30; Luk 20:4; Joh 1:33

\***1:27** Hand 13:25

\***1:27** *Hy ... kom:* Joh 1:15

\***1:28** Matt 3:13; Joh 10:40

\***1:29** *Die volgende ... God:* Joh 1:36

<sup>m</sup>**1:29** *Lam ... wegneem:* Verwys na Jes 53:6-7 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Hand 8:32; 1 Pet 1:18-19.

<sup>30</sup> \*Hy is die Een van wie ek gesê het, ‘Ná my kom 'n Man wat belangriker as ek is omdat Hy voor my was.’ <sup>31</sup> Ook ek het Hom nie geken nie, maar juis daarom het ek gekom en doop ek met water, sodat Hy aan Israel bekend gemaak kan word.” <sup>32</sup> En Johannes het getuig: “Ek het die Gees uit die hemel sien neerdaal soos 'n duif, en Hy het op Hom gebly.\* <sup>33</sup> Ook ek het Hom nie geken nie, maar Hy wat my gestuur het om met water te doop, Hy het vir my gesê, ‘Hy op wie jy die Gees sien neerdaal en bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop.’ <sup>34</sup> En ek het gesien en getuig, ‘Hy is die •Seun van God.’\*”

### Eerste dissipels

<sup>35</sup> Die volgende dag het Johannes en twee van sy dissipels weer daar gestaan. <sup>36</sup> Toe Jesus verbyloop, het hy stip na Jesus gekyk en gesê: “Kyk, die Lam van God!” <sup>37</sup> Die twee dissipels het hom dit hoor sê, en hulle het Jesus gevolg. <sup>38</sup> Toe Jesus omdraai en hulle Hom sien volg, vra Hy hulle: “Wat wil julle hê?” En hulle het Hom geantwoord: “Rabbi”,<sup>n</sup> — wat, as dit vertaal word, beteken, ‘Meester’, “waar bly U?” <sup>39</sup> Hy sê toe vir hulle: “Kom kyk!” Hulle het toe gegaan en gesien waar Hy tuisgaan, en hulle het dié dag by Hom gebly. Dit was omstreeks die tiende uur.<sup>o</sup>

<sup>40</sup> Andreas, die broer van Simon •Petrus, was een van die twee wat gehoor het wat Johannes sê en Jesus gevolg het. <sup>41</sup> Hy het eers sy eie broer Simon teengekom en vir hom gesê: “Ons het die Messias gevind”

---

\* **1:30** Joh 1:15

\* **1:32** *Ek het ... gebly:* Matt 3:16; Mark 1:10; Luk 3:22

\* **1:34** *Hy is ... God:* Matt 3:17; 17:5; 27:54; Mark 9:7; 15:39; Luk 9:35; Joh 20:31; Hand 9:20

<sup>n</sup>**1:38** *Rabbi:* 'n Eerbiedige aanspreekvorm in Hebreeus en Aramees wat ‘my •Meester’ beteken.

<sup>o</sup>**1:39** *tiende uur:* Volgens Westerse tydsbepaling 16:00; •Tydsindeling.

— dit is, as dit vertaal word, Christus.<sup>p</sup> <sup>42</sup> Hy het hom na Jesus geneem.\* Jesus het stip na hom gekyk en gesê: “Jy is Simon, die seun van Johannes. Jy sal ‘Sefas’<sup>q</sup> genoem word” — wat vertaal word as “Petrus”.\*

### Roeping van Filippus en Natanael

<sup>43</sup> Die volgende dag het Jesus besluit om na Galilea te gaan, en toe Hy Filippus teenkom, sê Hy vir hom: “Volg My!” <sup>44</sup> Filippus was afkomstig van Betsaida,\* die tuisdorp<sup>r</sup> van Andreas en Petrus. <sup>45</sup> Filippus loop toe vir Natanael raak en sê vir hom: “Ons het Hom gevind van wie Moses in die Wet geskryf het, en ook die Profete<sup>s</sup> — Jesus wat van Nasaret kom, die seun van Josef.” <sup>46</sup> En Natanael vra hom: “Kan daar uit Nasaret iets goeds kom?” Filippus sê vir hom: “Kom kyk!” <sup>47</sup> Jesus het Natanael na Hom sien aankom en sê toe van hom: “Kyk, hy is waarlik 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie.” <sup>48</sup> Natanael vra Hom: “Waarvandaan ken U my?” Jesus het hom geantwoord: “Nog voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die vyeboom was, het Ek jou gesien.” <sup>49</sup> Toe antwoord Natanael Hom: “Rabbi,<sup>t</sup> U is die •Seun van God;<sup>u</sup> U is die Koning van

---

<sup>p</sup>1:41 *Christus*: Vgl voetnoot in 1:17.

\*1:40-42 *Andreas ... geneem*: Matt 4:18-20; Mark 1:16-18

<sup>q</sup>1:42 *Sefas*: •Petrus se Aramese naam, dit beteken ‘rots’.

\*1:42 *Jy is ... Petrus*: Matt 10:2; 16:18; Mark 3:16; Luk 6:14

\*1:44 *Filippus ... Betsaida*: Joh 12:21

<sup>r</sup>1:44 *tuisdorp*: Letterlik ‘stad’. Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

<sup>s</sup>1:45 *Hom ... Profete*: Verwys na die Ou Testament as getuienis aangaande Jesus Christus soos onder andere gevind in die volgende verse: Deut 18:18; Jes 7:14; 9:6; Eseg 34:23.

<sup>t</sup>1:49 *Rabbi*: 'n Eerbiedige aanspreekvorm in Hebreeus en Aramees wat ‘my •Meester’ beteken.

<sup>u</sup>1:49 *U ... Seun van God*: Verwys na Ps 2:7 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Matt 3:17; 14:33; 16:16; Mark 1:11; 3:11; Luk 3:22; 4:41; Joh 11:27; Hand 13:33.



Israel!”<sup>v</sup> 50 Jesus antwoord hom: “Glo jy omdat Ek jou gesê het dat Ek jou onder die vyeboom gesien het? Jy sal nog groter dinge sien.” 51 En Hy sê vir hom: “Amen, amen,<sup>w</sup> Ek sê vir julle: Julle sal die hemel oop sien en die engele van God wat opstyg en neerdaal\* op die •Seun van die Mens.”<sup>x</sup>

## 2

### Bruilof by Kana

<sup>1</sup> \*Op die derde dag was daar 'n bruilofsfees by Kana in Galilea, en Jesus se moeder was daar. <sup>2</sup> Ook Jesus en sy dissipels is na die bruilofsfees genooi. <sup>3</sup> Toe die wyn opraak, sê Jesus se moeder vir Hom: “Hulle het nie meer wyn nie.” <sup>4</sup> Maar Jesus sê vir haar: “Vrou, waarom pla u My? My uur het nog nie aangebreek nie.\*” <sup>5</sup> Sy moeder sê vir die dienaars: “Doen wat Hy ook al vir julle sê.”\* <sup>6</sup> Daar het, ooreenkomstig die reinigingsgebruike van die Jode,\* ses klipkanne gestaan wat elk tussen twee en drie *metretes*<sup>y</sup> kon hou. <sup>7</sup> Jesus sê toe vir hulle: “Maak die kanne vol water.” En hulle het dit tot bo toe volgemaak. <sup>8</sup> Daarop sê Hy vir hulle: “Skep nou daarvan uit en neem dit vir die hoofkelner.” Hulle het dit toe geneem. <sup>9</sup> Toe die hoofkelner die water proe wat wyn geword het

---

<sup>v</sup>**1:49 Koning van Israel:** Verwys na Sef 3:15 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Matt 27:42; Mark 15:32; Joh 12:13.

<sup>w</sup>**1:51 Amen, amen:** Die Hebreeuse woord •Amen word hier gebruik as 'n baie sterk bevestiging van sekerheid. Die herhaling daarvan is tipies van Johannes.

\***1:51 die engele ... neerdaal:** Gen 28:12

<sup>x</sup>**1:38-51 Wat wil julle ... Seun van die Mens:** In enkele vertalings word hierdie gedeelte as Joh 1:39-52 genommer.

\***2:1** Joh 4:46

\***2:4 My ... aangebreek nie:** Joh 7:30; 8:20

\***2:5 Doen ... sê:** Gen 41:55

\***2:6 ooreenkomstig ... Jode:** Mark 7:3-4; Joh 3:25

<sup>y</sup>**2:6 drie metretes:** 'n Inhoudsmaat vir vloeistof; Ongeveer 120 ℓ; •Inhoudsmate.

— hy het nie geweet waar dit vandaan kom nie, hoewel die dienaars wat die water uitgeskep het, geweet het — roep hy die bruidegom <sup>10</sup> en sê vir hom: “'n Mens sit eers die goeie wyn voor en eers wanneer hulle begin dronk word, dié van swakker gehalte; maar jy het die goeie wyn tot nou teruggehou.”

<sup>11</sup> Dit het Jesus by Kana in Galilea gedoen,\* die begin van sy tekens. Hy het sy heerlijkheid geopenbaar\* en sy dissipels het in Hom geglo.

<sup>12</sup>\*Hierna het Hy, sy moeder, sy broers en sy dissipels na Kapernaum afgegaan, maar nie baie lank daar gebly nie.

### Reiniging van die tempel terrein

(*Matt 21:12-13; Mark 11:15-17; Luk 19:45-46*)

<sup>13</sup> Die Pasga<sup>z</sup> van die Jode was op hande, en Jesus het opgegaan na Jerusalem. <sup>14</sup> Op die tempel terrein<sup>a</sup> het Hy verkopers van beeste, skape en duive aangetref, en ook die geldwisselaars wat daar sit. <sup>15</sup> Daarop het Hy 'n sweep van toue gemaak en almal van die tempel terrein weggejaag, ook die skape en die beeste, en die munte van die geldwisselaars het Hy uitgegooi en die tafels omgekeer. <sup>16</sup> Vir dié wat duive verkoop, het Hy gesê: “Vat hierdie goed hier weg! Hou op om die huis van my Vader\* 'n huis te maak waar handel gedryf word!” <sup>17</sup> Sy dissipels het onthou dat daar geskryf

---

\***2:11** Dit ... gedoen: Joh 4:54; 20:30

\***2:11** Hy het ... geopenbaar: Luk 9:32; Joh 1:14; 12:41

\***2:12** Matt 4:13

<sup>z</sup>**2:13 Pasga:** Die fees wanneer elke gesin in Israel 'n lam moes slag en dit moes eet saam met bitter kruie en ongesuurde brood. Hulle moes die fees vier op 14 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is, tydens die volmaannag in Maart-April; •Feeste.

<sup>a</sup>**2:14 tempel terrein:** Verwys na die hele terrein van die •tempel in Jerusalem met al die geboue, stoorkamers en voorhowe.

\***2:16 die huis ... Vader:** Luk 2:49

staan: “Die hartstog vir u huis sal My verteer.”<sup>b</sup> <sup>18</sup> Die Jode vra Hom toe: “Met watter teken kan jy vir ons bewys dat jy hierdie dinge mag doen?”<sup>19</sup> \* Jesus het hulle geantwoord: “Breek hierdie •tempel af en binne drie dae sal Ek dit opbou.”<sup>20</sup> Daarop het die Jode gesê: “Ses-en-veertig jaar gelede is aan hierdie tempel begin bou, en jy sal dit binne drie dae opbou?”<sup>21</sup> Maar Hy het van die tempel van sy liggaam\* gepraat.<sup>22</sup> \* Toe Hy later uit die dood opgewek is, het sy dissipels onthou dat Hy dit gesê het, en hulle het die Skrif en die woord wat Jesus gespreek het, geglo.

### Jesus se mensekennis

<sup>23</sup> Toe Jesus tydens die Pasga<sup>c</sup> in Jerusalem was, het talle die tekens gesien wat Hy doen en in sy Naam geglo.\*<sup>24</sup> Maar Jesus het Hom nie op hulle verlaat nie, omdat Hy alle mense ken.<sup>25</sup> Hy het nie nodig gehad dat iemand van die mens getuig nie; want Hy het self geweet wat daar in die mens is.

## 3

### Jesus se gesprek met Nikodemus

<sup>1</sup> Daar was 'n man uit die geleedere van die •Fariseërs met die naam Nikodemus, 'n leier van die Jode.<sup>2</sup> Hy het in die nag na Jesus gekom\* en vir Hom gesê: “Rabbi,<sup>d</sup> ons weet dat u 'n leermeester is wat van God gekom het,\* want niemand kan hierdie tekens verrig wat u verrig as God

---

<sup>b</sup>2:17 *Die hartstog ... verteer*: Aanhaling uit Ps 69:10 as heenwysing na Jesus Christus.

\* 2:19 Matt 26:61; 27:40; Mark 14:58; 15:29; Hand 6:14

\* 2:21 *die tempel ... liggaam*: 1 Kor 6:19

\* 2:22 Luk 24:6-8; Joh 12:16; 14:26

<sup>c</sup>2:23 *Pasga*: Vgl voetnoot in Joh 2:13.

\* 2:23 *het talle ... geglo*: Joh 7:31; 11:47-48

\* 3:1-2 *Daar ... Jesus gekom*: Joh 7:50; 19:39

<sup>d</sup>3:2 *Rabbi*: 'n Eerbiedige aanspreekvorm in Hebreeus en Aramees wat ‘my •Meester’ beteken.

\* 3:2 *Rabbi ... gekom het*: Matt 22:16

nie met hom is nie.\*”<sup>3</sup> Jesus het hom geantwoord: “Amen, amen,<sup>e</sup> Ek sê vir jou: As iemand nie van bo<sup>f</sup> gebore word nie, kan hy die •koninkryk van God nie sien nie.”<sup>4</sup> Nikodemus sê vir Hom: “Hoe kan 'n mens weer gebore word as hy reeds oud is? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die moederskoot ingaan en gebore word nie?”<sup>5</sup> Jesus antwoord: “Amen, amen, Ek sê vir jou: As iemand nie uit water én Gees gebore word nie,<sup>\*</sup> kan hy die koninkryk van God nie binnegaan nie.<sup>6</sup> Wat uit die vlees gebore is, is vlees, en wat uit die Gees gebore is, is gees.<sup>7</sup> Moenie daarvoor verbaas wees nie dat Ek vir jou gesê het, ‘Julle moet van bo gebore word’.<sup>8</sup> Die wind waai waar hy wil en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waarvandaan hy kom en waarheen hy gaan nie.\* So is elkeen wat uit die Gees gebore is.”<sup>9</sup> Hierop vra Nikodemus Hom: “Hoe kan hierdie dinge gebeur?”<sup>10</sup> En Jesus het hom geantwoord: “Jy is dié leermeester van Israel en jy begryp hierdie dinge nie?<sup>11</sup> Amen, amen, Ek sê vir jou: Ons praat oor wat ons weet, en ons getuig oor wat ons gesien het, en tog aanvaar julle ons getuienis nie!<sup>12\*</sup> As Ek julle van die aardse dinge vertel en julle glo nie, hoe sal julle dan glo as Ek julle van die hemelse vertel?<sup>13</sup> En niemand het na die hemel opgevaar nie behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het,<sup>\*</sup> dit is die •Seun van die Mens.<sup>14</sup> En net soos Moses

---

\* **3:2** want ... is nie: Joh 9:16; Hand 10:38

<sup>e</sup>**3:3** *Amen, amen*: Die Hebreeuse woord *Amen* word hier gebruik as 'n baie sterk bevestiging van sekerheid. Die herhaling daarvan is tipies van Johannes.

<sup>f</sup>**3:3** *van bo*: In die •bronteks word 'n dubbelsinnige woord gebruik wat sowel ‘van bo’ as ‘weer’ kan beteken, en in vs 4 verstaan Nikodemus dit as ‘weer’, met ander woorde 'n tweede aardse geboorte.

\* **3:5** *As ... word nie*: Tit 3:5

\* **3:8** *Die wind ... gaan nie*: Pred 11:4

\* **3:11** *Ons praat ... getuienis nie*: Joh 3:32; 8:26

\* **3:12** Wys 9:16; Luk 22:67

\* **3:13** *niemand ... neergedaal het*: Spr 30:4; Rom 10:6

die slang in die woestyn<sup>8</sup> verhoog het,\* so moet die Seun van die Mens verhoog word,\* <sup>15</sup> sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe sal hê.”

<sup>16</sup> Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy uniek verwekte Seun gegee het,\* sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.\* <sup>17</sup> God het immers nie sy Seun na die wêreld gestuur om die wêreld te veroordeel nie,\* maar sodat die wêreld deur Hom verlos kan word. <sup>18</sup> Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie,\* maar wie nie glo nie, staan reeds veroordeel omdat hy nie in die Naam van die uniek verwekte Seun van God geglo het nie. <sup>19</sup> En dit is die oordeel: Die lig het in die wêreld gekom,\* maar die mense het die duisternis liefgehad bo die lig, omdat hulle dade boos was. <sup>20</sup> Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, sodat sy dade nie aan die kaak gestel kan word nie. <sup>21</sup> Maar wie volgens die waarheid leef,\* kom na die lig, sodat sy dade bekend kan word, dat hulle in God gedoen is.

### Jesus en Johannes die Doper

<sup>22</sup> \*Hierna het Jesus en sy dissipels na die landstreek Judea gegaan en

---

<sup>8</sup>**3:14 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

\***3:14** Moses ... verhoog het: Num 21:9

\***3:14** moet die ... verhoog word: Joh 8:28; 12:34

\***3:15** Joh 20:31

\***3:16** Want ... gegee het: Rom 8:32; 1 Joh 4:9-10

\***3:16** sodat ... sal hê: Joh 3:36; 10:28; 1 Joh 5:13

\***3:17** Joh 12:47

\***3:17** God ... veroordeel nie: Joh 5:22,30; 8:15-16; Hand 17:31

\***3:18** Wie ... veroordeel nie: Joh 5:24

\***3:19** Die lig ... gekom: Joh 1:5,9; 8:12; 9:5

\***3:20** Ef 5:11-13

\***3:21** Maar ... leef: Tob 4:6 •Septuagint

\***3:22** Joh 3:26; 4:1-2

daar 'n rukkie saam met hulle vertoef, en mense gedoop. <sup>23</sup> Johannes was ook besig om te doop, by Enon naby Salim, omdat daar baie water was en mense gekom het om hulle te laat doop. <sup>24</sup> \* Johannes was immers nog nie in die tronk gegooi nie.

<sup>25</sup> Daar het toe 'n woordesryd tussen sommige van Johannes se dissipels en 'n Jood oor die seremoniële reiniging ontstaan. <sup>26</sup> Hulle kom toe na Johannes en sê vir hom: “Rabbi,<sup>h</sup> Hy wat oorkant die Jordaan by u was, die Een van wie u getuig het — kyk, Hy doop,<sup>\*</sup> en almal gaan na Hom toe.” <sup>27</sup> Johannes het geantwoord: “'n Mens kan niks ontvang as dit nie uit die hemel aan hom gegee is nie.<sup>\*</sup> <sup>28</sup> Julle kan self getuig dat ek gesê het dat ek nie die Christus<sup>i</sup> is nie,<sup>\*</sup> maar dat ek voor Hom uitgestuur is.<sup>j</sup> <sup>29</sup> Die een wat die bruid het, is die bruidegom, maar die vriend vir die bruidegom<sup>k</sup> wat daar staan en na hom luister, is baie bly oor die stem van die bruidegom.<sup>\*</sup> Daarom is hierdie blydschap van my volkome. <sup>30</sup> Hy moet meer word, en ek minder.

<sup>31</sup> “Die Een wat van bo af kom, is bo almal; hy wat uit die aarde is, is uit

---

\***3:24** Matt 4:12; 14:3; Mark 1:14; 6:17; Luk 3:20

<sup>h</sup>**3:26 Rabbi:** 'n Eerbiedige aanspreekvorm in Hebreeus en Aramees wat ‘my •Meester’ beteken.

\***3:26** *Hy wat ... doop:* Joh 3:22; 4:1-2

\***3:27** *'n Mens ... is nie:* Joh 19:11; 1 Kor 4:7; Heb 5:4

<sup>i</sup>**3:28 Christus:** Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

\***3:28** *dat ek ... Christus is nie:* Joh 1:20

<sup>j</sup>**3:28** *dat ek voor ... uitgestuur is:* Verwys na Mal 3:1 as heenwysing na Johannes die Doper as wegbereider; vgl Matt 11:10; Mark 1:2.

<sup>k</sup>**3:29 vriend ... bruidegom:** Die woord “vriend” dui in hierdie verband die persoon aan wat onder andere vooraf al die reëlins vir die huwelik tref; vgl Rig 14:20. In Israel en die Ou Nabye Ooste is die “vriend vir die bruidegom” ten strengste verbied om met die bruid te trou.

\***3:29** *maar die ... stem van die bruidegom:* Matt 9:15; Mark 2:19

die aarde en praat uit die aarde.\* Hy wat uit die hemel kom, is bo almal.  
<sup>32</sup> Wat Hy gesien en gehoor het, dit getuig Hy,\* maar niemand aanvaar sy getuienis nie. <sup>33</sup> Wie sy getuienis aanvaar het, het plegtig bevestig dat God waaragtig is. <sup>34</sup> Want Hy vir wie God gestuur het, spreek die woorde van God; God skenk immers die Gees nie in geringe mate nie. <sup>35</sup> Die Vader het die Seun lief\* en het alles in sy hand gegee.\* <sup>36</sup> Wie in die Seun glo, het die ewige lewe,\* maar wie aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie; intendeel, die toorn van God bly op hom.\*”

## 4

### Jesus en die Samaritaanse vrou

<sup>1</sup> Toe Jesus verneem dat die •Fariseërs gehoor het Hy werf en doop meer dissipels as Johannes — <sup>2</sup> hoewel Jesus self nie gedoop het nie, maar sy dissipels\* — <sup>3</sup> het Hy Judea verlaat en weer na Galilea vertrek. <sup>4</sup> \*Hy moes egter deur Samaria gaan.

<sup>5</sup> \*Hy kom toe by 'n dorp<sup>1</sup> in Samaria met die naam Sigar,<sup>m</sup> naby die stuk grond wat Jakob aan sy seun Josef gegee het. <sup>6</sup> Dit is waar die fontein

---

\***3:31** *hy wat uit ... praat uit die aarde:* 1 Joh 4:5

\***3:32** *Wat Hy ... getuig Hy:* Joh 8:26

\***3:35** *Die Vader ... lief:* Joh 5:20; 10:17; 15:9

\***3:35** *het alles ... gegee:* Matt 11:27; Luk 10:22; Joh 13:3

\***3:36** *Wie in ... ewige lewe:* Joh 3:16; 1 Joh 5:13

\***3:36** *maar wie ... op hom:* Ef 5:6

\***4:1-2** *die Fariseërs ... sy dissipels:* Joh 3:22,26

\***4:4** Matt 10:5; Luk 9:52; 17:11

\***4:5** Gen 33:19; 48:22; Jos 24:32

<sup>1</sup>**4:5 dorp:** Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

<sup>m</sup>**4:5 Sigar:** Sigar is waarskynlik die dorpie wat in die Ou Testament as Sigem bekend staan; vgl Gen 33:19; 48:22; Jos 24:32.

van Jakob was.\* Uitgeput van die reis, het Jesus net daar by die fontein gaan sit. Dit was ongeveer die sesde uur.<sup>n</sup>

<sup>7</sup> Daar kom toe 'n vrou uit Samaria om water te skep, en Jesus sê vir haar: “Gee vir My water om te drink.”<sup>8</sup> Sy dissipels was reeds weg dorp toe om kos te koop.<sup>9</sup> Die Samaritaanse vrou sê toe vir Hom: “Hoe is dit moontlik dat u wat 'n Jood is, vir my, 'n Samaritaanse vrou, water vra om te drink?” Jode meng immers nie met Samaritane nie.\*<sup>10</sup> Jesus het haar geantwoord: “As jy van die gawe van God geweet het, en wie dit is wat vir jou vra,\* ‘Gee vir My water om te drink,’ sou jy Hom gevra het, en Hy sou vir jou lewende water gegee het.\*”<sup>11</sup> Die vrou sê vir Hom: “Meneer, u het nie eers 'n skepding nie, en die put is diep. Waarvandaan kry u dan die lewende water?<sup>12</sup> U is tog nie belangriker as ons vader Jakob nie,\* hy wat die put aan ons gegee het, en self daaruit gedrink het en ook sy seuns en sy vee?”<sup>13</sup> Jesus het haar geantwoord: “Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry,<sup>14</sup> maar wie van die water drink wat Ek hom gee, sal tot in ewigheid nooit dors kry nie.\* Die water wat Ek hom gee, sal in hom 'n fontein van water word wat opborrel tot die ewige lewe.\*”<sup>15</sup> Die vrou sê vir Hom: “Meneer, gee vir my van daardie water, sodat ek nie dors word en hierheen hoef te kom om te skep nie.”

<sup>16</sup> Hy sê vir haar: “Gaan roep jou man en kom terug hierheen.”<sup>17</sup> Die vrou het Hom geantwoord: “Ek het nie 'n man nie.” Jesus sê vir haar: “Jy sê tereg, ‘n Man het ek nie,’<sup>18</sup> want jy het vyf mans gehad en die een wat

---

\* **4:6** Dit ... was: Joh 4:12

<sup>n</sup>**4:6** *sesde uur*: Volgens Westerse tydsbepaling 12:00; •Tydsindeling.

\* **4:9** Jode ... Samaritane nie: Esra 4:3; 9:1 — 10:44; Luk 9:52-53

\* **4:10** wie ... vra: Joh 4:26

\* **4:10** sou jy ... gegee het: Joh 7:37-38; Op 21:6; 22:17

\* **4:12** U ... Jakob nie: Joh 8:53

\* **4:14** maar ... kry nie: Joh 6:35

\* **4:14** Die water ... lewe: Joh 7:38



jy nou het, is nie jou man nie. Jy het die waarheid gepraat.”<sup>19</sup> Die vrou sê vir Hom: “Meneer, ek sien dat u 'n profeet is.”<sup>20</sup> Ons voorvaders het op hierdie berg<sup>o</sup> aanbid,<sup>\*</sup> maar julle sê, ‘Jerusalem is die plek waar aanbid moet word.’”<sup>21</sup> Jesus sê vir haar: “Vrou, glo My, daar kom 'n tyd dat julle die Vader nóg op hierdie berg, nóg in Jerusalem sal aanbid.<sup>22</sup> Julle aanbid dit wat julle nie verstaan nie; ons aanbid dit wat ons verstaan, want die verlossing kom uit die Jode.<sup>\*</sup><sup>23</sup> Daar kom egter 'n tyd, en dit is nou, dat die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid, want die Vader wil juis sulke aanbidders hê.<sup>24</sup> God is Gees,<sup>\*</sup> en wie Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.”<sup>25</sup> Die vrou sê vir Hom: “Ek weet die Messias<sup>p</sup> kom wat Christus<sup>q</sup> genoem word.<sup>\*</sup> Wanneer Hy kom, sal Hy alles aan ons bekend maak.”<sup>26</sup> Jesus sê vir haar: “Ek Is — die Een wat met jou praat.”<sup>\*</sup>

### Samaritane se geloof

<sup>27</sup> Juis op daardie oomblik het sy dissipels teruggekom, en hulle was

---

<sup>\*</sup> **4:19** *Meneer ... profeet is:* Matt 21:46; Joh 7:40; 9:17

<sup>o</sup> **4:20** *hierdie berg:* Verwys na die berg Gerisim, waarop daar 'n Samaritaanse tempel gestaan het.

<sup>\*</sup> **4:20** *Ons ... berg aanbid:* Deut 11:29; Jos 8:33

<sup>\*</sup> **4:20** *julle ... moet word:* Deut 12:5-14; Ps 122:1-5

<sup>\*</sup> **4:22** *die verlossing ... Jode:* Jes 2:3; Rom 9:3-4

<sup>\*</sup> **4:24** *God is Gees:* 2 Kor 3:17

<sup>\*</sup> **4:24** *wie ... waarheid aanbid:* Fil 3:3

<sup>p</sup> **4:25** *Messias:* Die Samaritane het nie 'n messiaanse koning uit die huis van Dawid verwag nie, maar 'n profeet soos Moses (Deut 18:15). Die verwagting van die Samaritane word hier in Joodse terme uitgedruk.

<sup>q</sup> **4:25** *Christus:* Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

<sup>\*</sup> **4:25** *Ek weet ... word:* Joh 1:41

<sup>\*</sup> **4:25** *Wanneer ... maak:* Joh 14:26

<sup>\*</sup> **4:26** *Ek is ... praat:* Mark 14:61-62; Joh 9:37

verbaas dat Hy met 'n vrou praat. Tog het niemand gevra: “Wat wil U van haar hê?” of “Waarom praat U met haar?” nie. <sup>28</sup> Die vrou het toe haar waterkruik daar gelos, na die dorp gegaan en vir die mense gesê: <sup>29</sup> “Kom kyk, hier is 'n man wat my alles vertel het wat ek gedoen het. Hierdie man is tog nie die Christus<sup>r</sup> nie, of hoe?” <sup>30</sup> Hulle het uit die dorp gegaan en was op pad na Hom toe. <sup>31</sup> Intussen het sy dissipels by Hom aangedring en gesê: “Rabbi,<sup>s</sup> eet iets.” <sup>32</sup> Maar Hy het vir hulle gesê: “Ek het voedsel om te eet waarvan julle nie weet nie.” <sup>33</sup> Die dissipels vra toe onder mekaar: “Iemand het tog nie vir Hom iets te ete gebring nie?” <sup>34</sup> En Jesus sê vir hulle: “My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het,<sup>\*</sup> en om sy werk te voltooi.<sup>\*</sup> <sup>35</sup> Sê julle dan nie, ‘Dit is nog vier maande, dan kom die oes,’ nie? Waarlik, Ek sê vir julle, kyk op en aanskou die lande; hulle staan reeds wit vir die oes.<sup>t\*</sup> <sup>36</sup> Hy wat oes, ontvang sy loon en samel die oes in vir die ewige lewe, sodat die een wat saai en die een wat oes, saam bly kan wees. <sup>37</sup> \*Want in hierdie opsig is die gesegde waar, ‘Die een saai, en die ander maai.’ <sup>38</sup> Ek het julle gestuur om 'n oes in te samel waarvoor julle nie geswoeg het nie. Ander het geswoeg en julle het voordeel getrek uit hulle harde arbeid.”

<sup>39</sup> Baie van die Samaritane uit daardie dorp het in Hom geglo op grond van die woord van die vrou wat getuig het: “Hy het my alles vertel wat ek gedoen het.” <sup>40</sup> Toe die Samaritane by Hom kom, het hulle by Hom

---

<sup>r</sup>4:29 *Christus*: Vgl voetnoot in 4:25.

<sup>\*</sup>4:29 *Hierdie ... hoe*: Matt 12:23; Joh 7:26

<sup>s</sup>4:31 *Rabbi*: 'n Eerbiedige aanspreekvorm in Hebreeus en Aramees wat ‘my •Meester’ beteken.

<sup>\*</sup>4:34 *My voedsel ... gestuur het*: Joh 5:30; 6:38

<sup>\*</sup>4:34 *om sy ... voltooi*: Joh 5:36; 17:4

<sup>t</sup>4:35 *wit ... oes*: Beteken ‘ryp om geoes te word’.

<sup>\*</sup>4:35 *kyk op ... vir die oes*: Matt 9:37; Luk 10:2

<sup>\*</sup>4:37 Miga 6:15

aangedring om by hulle te bly, en Hy het twee dae daar gebly. <sup>41</sup> Nog baie meer van hulle het op grond van sy woorde tot geloof gekom <sup>42</sup> en vir die vrou gesê: “Ons glo nie meer op grond van wat jy gesê het nie, want ons het Hom self gehoor en ons weet dat Hy waarlik die Verlosser van die wêreld is.\*”

## **Genesing van die amptenaar se seun**

*(Matt 8:5-13; Luk 7:1-10)*

<sup>43</sup> Ná die twee dae\* het Jesus daarvandaan na Galilea vertrek. <sup>44</sup> \*Hy het immers self getuig dat 'n profeet nie in sy eie vaderland eer ontvang nie. <sup>45</sup> Toe Hy in Galilea aankom, het die Galileërs Hom ontvang, omdat hulle alles gesien het wat Hy gedurende die feesviering in Jerusalem gedoen het.\* Hulle het immers self ook die fees bygewoon.

<sup>46</sup> Hy het toe weer vertrek na Kana in Galilea, waar Hy die water wyn gemaak het.\* In Kapernaum was daar 'n sekere koninklike amptenaar wie se seun siek was. <sup>47</sup> Toe hy hoor dat Jesus van Judea af na Galilea gekom het, het hy na Hom gegaan en gesmeek dat Hy moet afkom<sup>u</sup> en sy seun gesond maak, want hy het op sterwe gelê.\* <sup>48</sup> Jesus het toe vir hom gesê: “As julle nie tekens en wonders sien nie, sal julle nooit glo nie.”\* <sup>49</sup> Die koninklike amptenaar sê vir Hom: “Meneer, kom tog, voordat my kindjie sterf.” <sup>50</sup> Jesus sê vir hom: “Gaan, jou seun leef.”\* Die man het Jesus se

---

\* 4:42 *want ... wêreld is:* 1 Joh 4:14

\* 4:43 *Ná ... dae:* Joh 4:40

\* 4:44 *Matt 13:57; Mark 6:4; Luk 4:24*

\* 4:45 *omdat ... gedoen het:* Joh 2:23

\* 4:46 *Kana ... gemaak het:* Joh 2:1-11

<sup>u</sup>4:47 *afkom:* Kapernaum is laer geleë as Kana in Galilea.

\* 4:46-47 *In Kapernaum ... gelê:* Matt 8:5-6; Luk 7:1-3

\* 4:48 *As ... glo nie:* Dan 4:2,37; Mark 13:22; 1 Kor 1:22

\* 4:50 *Gaan ... leef:* Matt 8:13; Mark 7:29

woorde geglo en gegaan. <sup>51</sup> En terwyl hy nog op pad was, het sy dienaars hom tegemoet gekom en vertel dat sy kind leef. <sup>52</sup> Hy het toe by hulle navraag gedoen oor wanneer hy beter begin word het. Hulle sê toe vir hom: “Gister, teen die sewende uur,<sup>v</sup> het die koors hom verlaat.” <sup>53</sup> Die pa het toe besef dat dit op daardie uur was waarop Jesus vir hom gesê het: “Jou seun leef.” En hy en sy hele huishouding het tot geloof gekom.\* <sup>54</sup> Hierdie tweede teken het Jesus gedoen ná sy vertrek van Judea na Galilea.

## 5

### Genesing by die bad van Betsata

<sup>1</sup> Hierna was daar 'n Joodse fees en Jesus het na Jerusalem opgegaan. <sup>2</sup> By die Skaappoort in Jerusalem is daar 'n bad, in Hebreeus<sup>w</sup> Betsata<sup>x</sup> genoem, met vyf pilaargange. <sup>3</sup> In die pilaargange het 'n groot aantal siekes gelê: blindes, kreupeles, verlamdes.<sup>y</sup> <sup>5</sup> Daar was 'n man wat agt-en-dertig jaar aan sy siekte gely het. <sup>6</sup> Toe Jesus hom daar sien lê, bewus daarvan dat hy reeds lank siek is, vra Hy vir hom: “Wil jy gesond word?” <sup>7</sup> Die sieke het Hom geantwoord: “Meneer, ek het niemand om my in die bad te sit wanneer die water geroer word nie; en terwyl ek nog

---

<sup>v</sup>4:52 *sewende uur*: Volgens Westerse tydsbepaling 13:00; •Tydsindeling.

\* 4:53 *hy en sy ... gekom*: Hand 11:14; 16:14-15,31

\* 4:54 Joh 2:11

<sup>w</sup>5:2 *Hebreeus*: In die tyd van Jesus is dikwels na Aramees verwys as Hebreeus.

<sup>x</sup>5:2 *Betsata*: In ander mss word die naam van die bad ook aangedui as Betesda, Betsaida of Belseta.

<sup>y</sup>5:3 *verlamdes*: Sekere mss voeg hierna die volgende by: “Hulle het gewag vir die water om te beweeg, <sup>4</sup> want 'n engel van die Here het van tyd tot tyd na die bad afgedaal en die water geroer. Gevolglik is die een wat eerste in die bewegende water ingeklim het, van sy siekte genees.” Dit word aanvaar dat hierdie woorde nie deel van die oorspronklike teks is nie.

besig is om nader te gaan, gaan iemand anders voor my in.”<sup>8\*</sup> Jesus sê vir hom: “Staan op, tel jou slaapmat<sup>z</sup> op en loop.”<sup>9</sup> En dadelik het die man gesond geword, sy slaapmat opgetel en begin loop.\*

Daardie dag was egter 'n Sabbat.\*<sup>10</sup> Die Jode sê toe vir die man wat genees is: “Dit is die Sabbat; dit is nie vir jou toelaatbaar om jou slaapmat te dra nie.”\*<sup>11</sup> Maar hy antwoord hulle: “Die man wat my gesond gemaak het, het vir my gesê, ‘Tel jou slaapmat op en loop.’”<sup>12</sup> Hulle het hom gevra: “Wie is die man wat vir jou gesê het, ‘Tel jou slaapmat op en loop?’”<sup>13</sup> Die man wat gesond geword het, het egter nie geweet wie dit was nie, want Jesus het ongemerk weggeglip, aangesien daar op die plek 'n skare byeen was.\*<sup>14</sup> Hierna kry Jesus hom op die tempelterrein<sup>a</sup> en sê vir hom: “Kyk, jy is nou gesond; moenie langer sondig nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie.”<sup>15\*</sup> Die man het weggegaan en die Jode vertel dat dit Jesus was wat hom gesond gemaak het.<sup>16</sup> Hieroor wou die Jode Hom vervolg, omdat Hy dit op 'n Sabbat gedoen het.<sup>17</sup> Maar Jesus het hulle geantwoord: “My Vader is tot nou toe aan die werk, en Ek is ook aan die werk.”<sup>18</sup> Om hierdie rede het die Jode nog harder probeer om Hom dood te maak\* — omdat Hy nie net die Sabbatsgebod verbreek het nie, maar boonop God sy eie Vader genoem

---

\*5:8 Matt 9:6; Mark 2:11; Luk 5:24

<sup>z</sup>5:8 *slaapmat*: Verwys na 'n ligte matras met strooi gevul, slaapmat of draagbaar.

\*5:9 *sy slaapmat ... loop*: Mark 2:12; Luk 5:25

\*5:9 *Daardie ... Sabbat*: Luk 13:14; Joh 9:14

\*5:10 *Dit is ... dra nie*: Jer 17:21

\*5:13 *Jesus ... byeen was*: Matt 8:18; 13:36; Mark 4:36; 7:17; Joh 6:2-3,15

<sup>a</sup>5:14 *tempelterrein*: Verwys na die hele terrein van die tempel in Jerusalem met al die geboue, stoorkamers en voorhowe.

\*5:15 Joh 9:11

\*5:18 *het die ... maak*: Matt 14:5; 26:4; Mark 14:1; Joh 7:1,25; 8:37,40; 11:53

en Hom so aan God gelyk gestel het.\*

## Volmag van die Seun

<sup>19</sup> Hierop het Jesus vir hulle gesê: “Amen, amen,<sup>b</sup> Ek sê vir julle: Die Seun kan niks uit sy eie doen nie,\* behalwe wat Hy sien die Vader doen; want wat die Vader ook al doen, doen die Seun net so. <sup>20</sup> Die Vader het immers die Seun lief\* en wys Hom alles wat Hy self doen; en Hy sal Hom groter daad as dit wys, sodat julle verwonderd sal staan. <sup>21</sup> Want soos die Vader die dooies opwek en lewend maak,\* so maak die Seun ook lewend wie Hy wil.\* <sup>22</sup> Die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die volle oordeel aan die Seun oorgegee,\* <sup>23</sup> sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer.\* Wie nie die Seun eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie.\* <sup>24</sup> Amen, amen, Ek sê vir julle: Wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe\* en vir hom is daar geen veroordeling nie, maar hy het uit die dood na die lewe oorgegaan.\* <sup>25</sup> \*Amen, amen, Ek sê vir julle: Daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die dooies die stem van die •Seun van God sal hoor, en dié wat hoor, sal

---

\*5:18 *Hom so ... gestel het:* Joh 10:30,33

<sup>b</sup>5:19 **Amen, amen:** Die Hebreeuse woord •Amen word hier gebruik as 'n baie sterk bevestiging van sekerheid. Die herhaling daarvan is tipies van Johannes.

\*5:19 *Die Seun ... doen nie:* Joh 5:30; 8:28

\*5:20 *Die Vader ... lief:* Joh 3:35; 10:17; 15:9; 17:23-24

\*5:21 *die Vader ... lewend maak:* Rom 4:17; Ef 2:4-5

\*5:21 *maak die Seun ... Hy wil:* Joh 11:25

\*5:22 *het die ... oorgegee:* Joh 3:17; 5:27; 9:39; 12:47; Hand 10:42; 17:31; *Henog* 69:27 •Pseudepigrawe

\*5:23 *sodat ... Vader eer:* Fil 2:10-11

\*5:23 *Wie nie ... het nie:* Luk 10:16

\*5:24 *Wie my ... ewige lewe:* Joh 3:15-16; 8:51; 12:44

\*5:24 *vir hom is ... oorgegaan:* Joh 3:18; 1 Joh 3:14

\*5:25 *Mark 5:41; Luk 7:14; 8:54; Joh 5:28; 11:43*

lewe. <sup>26</sup> Want soos die Vader lewe in Homself het, so het Hy dit ook aan die Seun gegee om lewe in Homself te hê.\* <sup>27</sup> Hy het aan Hom ook volmag gegee om te oordeel, omdat Hy die •Seun van die Mens is. <sup>28</sup> Moet julle nie hieroor verwonder nie, want daar kom 'n tyd wanneer almal in die grafte sy stem sal hoor <sup>29</sup>\* en sal uitkom,\* dié wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, maar dié wat verkeerd gedoen het, tot die opstanding van veroordeling.

<sup>30</sup> “Uit Myself kan Ek niks doen nie.\* Ek oordeel volgens wat Ek hoor, en my oordeel is •regverdig, omdat Ek nie my wil nastreef nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.”\*

### Getuienis oor Jesus

<sup>31</sup>\* “As Ek oor Myself getuig, is my getuienis nie waar nie. <sup>32</sup> Daar is 'n ander Een wat oor My getuig,\* en Ek weet dat die getuienis waar is wat Hy oor My aflê.\* <sup>33</sup>\* Julle het gesante na Johannes gestuur, en hy het vir die waarheid getuig. <sup>34</sup> Ek aanvaar egter nie die getuienis wat van 'n mens afkomstig is nie,\* maar Ek sê hierdie dinge sodat julle verlos kan word. <sup>35</sup> Hy was die lamp wat brand en lig gee, en julle was gretig om julle vir 'n tydjie in sy lig te verbly. <sup>36</sup> Maar Ek het 'n getuienis gewigtiger as dié van Johannes:\* Die werke wat die Vader My gegee het om te

---

\* 5:26 *aan die ... te hê:* Joh 1:4

\* 5:29 Dan 12:2; Hand 24:15

\* 5:28-29 *daar kom ... uitkom:* Joh 5:25; 11:23

\* 5:30 *Uit ... doen nie:* Joh 5:19

\* 5:30 *Ek nie ... gestuur het:* Luk 22:42; Joh 4:34; 6:38

\* 5:31 Joh 8:13-14

\* 5:32 *Daar ... getuig:* Joh 1:15,34; 3:26; 5:36-37,39; 8:18; 10:25; 15:26; 1 Joh 5:6-9

\* 5:32 *die getuienis ... aflê:* Joh 19:35; 21:24

\* 5:33 Joh 1:19-27

\* 5:34 *Ek aanvaar ... is nie:* 1 Joh 5:9

\* 5:36 *Maar Ek ... Johannes:* 1 Joh 5:9

voltooi, ja, die werke wat Ek doen, getuig self van My\* dat die Vader My gestuur het.<sup>37</sup> En die Vader wat My gestuur het, Hy het van My getuig.\* Julle het nog nooit sy stem gehoor of sy gestalte gesien nie.<sup>38</sup> En julle het sy woord nie blywend in julle nie,\* omdat julle Hom wat Hy gestuur het, nie glo nie.\*<sup>39</sup> Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle dink dat die ewige lewe daarin te vinde is. En dit is juis hulle wat oor My getuig.<sup>40</sup> Maar julle wil nie na My kom sodat julle die lewe kan hê nie.

<sup>41</sup> \**“Ek aanvaar nie verering deur mense nie,*<sup>42</sup> *maar Ek ken julle — julle het nie die liefde van God in julle nie.\**<sup>43</sup> *Ek het in die Naam van my Vader gekom, maar julle aanvaar My nie. As iemand anders in sy eie naam kom, sal julle hom aanvaar.*<sup>44</sup> *Hoe kan julle glo terwyl julle van mekaar eer wil ontvang, maar nie die eer soek wat van die enigste God kom nie?\**<sup>45</sup> *Moenie dink dat Ek julle by die Vader sal aankla nie; dit is Moses, die een op wie julle julle hoop gevestig het, wat julle aankla.\**<sup>46</sup> *c* *As julle Moses geglo het, sou julle My geglo het; hy het tog oor My geskryf.*<sup>47</sup> *\*Maar as julle sy geskifte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo?”*

---

\***5:36** *Die werke wat ... van My:* Joh 10:25,38; 14:11

\***5:37** *En die ... getuig:* Matt 3:17; Mark 1:11; Luk 3:22; Joh 5:32; 8:18; 1 Joh 5:9

\***5:38** *julle het ... julle nie:* 1 Joh 2:14

\***5:38** *julle Hom ... glo nie:* Joh 6:29

\***5:39** Luk 24:27,44; Hand 13:27; 1 Pet 1:10-11

\***5:41** Joh 12:43

\***5:42** *julle het ... julle nie:* 1 Joh 3:17

\***5:44** *terwyl julle ... kom nie:* Joh 12:43

\***5:45** *dit is ... julle aankla:* Deut 31:26-27

**5:46** Dit verwys na onder andere Deut 18:15 as heenwysing na Homself; vgl Luk 24:27; Hand 3:22; 7:37.

\***5:47** Luk 16:29-31



# 6

## Vermeerdering van brood

(Matt 14:13-21; Mark 6:30-44; Luk 9:10-17)

<sup>1</sup> Hierna het Jesus na die oorkant van die See van Galilea,<sup>d</sup> oftewel Tiberias, vertrek. <sup>2</sup> 'n Groot skare het agter Hom aangekom,\* omdat hulle die tekens gesien het wat Hy vir die siekes verrig het.\* <sup>3</sup> \*Jesus het toe teen die berg opgegaan en daar met sy dissipels gaan sit. <sup>4</sup> \*Dit was kort voor die Joodse fees van die Pasga.<sup>e</sup>

<sup>5</sup> Toe Jesus opkyk en sien dat daar 'n groot skare na Hom op pad is, sê Hy vir Filippus: “Waar sal ons brood te koop kry om hierdie mense te laat eet?” <sup>6</sup> Hy het dit egter net gesê om hom te toets — self het Hy immers reeds geweet wat Hy wou doen. <sup>7</sup> Filippus het Hom geantwoord: “Tweehonderd denarius<sup>f</sup> se brood is nie genoeg om vir elkeen 'n stukkie te laat kry nie.”

<sup>8</sup> Een van sy dissipels, Andreas, die broer van Simon •Petrus,\* sê vir Hom: <sup>9</sup> “Hier is 'n seun wat vyf garsbrode en twee visse\* het, maar wat is

---

<sup>d</sup>**6:1 See van Galilea:** 'n Binnelandse meer, ook bekend as die •Meer van Gennesaret of •See van Tiberias.

\***6:2 'n Groot ... aangekom:** Matt 4:25; 8:1; 12:15; 19:2; 20:29; Mark 5:24; Luk 9:11

\***6:2 hulle ... verrig het:** Joh 2:23; 6:14

\***6:3** Matt 5:1; 24:3; Mark 3:13; Luk 22:39

\***6:4** Luk 22:1; Joh 2:13; 11:55

<sup>e</sup>**6:4 Pasga:** Die fees wanneer elke gesin in Israel 'n lam moes slag en dit moes eet saam met bitter kruie en ongesuurde brood. Hulle moes die fees vier op 14 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is, tydens die volmaannag in Maart-April; •Feeste.

<sup>f</sup>**6:7 200 denarius:** Ongeveer die dagloon vir 200 dae se arbeid; •Geldeenhede.

\***6:8 Andreas ... Petrus:** Matt 4:18; 10:2; Mark 1:16; Luk 6:14; Joh 1:40

\***6:9 garsbrode ... visse:** Joh 21:9,13

dit vir so baie mense?”<sup>10</sup> Jesus het gesê: “Laat die mense sit.”<sup>8</sup> Daar was baie gras op die plek. Toe het die mans gaan sit, hulle was ongeveer vyfduisend in getal.<sup>11</sup> Toe het Jesus die brode geneem, en nadat Hy die seëngebed uitgespreek het, het Hy dit laat uitdeel aan dié wat daar gesit het, en ook van die visse laat uitdeel, soveel as hulle wou hê.<sup>12</sup> En toe almal versadig was, sê Hy vir sy dissipels: “Maak die brokstukke wat oorgebly het bymekaar, sodat niks vermors word nie.”<sup>13</sup> Hulle het dit toe bymekaargemaak en twaalf mandjies volgemaak met die brokstukke wat van die vyf garsbrode oorgebly het nadat hulle klaar geëet het.

<sup>14</sup> Toe die mense die teken sien wat Jesus gedoen het, het hulle gesê: “Hy is waarlik die Profeet wat na die wêreld sou kom.”<sup>h</sup> <sup>15</sup> Toe Jesus besef dat hulle op die punt staan om Hom met geweld te kom gryp met die doel om Hom koning te maak,<sup>\*</sup> het Hy weer teen die berg opgegaan, net Hy alleen.\*

### **Jesus loop op die water**

*(Matt 14:22-27; Mark 6:45-52)*

<sup>16</sup> Toe dit aand geword het, het sy dissipels na die see afgegaan,<sup>17</sup> en nadat hulle in die boot geklim het, het hulle na Kapernaum aan die oorkant van die see<sup>i</sup> gevaar. Dit was reeds donker, maar Jesus het nog steeds nie by hulle uitgekóm nie.<sup>18</sup> En die see het onstuimig geword, omdat 'n sterk wind gewaai het.<sup>19</sup> Toe hulle sowat vyf-en-twintig tot

---

<sup>8</sup>**6:10 sit:** Letterlik ‘vir ete aanlê’.

<sup>h</sup>**6:14 die Profeet ... sou kom:** Verwys na Deut 18:15,18 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Hand 3:22; 7:37.

<sup>\*</sup>**6:15 op die ... te maak:** Joh 18:36

<sup>\*</sup>**6:15 het Hy ... alleen:** Matt 14:23; 15:29; Mark 6:46; Luk 6:12

<sup>i</sup>**6:17 see:** 'n Binnelandse meer, ook bekend as die •Meer van Gennesaret of •See van Tiberias.

dertig *stadion*<sup>j</sup> ver geroei het, sien hulle Jesus op die see loop en tot naby die boot kom, en hulle het bang geword. <sup>20</sup> Maar Hy sê vir hulle: “Dit is Ek; moenie langer bang wees nie.”\* <sup>21</sup> Toe wou hulle Hom in die boot saamneem, maar skielik was die boot aan land by die plek waarheen hulle besig was om te vaar.

### Jesus die brood van die lewe

<sup>22</sup> Die volgende dag het die skare wat oorkant die see<sup>k</sup> bly staan het, agtergekom dat daar, behalwe dié een, geen ander skuit was nie en dat Jesus nie saam met sy dissipels in die boot gegaan het nie, maar dat sy dissipels alleen weggevaar het. <sup>23</sup> Daar het egter vanaf Tiberias bote aangekom naby die plek waar hulle die brood geëet het nadat die Here die seëngebed uitgespreek het.\* <sup>24</sup> Toe die skare sien dat Jesus nie daar is nie, en ook nie sy dissipels nie, het hulle self in die skuite geklim en na Kapernaum gevaar op soek na Jesus. <sup>25</sup> Toe hulle Hom aan die oorkant van die see aantref, het hulle vir Hom gevra: “Rabbi,<sup>l</sup> wanneer het u hier aangekom?” <sup>26</sup> Jesus het hulle geantwoord: “Amen, amen,<sup>m</sup> Ek sê vir julle: Julle soek My, nie omdat julle tekens gesien het nie, maar omdat julle van die brode geëet en versadig geword het.\* <sup>27</sup> Julle moet nie werk vir die voedsel wat vergaan nie, maar vir die voedsel wat hou tot in die

---

<sup>j</sup>6:19 25 - 30 *stadion*: Ongeveer 5 km; •Lengtemate.

\*6:20 *Dit ... wees nie*: Matt 14:27

<sup>k</sup>6:22 *see*: Vgl voetnoot in 6:17.

\*6:23 *naby ... uitgespreek het*: Joh 6:11

<sup>l</sup>6:25 *Rabbi*: 'n Eerbiedige aanspreekvorm in Hebreeus en Aramees wat ‘my •Meester’ beteken.

<sup>m</sup>6:26 *Amen, amen*: Die Hebreeuse woord •Amen word hier gebruik as 'n baie sterk bevestiging van sekerheid. Die herhaling daarvan is tipies van Johannes.

\*6:26 *julle van ... geword het*: Joh 6:11-12

ewige lewe.\* Dit sal die •Seun van die Mens vir julle gee, want op Hom het God die Vader sy seël geplaas.”<sup>28</sup> Hulle het Hom gevra: “Wat moet ons doen sodat ons die werke kan verrig wat God wil hê?”<sup>29</sup> En Jesus het hulle geantwoord: “Dit is die werk van God: Dat julle glo in die Een wat Hy gestuur het.”<sup>30</sup> Hulle sê toe vir Hom: “Watter teken sal u doen\* sodat ons kan sien en u glo? Wat gaan u doen?”<sup>31</sup> Ons vaders het die manna in die woestyn<sup>n</sup> geëet,\* soos daar geskryf staan, ‘Hy het aan hulle brood uit die hemel gegee om te eet.’”<sup>32</sup> Jesus sê toe vir hulle: “Amen, amen, Ek sê vir julle: Dit is nie Moses wat vir julle die brood uit die hemel gegee het nie; nee, my Vader gee vir julle die ware brood uit die hemel.<sup>33</sup> Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal\* en aan die wêreld lewe gee.”

<sup>34</sup> \*Hulle sê toe vir Hom: “Here, gee ons altyd hierdie brood.\*”<sup>35</sup> Jesus het vir hulle gesê: “Ek is die brood van die lewe.\* Wie na My toe kom, sal nooit honger word nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors word nie.\*<sup>36</sup> Maar Ek het vir julle gesê, ‘Julle het My gesien, en tog glo julle nie.’”<sup>37</sup> Elkeen wat die Vader vir My gee,\* sal na My kom, en Ek sal die een wat

---

\* **6:27** die voedsel wat hou ... lewe: Joh 4:14; 6:50-51,54,58

\* **6:30** Hulle ... sal u doen: Joh 2:18

<sup>n</sup>**6:31 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

\* **6:31** Ons ... geëet: Eks 16:15; Num 11:7-9; Neh 9:15; Joh 6:49,59

\* **6:31** Hy het ... te eet: Ps 78:24; 105:40

\* **6:33** Want ... neerdaal: Joh 6:41,51

\* **6:34** Joh 4:15

\* **6:34** gee ... brood: Matt 6:11; Luk 11:3

\* **6:35** Ek is ... lewe: Joh 6:48,51,58

\* **6:35** wie in My ... word nie: Joh 4:14

\* **6:36** Julle het ... julle nie: Joh 6:11

\* **6:37** Elkeen ... gee: Joh 17:2,7,24

na My kom, nooit verstoot nie;\* <sup>38</sup> want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil uit te voer nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.\* <sup>39</sup> En dít is die wil van Hom wat My gestuur het: Dat Ek van almal wat Hy My gegee het, nie 'n enkele een verlore sal laat gaan nie,\* maar hulle op die laaste dag sal opwek. <sup>40</sup> Want dít is die wil van my Vader: Dat elkeen wat die Seun sien en in Hom glo die ewige lewe sal hê, en Ek sal elkeen van hulle op die laaste dag laat opstaan.\*”

<sup>41</sup> Toe het die Jode oor Hom gemor omdat Hy gesê het: “Ek is die brood wat uit die hemel neergedaal het.”\* <sup>42</sup> En hulle het gesê: “Is hy nie Jesus, die seun van Josef,\* wie se pa en ma ons ken nie? Hoe kan hy nou sê, ‘Ek het uit die hemel neergedaal?’ ” <sup>43</sup> Jesus het hulle geantwoord: “Hou op om onder mekaar te mor. <sup>44</sup> Niemand kan na My kom as die Vader, wat My gestuur het, hom nie na My toe trek nie,\* en Ek sal hom op die laaste dag laat opstaan.\* <sup>45</sup> In die Profete staan daar geskryf, ‘En hulle sal almal deur God onderrig wees.’\* Elkeen wat na die Vader geluister en van Hom geleer het, kom na My toe. <sup>46</sup> \*Nie dat iemand die Vader gesien het nie; net die Een wat van God af kom, Hý het die Vader gesien. <sup>47</sup> Amen, amen, Ek sê vir julle: Hy wat glo, het die ewige lewe.\* <sup>48</sup> \*Ek is die brood van die

---

\*6:37 Ek sal ... verstoot nie: Matt 11:28

\*6:38 nie om ... gestuur het: Matt 26:39; Mark 14:36; Luk 22:42; Joh 4:34; 5:30

\*6:39 Dat Ek ... gaan nie: Joh 10:28-29; 17:12; 18:9

\*6:40 Ek ... opstaan: Joh 6:44,54; 11:24

\*6:41 Ek ... neergedaal het: Joh 6:33,35,51,58

\*6:42 Is hy ... Josef: Matt 13:55; Mark 6:3; Luk 4:22

\*6:44 Niemand ... trek nie: Joh 6:65

\*6:44 en Ek ... opstaan: Joh 6:39-40,54; 11:24

\*6:45 En hulle ... wees: Jes 54:13; 1 Thess 4:9

\*6:46 Joh 1:18

\*6:47 Hy wat ... lewe: Joh 3:15-16,36

\*6:48 Joh 6:35,41,51,58

lewe. <sup>49</sup>\* Julle vaders het in die woestyn die manna geëet en nogtans gesterf. <sup>50</sup> Maar die brood wat uit die hemel neerdaal, sodat iemand daarvan kan eet en nie sterf nie, is dít: <sup>51</sup> Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy vir ewig leef.\* En die brood wat Ek sal gee, is my liggaam wat Ek gee vir die lewe van die wêreld.”

<sup>52</sup> Die Jode het toe onder mekaar gestry en gesê: “Hoe kan hy sy liggaam vir ons gee om te eet?” <sup>53</sup> Daarop sê Jesus vir hulle: “Amen, amen, Ek sê vir julle: As julle nie die liggaam van die Seun van die Mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julle nie. <sup>54</sup> Wie my liggaam eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag laat opstaan.\* <sup>55</sup> Want my liggaam is ware voedsel, en my bloed is ware drank. <sup>56</sup> Wie my liggaam eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom.\* <sup>57</sup> Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader leef, so sal die een wat My eet, ook deur My leef. <sup>58</sup> Dít is die brood wat uit die hemel neergedaal het; nie soos die manna wat die vaders geëet het en nogtans gesterf het nie. Wie hierdie brood eet, sal vir ewig leef.”

<sup>59</sup> Dit het Hy in 'n •sinagoge gesê terwyl Hy in Kapernaum onderrig gegee het.

### Twyfel onder Jesus se dissipels

<sup>60</sup> Baie van sy dissipels het, toe hulle dit hoor, gesê: “Hierdie woord is erg; wie kan daarna luister?” <sup>61</sup> Maar Jesus, innerlik bewus daarvan dat sy dissipels hieroor mor, het vir hulle gesê: “Gee dit julle aanstoot? <sup>62</sup>\* Wat dan as julle die •Seun van die Mens sou sien opvaar na waar Hy

---

\*6:49 Joh 6:31,58

\*6:50-51 *Maar die brood ... ewig leef:* Joh 6:33,58

\*6:54 *en Ek ... opstaan:* Joh 6:39-40,44; 11:24

\*6:56 *bly in ... in hom:* Joh 15:5; 1 Joh 3:24

\*6:62 Hand 1:9-11

voorheen was? <sup>63</sup> Dit is die Gees wat lewend maak;\* die vlees is van geen nut nie. Die woorde wat Ek tot julle gespreek het, is Gees en is lewe.

<sup>64</sup> Maar daar is sommige van julle wat nie glo nie.” Jesus het immers van die begin af geweet wie dit is wat nie glo nie, en wie Hom sou verrai.\*

<sup>65</sup> \*Verder het Hy gesê: “Daarom het Ek vir julle gesê: Niemand kan na My toe kom as dit nie deur die Vader aan hom gegee is nie.”

<sup>66</sup> Hieroor het baie van sy dissipels teruggedraai en nie meer saam met Hom rondgegaan nie. <sup>67</sup> Daarop het Jesus vir die twaalf gesê: “Julle wil tog seker nie ook weggaan nie?” <sup>68</sup> Simon •Petrus het Hom geantwoord: “Here, na wie toe sal ons gaan? U het woorde van die ewige lewe.\* <sup>69</sup> En ons glo en weet dat U die •Heilige van God is.\*” <sup>70</sup> Jesus het hulle geantwoord: “Het Ek nie julle twaalf uitgekies nie? En tog is een van julle die Duiwel!” <sup>71</sup> \*Hy het Judas, die seun van Simon Iskariot, bedoel, want hy sou Hom uitlewer, hy wat een van die twaalf was.

## 7

### Ongeloof van Jesus se broers

<sup>1</sup> Hierna het Jesus in Galilea rondgegaan. Hy wou nie in Judea rondgaan nie, omdat die Jode Hom wou doodmaak.\* <sup>2</sup> \*En die Huttefees<sup>o</sup>

---

\*6:63 Dit ... maak: 2 Kor 3:6

\*6:64 Jesus ... verrai: Joh 13:11

\*6:65 Joh 6:44

\*6:68 U het ... lewe: Joh 6:63

\*6:69 U die ... God is: Mark 1:24; Luk 4:34

\*6:71 Joh 12:4

\*7:1 die Jode ... doodmaak: Joh 5:18; 7:19,25; 8:37,40

\*7:2 Lev 23:43

<sup>o</sup>7:2 **Huttefees:** Ook genoem die “Fees van die insameling”, 'n sewedaagse oesfees wat in die sewende maand op 15-22 •Tisri (of •Etanim,) gevier is. Verskillende seremonies het later deel van die fees geword. Een hiervan was die uitgiet van water uit die *Siloam* fontein op die altaar; •Feeste.

van die Jode was op hande. <sup>3</sup> Sy broers het toe vir Hom gesê: “Vertrek hiervandaan en gaan na Judea, sodat jou dissipels ook die dae wat jy verrig, kan sien. <sup>4</sup> Want niemand doen iets in die geheim en wil dan tog in die openbaar bekend wees nie. Indien jy hierdie dinge wil doen, maak dan jouself aan die wêreld bekend.” <sup>5</sup> Trouens, selfs sy broers het nie in Hom geglo nie. <sup>6</sup> Jesus sê toe vir hulle: “My bestemde tyd is nog nie hier nie, \* maar julle tyd is altyd op hande. <sup>7</sup> Die wêreld kan julle nie haat nie, \* maar hy haat My, omdat Ek van hom getuig dat sy dae boos is. \* <sup>8</sup> Gaan julle op na die fees. Ek gaan nie op na hierdie fees nie, omdat my tyd nog nie aangebreek het nie.” <sup>9</sup> Nadat Hy dit gesê het, het Hy in Galilea gebly.

### Jesus se onderrig by die Huttefees

<sup>10</sup> Maar nadat sy broers na die fees opgegaan het, het Hy toe ook opgegaan — nie openlik nie, maar in die geheim. <sup>11</sup> \*Die Jode het toe op die fees na Hom gesoek en gesê: “Waar is daardie man?” <sup>12</sup> En daar was 'n groot geredekawel oor Hom onder die skare. Sommige het gesê: “Hy is 'n goeie mens.” Ander het weer gesê: “Nee, maar hy mislei die skare.” <sup>13</sup> Tog het niemand openlik oor Hom gepraat nie, uit vrees vir die Jode.\* <sup>14</sup> Toe die fees reeds halfpad verby was, het Jesus na die tempelterrein<sup>p</sup> opgegaan en begin onderrig gee. <sup>15</sup> \*Die Jode was verwonderd en het gesê: “Hoe ken hy die Skrifte sonder dat hy dit bestudeer het?” <sup>16</sup> \*Jesus

---

\*7:6 My bestemde ... hier nie: Joh 2:4; 7:30; 8:20

\*7:7 Die wêreld ... haat nie: Joh 15:18

\*7:7 sy dae ... is: Joh 3:19

\*7:11 Joh 11:56

\*7:13 uit ... Jode: Joh 9:22; 19:38; 20:19

<sup>p</sup>7:14 **tempelterrein:** Verwys na die hele terrein van die •tempel in Jerusalem met al die geboue, stoorkamers en voorhowe.

\*7:15 Matt 13:54; Luk 2:47

\*7:16 Joh 12:49; 14:10



antwoord hulle toe: “Wat Ek leer, is nie my eie nie, maar kom van Hom wat My gestuur het. <sup>17</sup> As iemand bereid is om sy wil te doen, sal hy, wat hierdie leer betref, weet of dit van God is en of Ek uit my eie praat. <sup>18</sup> Hy wat uit sy eie praat, soek sy eie eer,\* maar Hy wat die eer soek van die Een wat Hom gestuur het — Hy is geloofwaardig en daar is geen onreg in Hom nie. <sup>19</sup> Het Moses nie vir julle die wet gegee nie?\* En nie een van julle voer die wet uit nie.\* Waarom probeer julle My dan doodmaak?\*” <sup>20</sup> Die skare het geantwoord: “Jy het 'n demoon!\* Wie probeer jou doodmaak?” <sup>21</sup> \*Jesus het hulle geantwoord: “Een daad het Ek gedoen en julle is almal verbaas. <sup>22</sup> Omdat Moses vir julle die besnydenis gegee het\* — nie dat dit van Moses kom nie, maar van die vaders — besny julle iemand ook op die Sabbat. <sup>23</sup> As iemand op die Sabbat die besnydenis ontvang sodat die •wet van Moses nie verbreek word nie, is julle dan vir My kwaad omdat Ek op die Sabbat 'n mens in sy geheel gesond gemaak het?\* <sup>24</sup> Moenie op die oog af oordeel nie,\* maar oordeel regverdig.\*”

### Wie Jesus is

<sup>25</sup> Daarop het sommige van Jerusalem se inwoners gesê: “Is hy nie die een wat hulle wil doodmaak nie?\*” <sup>26</sup> Kyk nou, hy praat openlik, en hulle sê niks teen hom nie. Die volksleiers het tog nie regtig ingesien dat hy die

---

\*7:18 Hy wat ... eie eer: Joh 8:50

\*7:19 Het ... gegee nie: Joh 1:17

\*7:19 En nie ... uit nie: Hand 7:53; Rom 2:21-24

\*7:19 Waarom ... doodmaak: Joh 5:18; 7:1,25; 8:37,40

\*7:20 Jy ... demoon: Joh 8:48,52; 10:20

\*7:21 Joh 5:16

\*7:22 Omdat ... gegee het: Gen 17:10-13; Lev 12:3

\*7:23 is julle ... gemaak het: Joh 5:8-9,16

\*7:24 Moenie ... oordeel nie: Jes 11:3; Joh 8:15

\*7:24 oordeel regverdig: Lev 19:15; Jes 11:4

\*7:25 Is hy ... doodmaak nie: Joh 5:18; 7:1,19; 8:37,40

Christus<sup>q</sup> is nie? <sup>27</sup> \*Hierdie man — ons weet tog waar hy vandaan kom; maar wanneer die Christus kom, weet niemand waarvandaan Hy is nie.”  
<sup>28</sup> Jesus het toe, terwyl Hy op die tempelsterrein<sup>r</sup> onderrig gee, uitgeroep en gesê: “Julle ken My, en julle weet ook waar Ek vandaan kom. Tog het Ek nie uit my eie gekom nie, maar Hy wat My gestuur het, vir wie julle nie ken nie, is geloofwaardig. <sup>29</sup> Ek ken Hom,\* omdat Ek van Hom af kom en Hy My gestuur het.” <sup>30</sup> \*Hulle wou Hom arresteer; tog het niemand 'n hand op Hom gelê nie,\* omdat sy uur nog nie aangebreek het nie.\*  
<sup>31</sup> Maar baie uit die skare het in Hom begin glo\* en gesê: “Wanneer die Christus kom, sal Hy tog seker nie meer tekens doen as wat hierdie man gedoen het nie?”

### Opdrag aan die tempelwag

<sup>32</sup> Die •Fariseërs het gehoor dat die skare hierdie dinge onderlangs oor Hom fluister, en hulle en die leierpriesters het die tempelwag gestuur om Hom te arresteer. <sup>33</sup> Daarop het Jesus gesê: “Nog net 'n kort tydjie is Ek by julle,\* en dan gaan Ek na Hom wat My gestuur het. <sup>34</sup> \*Julle sal My soek en My nie vind nie, en waar Ek is, kan julle nie kom nie.\*” <sup>35</sup> Toe het

---

<sup>q</sup>**7:26 Christus:** Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

\***7:27** Joh 9:29

<sup>r</sup>**7:28 tempelsterrein:** Verwys na die hele terrein van die •tempel in Jerusalem met al die geboue, stoorkamers en voorhowe.

\***7:28-29** Hy wat My ... ken Hom: Joh 8:55; 17:25

\***7:30** Joh 8:20

\***7:30** Hulle ... gelê nie: Joh 7:44

\***7:30** sy uur ... het nie: Joh 2:4; 7:6

\***7:31** baie uit ... glo: Joh 2:23; 8:30; 10:42; 11:45; 12:11,42

\***7:33** Nog ... julle: Joh 13:33; 16:5

\***7:34** Joh 8:21; 13:33

\***7:34** waar ... kom nie: Joh 13:36; 17:24

die Jode onder mekaar gesê: “Waarheen is hy van plan om te gaan dat ons hom nie sal vind nie? Hy is tog nie van plan om na die Diaspora<sup>s</sup> onder die Grieke te gaan en die Grieke te leer nie? <sup>36</sup> Wat beteken hierdie uitspraak wat hy gemaak het, ‘Julle sal My soek en My nie vind nie; en waar Ek is, kan julle nie kom nie?’ ”

### Belofte van lewende water

<sup>37</sup> En op die laaste dag, die groot dag van die fees, <sup>t</sup> het Jesus gaan staan en uitgeroep: “As iemand dors het, laat hy na My kom, en drink!” <sup>38</sup> Hy wat in My glo, soos wat die Skrif sê, ‘Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.’ ” <sup>39</sup> \*Dit het Hy van die Gees gesê, wat dié wat in Hom glo, sou ontvang. Die Gees was immers nog nie daar nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie.

### Meningsverskil oor Jesus

<sup>40</sup> Sommige uit die skare wat hierdie woorde gehoor het, het toe gesê: “Hy is waarlik die Profeet.” <sup>u</sup> <sup>41</sup> Ander het gesê: “Hy is die Christus.” <sup>v</sup> \* Nog ander het gesê: “Die Christus kom tog nie uit Galilea nie?” <sup>42</sup> Het die Skrif nie gesê die Christus is uit die nageslag van Dawid<sup>w</sup> en kom uit

---

<sup>s</sup>**7:35 Diaspora:** Beteken ‘verstrooiing’. Dit is die term waarmee Jode verwys het na hulle volksgenote wat oor baie lande buite Palestina “verstrooi” was.

<sup>\*</sup>**7:37 En op ... fees:** Lev 23:36

<sup>t</sup>**7:37 fees:** Die Huttefees; vgl voetnoot in Joh 7:2.

<sup>\*</sup>**7:37 As ... drink:** Jes 55:1; Joh 4:10,14; Op 21:6

<sup>\*</sup>**7:38 Strome ... vloei:** Spr 18:4; Jes 58:11; Eseg 47:1-12

<sup>\*</sup>**7:39 Joh 16:7; 20:22; Hand 2:4**

<sup>u</sup>**7:40 Hy ... Profeet:** Verwys na Deut 18:15 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Joh 6:14; Hand 3:22; 7:37.

<sup>v</sup>**7:41 Christus:** Vgl voetnoot in 7:26.

<sup>\*</sup>**7:41 Hy ... Christus:** Joh 4:29; 7:26; Hand 9:22

<sup>\*</sup>**7:41 Die Christus ... Galilea nie:** Joh 7:52

<sup>w</sup>**7:42 uit die ... Dawid:** Verwys na 2 Sam 7:12; Ps 89:4-5 as heenwysings na Jesus Christus.

Betlehem,<sup>x</sup> die tuisdorp van Dawid nie?”<sup>43</sup> \*Daar het toe oor Hom verdeeldheid onder die skare gekom.<sup>44</sup> \*En sommige van hulle wou Hom arresteer, maar niemand het 'n hand op Hom gelê nie.

### Ongeloof van die Joodse leiers

<sup>45</sup> Toe het die tempelwag teruggegaan na die leierpriesters en •Fariseërs, en dié het vir hulle gevra: “Waarom het julle hom nie gebring nie?”<sup>46</sup> Die tempelwag het geantwoord: “Nog nooit het 'n mens só gepraat nie.”

<sup>47</sup> Die Fariseërs sê toe vir hulle: “Julle is tog nie ook mislei nie?”<sup>48</sup> \*Nie een van die leierpriesters of van die Fariseërs het tog in hom geglo nie?

<sup>49</sup> Maar hierdie spul wat die wet nie ken nie, vervloek is hulle!”

<sup>50</sup> \*Nikodemus, die een wat voorheen na Hom gekom het, en een uit hulle geleedere, sê toe vir hulle:<sup>51</sup> \* “Ons wet oordeel tog nie 'n persoon tensy hy eers aangehoor is en daar verneem is wat hy doen nie?”<sup>52</sup> Hulle het hom geantwoord: “Jy is tog nie ook uit Galilea nie? Gaan dit maar na, jy sal sien: Geen profet is afkomstig uit Galilea nie!”\*

### Die owerspelige vrou

<sup>53</sup> <sup>y</sup>Elkeen het na sy eie huis teruggekeer,

---

<sup>x</sup>**7:42 uit Betlehem:** Verwys na Miga 5:1 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Matt 2:5-6.

<sup>\*</sup>**7:43** Joh 9:16; 10:19

<sup>\*</sup>**7:44** Joh 7:30

<sup>\*</sup>**7:48** Joh 12:42

<sup>\*</sup>**7:50** Joh 3:1-2; 19:39

<sup>\*</sup>**7:51** Deut 1:16

<sup>\*</sup>**7:52** *Geen ... Galilea nie:* Joh 1:46; 7:41

<sup>y</sup>**7:53 — 8:11 Die owerspelige vrou:** Volgens teksgetuïenis was hierdie gedeelte nie aanvanklik deel van die •bronteks nie. Dit bevat egter so 'n outentieke getuïenis oor Jesus dat dit mettertyd in baie mss opgeneem is en sodoende deel van *Die Evangelie volgens Johannes* geword het.

## 8

<sup>1</sup> \* maar Jesus het na die Olyfberg gegaan. <sup>2</sup> Vroeg die oggend het Hy weer by die tempelsterrein<sup>z</sup> aangekom. Die hele volk het na Hom gekom, en Hy het gaan sit en hulle geleer.\* <sup>3</sup> Die skrifkenners en die •Fariseërs bring toe 'n vrou wat op owerspel betrap is en laat haar in die middel staan. <sup>4</sup> Hulle sê toe vir Hom: “Meester,<sup>a</sup> hierdie vrou is op heterdaad betrap terwyl sy egbreuk pleeg. <sup>5</sup> In die •wet het Moses ons beveel om sulke vroue te stenig.\* Maar u, wat sê u?” <sup>6</sup> Dit het hulle gesê om Hom te toets, sodat hulle iets kon hê waarvan hulle Hom kon aankla. Maar Jesus het afgebuk en met sy vinger op die grond geskryf. <sup>7</sup> Toe hulle egter volhou met hulle vrae aan Hom, het Hy regop gekom en vir hulle gesê: “Laat die een wat sonder sonde is, eerste 'n klip na haar gooi.”\* <sup>8</sup> Hy het weer afgebuk en op die grond geskryf. <sup>9</sup> Dié wat dit gehoor het, het een vir een, van die oudste af, weggegaan;\* net Hy het oorgebly en die vrou daar in die middel. <sup>10</sup> Jesus het toe regop gekom en vir haar gevra: “Vrou, waar is hulle? Het niemand jou veroordeel nie?” <sup>11</sup> Sy antwoord: “Niemand nie, meneer<sup>b</sup>.” Jesus sê toe: “Ek veroordeel jou ook nie. Gaan, en moet van nou af nie meer sondig nie.\*”

---

\*8:1 Luk 21:37

<sup>z</sup>8:2 *tempelsterrein*: Verwys na die hele terrein van die •tempel in Jerusalem met al die geboue, stoorkamers en voorhowe.

\*8:2 Hy het ... geleer: Matt 26:55

<sup>a</sup>8:4 *Meester*: Die Griekse woord *didaskale* verwys na die Joodse rabbi, dit is 'n leermeester. “Meester” is die aanspreekvorm vir “Leermeester” in Afrikaans.

\*8:5 In die ... stenig: Lev 20:10; Deut 22:22

\*8:7 Laat ... gooi: Deut 17:7

\*8:9 Dié wat ... weggegaan: Matt 22:22

<sup>b</sup>8:11 *meneer*: Kan ook vertaal word “Here”. Hier lyk dit of die vrou nog nie besef dat Jesus die Here is nie.

\*8:11 moet ... sondig nie: Joh 5:14

## Jesus die lig vir die wêreld

<sup>12</sup> Toe het Jesus weer met hulle gepraat en gesê: “Ek is die lig vir die wêreld.<sup>c</sup> Wie My volg, sal beslis nie in die duisternis leef nie, maar sal die lig van die lewe hê.” <sup>13</sup> Die •Fariseërs het toe vir Hom gesê: “U getuig van uself; u getuienis is nie geloofwaardig nie.”<sup>\*</sup> <sup>14</sup> Jesus het hulle geantwoord: “Selfs as Ek ook van Myself getuig, is my getuienis geloofwaardig, omdat Ek weet waar Ek vandaan gekom het en waarheen Ek gaan.<sup>\*</sup> Maar julle weet nie waar Ek vandaan kom<sup>\*</sup> of waarheen Ek gaan nie. <sup>15</sup> Julle oordeel volgens die vlees.<sup>\*</sup> Ek oordeel niemand nie.<sup>\*</sup> <sup>16</sup> En al oordeel Ek, is my oordeel geloofwaardig,<sup>\*</sup> omdat dit nie Ek alleen is nie, maar Ek en die Vader wat My gestuur het.<sup>\*</sup> <sup>17</sup> \*En ook in julle Wet staan daar geskryf dat die getuienis van twee mense geloofwaardig is. <sup>18</sup> Ek is die Een wat van Myself getuig, en die Vader wat My gestuur het, getuig van My.” <sup>19</sup> Hulle vra Hom toe: “Waar is u vader?” Jesus antwoord: “Julle ken My nie en ook nie my Vader nie.<sup>\*</sup> As julle My geken het, sou julle ook my Vader geken het.”<sup>\*</sup> <sup>20</sup> Hierdie woorde het Hy gesê

---

<sup>c</sup>**8:12 Ek is ... wêreld:** Verwys na Jes 49:6 as heenwysing na Homself; vgl Joh 1:4-5,9; 9:5; 12:46.

<sup>\*</sup>**8:13 U getuig ... geloofwaardig nie:** Joh 5:31

<sup>\*</sup>**8:14 Ek weet ... gaan:** Joh 13:3; 16:28

<sup>\*</sup>**8:14 Maar julle ... vandaan kom:** Joh 7:28; 9:29

<sup>\*</sup>**8:15 Julle ... vlees:** 1 Sam 16:7; Joh 7:24

<sup>\*</sup>**8:15 Ek ... niemand nie:** Joh 12:47

<sup>\*</sup>**8:16 is my ... geloofwaardig:** Joh 5:30

<sup>\*</sup>**8:16 dit nie Ek ... gestuur het:** Joh 5:37; 8:29

<sup>\*</sup>**8:17 Deut 17:6; 19:15**

<sup>\*</sup>**8:18 die Vader ... van My:** 1 Joh 5:9

<sup>\*</sup>**8:19 Julle ken ... Vader nie:** Joh 16:3

<sup>\*</sup>**8:19 As julle ... Vader geken het:** Joh 14:7

by die offergawekis terwyl Hy op die tempelsterrein<sup>d</sup> onderrig het. Niemand het Hom egter gevange geneem nie, omdat sy uur nog nie aangebreek het nie.\*

### Jesus nie van hierdie wêreld nie

<sup>21</sup> \*Jesus het toe weer vir hulle gesê: “Ek gaan weg, en julle sal My soek, en in julle sonde sterf. Waarheen Ek gaan, kan julle nie kom nie.” <sup>22</sup> \*Die Jode het toe gesê: “Hy gaan homself tog nie doodmaak nie — omdat hy sê, ‘Waarheen Ek gaan, kan julle nie kom nie?’ ” <sup>23</sup> \*Hy het vir hulle gesê: “Julle is van hier benede; Ek is van daarbo. Julle is van hierdie wêreld; Ek is nie van hierdie wêreld nie. <sup>24</sup> Daarom het Ek vir julle gesê dat julle in julle sondes sal sterf, want as julle nie glo dat Ek Is nie,\* sal julle in julle sondes sterf.” <sup>25</sup> Hulle het toe vir Hom gevra: “Wie is u?” Jesus het hulle geantwoord: “Wat het Ek van die begin af vir julle gesê?<sup>e</sup> <sup>26</sup> Ek het baie dinge om van julle te sê waaroor Ek julle kan oordeel; nogtans, Hy wat My gestuur het, is geloofwaardig,\* en wat Ek by Hom gehoor het, dit sê Ek vir die wêreld.” <sup>27</sup> Hulle het nie begryp dat Hy met hulle oor die Vader gepraat het nie. <sup>28</sup> Toe sê Jesus vir hulle: “Wanneer julle die •Seun van die Mens verhoog het,\* dan sal julle begryp dat Ek Is, en dat Ek niks uit my eie doen nie, maar hierdie dinge sê net soos die Vader My geleer

---

<sup>d</sup>8:20 *tempelsterrein*: Vgl voetnoot 8:2.

\*8:20 *Niemand ... het nie*: Joh 7:30

\*8:21 Joh 7:34,36; 13:33

\*8:22 Joh 7:35

\*8:23 Joh 3:31; 17:14

\*8:24 *want as ... ‘Ek Is’ nie*: Eks 3:14; Joh 13:19

<sup>e</sup>8:25 *Wat ... gesê*: Kan ook vertaal word “Wat Ek van die begin af vir julle gesê het.”

\*8:26 *Hy wat ... geloofwaardig*: Joh 7:28

\*8:26 *en wat ... wêreld*: Joh 12:49

\*8:28 *Wanneer ... verhoog het*: Joh 3:14; 12:32

het.\* <sup>29</sup> En Hy wat My gestuur het, is met My. Hy het My nie alleen gelaat nie,\* omdat Ek altyd doen wat vir Hom aanneemlik is.” <sup>30</sup> Terwyl Hy hierdie dinge sê, het baie in Hom begin glo.\*

### God nie hulle Vader nie

<sup>31</sup> Toe het Jesus vir die Jode wat Hom geglo het, gesê: “As julle in my woord bly,\* is julle waarlik my dissipels, <sup>32</sup> en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak.” <sup>33</sup> Hulle het Hom geantwoord: “Ons is die nageslag van Abraham\* en was nog nooit iemand se slawe nie;\* hoe kan u sê, ‘Julle sal vry word?’ ” <sup>34</sup> Jesus het hulle geantwoord: “Amen, amen,<sup>f</sup> Ek sê vir julle: Elkeen wat sonde doen, is 'n slaaf van die sonde.\* <sup>35</sup> En die slaaf bly nie vir altyd in die huis nie,\* maar die seun bly vir altyd. <sup>36</sup> As die •Seun julle dan vrygemaak het, sal julle werklik vry wees. <sup>37</sup> Ek weet dat julle die nageslag van Abraham is, maar julle probeer My doodmaak\* omdat julle geen ruimte vir my woord in julle laat nie. <sup>38</sup> Ek praat oor wat Ek by my Vader gesien het, maar julle tree op volgens dit wat julle by julle vader gehoor het.”

<sup>39</sup> Hulle het Hom geantwoord: “Ons vader is Abraham.”\* Jesus sê vir hulle: “As julle werklik kinders van Abraham was, sou julle die dade van

---

\* **8:28** dat Ek niks ... geleer het: Joh 5:19

\* **8:29** Hy wat ... gelaat nie: Joh 8:16; 16:32

\* **8:30** het baie ... glo: Joh 2:23; 7:31; 10:42; 11:45; 12:11,42

\* **8:31** As ... bly: Joh 15:7

\* **8:33** Ons ... Abraham: Matt 3:9; Luk 3:8; Joh 8:39,56

\* **8:33** was nog ... slawe nie: Neh 9:36

<sup>f</sup>**8:34** Amen, amen: Die Hebreeuse woord •Amen word hier gebruik as 'n baie sterk bevestiging van sekerheid. Die herhaling daarvan is tipies van Johannes.

\* **8:34** Elkeen ... die sonde: Rom 6:16,20; 2 Pet 2:19

\* **8:35** En die ... huis nie: Eks 21:2; Deut 15:12

\* **8:37** julle probeer ... doodmaak: Joh 5:18; 7:19,25

\* **8:39** Ons ... Abraham: Matt 3:9; Joh 8:33



Abraham gedoen het. <sup>40</sup> Maar nou probeer julle My doodmaak — vir My, wat die waarheid wat Ek by God gehoor het aan julle verkondig. Dit het Abraham nie gedoen nie. <sup>41</sup> Julle doen die daede van julle vader.” Hulle het toe vir Hom gesê: “Ons is nie uit hoerery gebore nie. Ons het een Vader, naamlik God.\*” <sup>42</sup> Jesus het vir hulle gesê: “As God julle Vader was, sou julle My liefgehad het,\* want Ek het van God af uitgegaan\* en nou is Ek hier. Ek het ook nie uit my eie gekom nie, maar Hy het My gestuur.\*” <sup>43</sup> Waarom begryp julle nie wat Ek sê nie? Omdat julle my woorde nie werklik kan hoor nie. <sup>44</sup> Julle kom van julle vader, die Duiwel, en julle wil die begeertes van julle vader uitvoer.\* Hy was van die begin af 'n mensemoordenaar en hy staan nie by die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy 'n leuen vertel, vertel hy dit uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar en die vader daarvan is.\* <sup>45</sup> Maar omdat Ek die waarheid praat, glo julle My nie. <sup>46</sup> Wie van julle kan sonde by My uitwys?\* As Ek die waarheid praat, waarom glo julle My nie? <sup>47</sup> Hy wat uit God is, luister na die woorde van God.\* Dit is waarom julle nie luister nie, omdat julle nie uit God is nie.”

### Abraham en Jesus

<sup>48</sup> Die Jode het Hom geantwoord: “Het ons nie met reg gesê dat jy 'n Samaritaan is\* en 'n demoon het nie?\*” <sup>49</sup> Daarop sê Jesus: “Ek het nie 'n

---

\*8:41 *Ons het ... God:* Deut 32:6; Jes 63:16; 64:8

\*8:42 *As ... liefgehad het:* 1 Joh 5:1

\*8:42 *want Ek ... uitgegaan:* Joh 13:3; 16:28; 17:8

\*8:42 *Ek het ook ... gestuur:* Joh 7:28; 17:8

\*8:44 *Julle kom ... vader uitvoer:* 1 Joh 3:8

\*8:44 *Wanneer hy ... daarvan is:* Gen 3:4

\*8:46 *Wie ... uitwys:* 2 Kor 5:21; 1 Pet 2:22; 1 Joh 3:5

\*8:47 *Hy wat ... van God:* Joh 18:37; 1 Joh 4:6

\*8:48 *Het ons ... Samaritaan is:* Joh 4:9

\*8:48 *'n demoon het nie:* Mark 3:21-22; Joh 7:20

demoon nie, maar Ek eer my Vader, en julle doen My oneer aan.<sup>50</sup> Ek is nie op soek na eie verheerliking nie;\* daar is Een wat dit wel vereis, en Hy beslis daaroor.<sup>51</sup> \*Amen, amen,<sup>8</sup> Ek sê vir julle: As iemand my woord bewaar, sal hy die dood tot in ewigheid nie sien nie.”<sup>52</sup> Die Jode het toe vir Hom gesê: “Nou weet ons vir seker dat jy 'n demon het. Abraham het gesterf en ook die profete, en tog sê jy, ‘As iemand my woord bewaar, sal hy die dood tot in ewigheid nie smaak nie.’”<sup>53</sup> Jy is tog nie belangriker as ons voorvader Abraham\* wat gesterf het nie? En die profete het gesterf. Vir wie gee jy jou uit?”<sup>54</sup> Jesus het geantwoord: “As Ek Myself verheerlik, is my heerlikheid niks werd nie. Dit is my Vader wat My verheerlik, Hy van wie julle sê, ‘Hy is ons God.’”<sup>55</sup> Julle ken Hom nie, maar Ek ken Hom.\* En as Ek sê Ek ken Hom nie, sal Ek net soos julle 'n leuenaar wees. Maar Ek ken Hom, en Ek bewaar sy woord.<sup>56</sup> Abraham, julle vader, het daarvoor gejubel dat hy die dag van my koms sou sien, en hy het dit gesien en was bly.”<sup>57</sup> Die Jode sê toe vir Hom: “Jy is nog nie vyftig jaar oud nie, en jy het Abraham gesien?”<sup>58</sup> Jesus het hulle geantwoord: “Amen, amen, Ek sê vir julle, Ek is al van voordat Abraham gebore is.”<sup>59</sup> Hulle het toe klippe opgetel om Hom te stenig,\* maar Jesus het hulle ontduik en die tempel terrein<sup>h</sup> verlaat.

---

\*8:50 Ek ... verheerliking nie: Joh 5:41

\*8:51 Joh 5:24

8:51 Amen, amen: Vgl voetnoot in 8:34.

\*8:52 sal hy ... smaak nie: Mark 9:1

\*8:53 Jy is ... Abraham: Joh 4:12

\*8:55 Julle ... ken Hom: Matt 11:27; Luk 10:22; Joh 7:28-29

\*8:58 ‘Ek is’ ... gebore is: Joh 1:1

\*8:59 Hulle het ... stenig: Joh 10:31; 11:8

<sup>h</sup>8:59 tempel terrein: Vgl voetnoot in 8:2.

## Genesing van 'n blindgebore man

<sup>1</sup> En in die verbygaan het Jesus 'n man gesien wat van sy geboorte af blind was. <sup>2</sup> Sy dissipels vra Hom toe: “Rabbi,<sup>i</sup> wie het gesondig, hierdie man of sy ouers, dat hy blind gebore is?” <sup>3</sup> Jesus het geantwoord: “Nóg hy, nóg sy ouers het gesondig; maar dit het gebeur sodat die daed van God in hom geopenbaar kan word.\* <sup>4</sup> Ons moet die daed doen van Hom wat My gestuur het terwyl dit nog dag is;\* die nag kom wanneer niemand kan werk nie. <sup>5</sup> So lank as wat Ek in die wêreld is, is Ek die lig vir die wêreld.” <sup>6</sup> Nadat Hy dit gesê het, het Hy op die grond gespoeg en modder van die speeksel gemaak, die modder aan sy oë gesmeer <sup>7</sup> en vir hom gesê: “Gaan was jou in die bad van *Siloam*”<sup>\*</sup> — wat, as dit vertaal word, ‘gestuurde’ beteken. Hy het toe gegaan en hom gewas, en toe hy terugkom, kon hy sien. <sup>8</sup> Die bure en die mense wat hom voorheen gesien het toe hy 'n bedelaar was, sê toe: “Is dit tog nie hy wat gesit en bedel het nie?” <sup>9</sup> Ander het gesê: “Dit is hy!” Nog ander het gesê: “Nee, dit lyk maar net soos hy.” Maar hy het gesê: “Dit is ek!” <sup>10</sup> Hulle vra hom toe: “Hoe is jou oë dan oopgemaak?” <sup>11</sup> Hy antwoord: “Die man wat Jesus genoem word, het modder gemaak en dit aan my oë gesmeer en vir my gesê, ‘Gaan na *Siloam* en was jou.’ Ek het toe gegaan en my gewas, en ek het begin sien.” <sup>12</sup> Hulle het hom gevra: “Waar is hy nou?” Hy sê toe:

---

<sup>i</sup>**9:2 Rabbi:** 'n Eerbiedige aanspreekvorm in Hebreeus en Aramees wat ‘my •Meester’ beteken.

\* **9:2** wie ... gebore is: Eks 20:5; Eseg 18:20; Luk 13:2,4

\* **9:3** sodat ... kan word: Joh 11:4

\* **9:4** Ons ... dag is: Joh 5:17

\* **9:6** Mark 8:23

\* **9:7** Gaan ... *Siloam*: 2 Kon 5:10

\* **9:8** Hand 3:10

“Ek weet nie.”

### Reaksie van die Fariseërs

<sup>13</sup> Hulle neem toe die man wat voorheen blind was na die •Fariseërs.

<sup>14</sup> \*Die dag waarop Jesus die modder gemaak en sy oë oopgemaak het, was 'n Sabbat. <sup>15</sup> Die Fariseërs het hom toe weer gevra hoe hy begin sien het.

Hy het hulle geantwoord: “Hy het modder op my oë gesit en ek het my gewas, en nou sien ek.” <sup>16</sup> Sommige van die Fariseërs sê toe: “Hierdie man kom nie van God nie, \* want hy hou nie die Sabbat nie.”\* Ander het egter gesê: “Hoe kan 'n sondige mens sulke tekens doen?”\* En hulle was verdeeld.\* <sup>17</sup> Hulle sê toe weer vir die blinde man: “Wat sê jý van hom, aangesien hy jou oë oopgemaak het?” En hy antwoord: “Hy is 'n profeet.”\*

<sup>18</sup> Die Jode het egter nie geglo dat hy blind was en begin sien het nie — totdat hulle die man wat begin sien het, se ouers geroep het <sup>19</sup> en vir hulle gevra het: “Is hierdie man julle seun van wie julle sê dat hy blind gebore is? Hoe sien hy dan nou?” <sup>20</sup> Sy ouers antwoord toe: “Ons weet dat hy ons seun is en dat hy blind gebore is. <sup>21</sup> Maar hoe hy nou sien, weet ons nie. En wie sy oë oopgemaak het, weet ons nie. Vra hom — hy is oud genoeg; hy sal vir homself praat.” <sup>22</sup> Dit het sy ouers gesê omdat hulle bang was vir die Jode.\* Die Jode het naamlik reeds ooreengekom dat as iemand Hom openlik as die Christus<sup>j</sup> sou bely, hy uit die •sinagoge

---

\* **9:14** Luk 13:14; Joh 5:9

\* **9:16** Hierdie ... God nie: Joh 3:2; 9:33

\* **9:16** hy hou ... Sabbat nie: Joh 5:16,18

\* **9:16** Hoe ... doen: Joh 9:31

\* **9:16** hulle was verdeeld: Joh 7:43; 10:19

\* **9:17** Hy ... profeet: Matt 21:46; Joh 4:19; 7:40

\* **9:22** hulle vir ... Jode: Joh 7:13; 19:38; 20:19

<sup>j</sup>**9:22 Christus:** Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

geban sou word.\* <sup>23</sup> Daarom het sy ouers gesê: “Hy is oud genoeg — vra hom.”

<sup>24</sup> Hulle het toe die man wat blind was 'n tweede keer laat roep en vir hom gesê: “Gee aan God die eer;\* ons weet dat hierdie man 'n sondaar is.” <sup>25</sup> Hy het toe geantwoord: “Of hy 'n sondaar is, weet ek nie. Een ding weet ek, dat ek blind was, en nou sien ek.” <sup>26</sup> Hulle het toe vir hom gesê: “Wat het hy met jou gedoen? Hoe het hy jou oë oopgemaak?” <sup>27</sup> Hy antwoord hulle: “Ek het reeds vir julle gesê, maar julle het nie geluister nie. Wat wil julle weer hoor? Julle wil tog nie ook sy dissipels word nie?” <sup>28</sup> Hulle het hom toe uitgeskel en gesê: “Jy is 'n dissipel van daardie man, maar ons is dissipels van Moses. <sup>29</sup> Ons weet dat God met Moses gepraat het, maar hierdie man — ons weet nie waar hy vandaan kom nie.\*” <sup>30</sup> Die man het hulle geantwoord: “Wel, dit is verbasend! Julle weet nie waarvandaan hy kom nie, en tog het hy my oë oopgemaak. <sup>31</sup> Ons weet dat God sondaars nie verhoor nie,\* maar as iemand godvresend is en sy wil doen, verhoor Hy hom.\* <sup>32</sup> Van die begin van die wêreld af het niemand nog ooit daarvan gehoor dat iemand die oë van 'n blindgebore persoon oopgemaak het nie. <sup>33</sup> \*As hierdie man nie van God was nie, sou hy niks kon doen nie.” <sup>34</sup> Hulle het hom geantwoord: “Jy is heeltemal in sonde gebore,\* en probeer jy ons leer?” En hulle het hom uitgeban.

### **Geestelike blindheid**

<sup>35</sup> Jesus het gehoor dat hulle hom uitgeban het, en toe Hy hom

---

\*9:22 *hy ... sou word:* Joh 12:42

\*9:24 *Gee ... eer:* Jos 7:19; Op 1:13

\*9:29 *maar hierdie ... kom nie:* Joh 7:27-28; 8:14

\*9:31 *Ons ... verhoor nie:* Ps 66:18; Jes 1:15

\*9:31 *as ... Hy hom:* Ps 34:16; Spr 15:29

\*9:33 Joh 3:2

\*9:34 *Jy ... gebore:* Ps 51:7; Joh 9:2

raakloop, het Hy gevra: “Glo jy in die •Seun van die Mens?”<sup>36</sup> Hy het geantwoord: “Wie is Hy, Meneer, sodat ek in Hom kan glo?”<sup>37</sup> \*Jesus het vir hom gesê: “Jy kyk na Hom. Hy wat met jou praat, dit is Hy.”<sup>38</sup> Toe sê hy: “Ek glo, Here!” En hy het Hom aanbid.<sup>39</sup> En Jesus het gesê: “Ter wille van 'n beslissing het Ek na hierdie wêreld gekom,<sup>\*</sup> sodat dié wat nie sien nie, kan sien, en dié wat sien, blind kan word.”

<sup>40</sup> \*Van die •Fariseërs wat by Hom was, het dit gehoor en vir Hom gesê: “Ons is tog nie ook blindes nie?”<sup>41</sup> Jesus het vir hulle gesê: “As julle blind was, sou julle geen sonde hê nie,<sup>\*</sup> maar nou sê julle, ‘Ons sien.’ Daarom bly julle in julle sonde.”

## 10

### Gelykenis van die skape en die kraal

<sup>1</sup> “Amen, amen,<sup>k</sup> Ek sê vir julle: Wie nie by die hek van die kraal ingaan nie, maar van 'n ander kant af inklim — daardie man is 'n dief en 'n rower. <sup>2</sup> Maar hy wat by die hek ingaan, is 'n herder van die skape; <sup>3</sup> vir hom maak die hekwagter oop, en die skape luister na sy stem. Hy roep sy eie skape op hulle naam en lei hulle uit. <sup>4</sup> Wanneer hy al sy eie skape uitgelei het, gaan hy voor hulle uit, en hulle volg hom,<sup>\*</sup> omdat hulle sy stem ken. <sup>5</sup> Hulle sal 'n vreemde nooit volg nie, maar van hom wegvlug, omdat hulle die stem van vreemdes nie ken nie.” <sup>6</sup> \*Hierdie gelykenis het

---

\***9:37** Joh 4:26

\***9:39** *Ter wille ... gekom:* Joh 3:17; 5:22,27,30; 8:15-16; 12:47

\***9:40** Matt 15:14; 23:26

\***9:41** *sou ... hê nie:* Joh 15:22

<sup>k</sup>**10:1** **Amen, amen:** Die Hebreeuse woord •*Amen* word hier gebruik as 'n baie sterk bevestiging van sekerheid. Die herhaling daarvan is tipies van Johannes.

\***10:4** *hulle volg hom:* Joh 10:27

\***10:6** Joh 16:25

Jesus aan hulle vertel, maar hulle het nie begryp wat Hy vir hulle sê nie.

### Jesus die Goeie Herder

<sup>7</sup> Jesus het toe weer gesê: “Amen, amen,<sup>1</sup> Ek sê vir julle: Ek is die deur vir die skape. <sup>8</sup>\* Almal wat voor My gekom het, is diewe en rowers; die skape het egter nie na hulle geluister nie. <sup>9</sup>\* Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind. <sup>10</sup>'n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle lewe kan hê, en dit in oorfloed. <sup>11</sup> Ek is die goeie herder.<sup>m</sup> Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.\* <sup>12</sup> Die huurarbeider, wat nie 'n herder is nie, en aan wie die skape nie behoort nie, sien die wolf kom, los die skape en vlug — en die wolf vang en verjaag hulle —\* <sup>13</sup> omdat die man 'n huurarbeider is en nie vir die skape omgee nie. <sup>14</sup> Ek is die goeie herder en Ek ken my eie,\* en my eie ken My, <sup>15</sup> net soos die Vader My ken en Ek die Vader ken.\* En Ek lê my lewe af vir die skape.\* <sup>16</sup> Ek het ook ander skape wat nie van hierdie kraal is nie. Hulle moet Ek ook lei,\* en hulle sal na my stem luister, en daar sal een kudde wees, en een herder.\* <sup>17</sup> Om hierdie rede het die Vader My lief — omdat Ek my lewe aflê, sodat

---

<sup>1</sup>10:7 **Amen, amen:** Vgl voetnoot in 10:1.

\*10:8 Jer 23:1-2; Eseg 34:2-3

\*10:9 Ps 118:20; Joh 14:6

<sup>m</sup>10:11 **Ek is ... herder:** Verwys na Ps 23:1; Jes 40:11; Eseg 34:15 as heenwysings na Homself; vgl Heb 13:20; Op 7:17.

\*10:11 *lê ... skape:* Joh 15:13; 1 Joh 3:16

\*10:12 *die wolf vang ... hulle:* Hand 20:29

\*10:14 *Ek ken my eie:* Joh 10:27; 2 Tim 2:19

\*10:15 *net soos ... Vader ken:* Matt 11:27

\*10:15 *Ek lê ... skape:* Joh 15:13; 1 Joh 3:16

\*10:16 *Ek het ... lei:* Jes 56:8; Joh 11:52; 1 Pet 2:25

\*10:16 *een herder:* Eseg 34:23; 37:24

Ek dit weer kan opneem.\*<sup>18</sup> Niemand neem dit van My weg nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het volmag om dit af te lê, en Ek het volmag om dit weer op te neem. Hierdie opdrag het Ek van my Vader ontvang.\*”

<sup>19</sup>\* Oor hierdie woorde het daar toe weer verdeeldheid onder die Jode ontstaan. <sup>20</sup> Baie van hulle het gesê: “Hy het 'n demoon en is kranksinnig;\* waarom luister julle na hom?” <sup>21</sup> Ander het gesê: “Hierdie woorde is nie van iemand wat van 'n demoon besete is nie. 'n Deroon kan tog nie blindes se oë oopmaak nie?”

### Verwerping van Jesus

<sup>22</sup>\* In daardie tyd het die Fees van die Tempelwyding<sup>n</sup> in Jerusalem plaasgevind. Dit was winter, <sup>23</sup> en Jesus het op die tempelsterrein<sup>o</sup> rondbeweeg, in die Pilaargang van Salomo.\* <sup>24</sup> Die Jode het toe om Hom saamgedrom en vir Hom gesê: “Hoe lank gaan u ons nog in onsekerheid hou?<sup>p</sup> As u die Christus<sup>q</sup> is, sê dit openlik vir ons.\*” <sup>25</sup> Jesus het hulle geantwoord: “Ek het dit vir julle gesê, maar julle glo nie. Die daede wat

---

\***10:17** Ek my ... opneem: Fil 2:8-9

\***10:18** Hierdie ... ontvang: Joh 14:31; 15:10

\***10:19** Joh 7:43; 9:16

\***10:20** Hy het ... kranksinnig: Mark 3:21-22; Joh 7:20; 8:48

\***10:22** 1 Mak 4:59

<sup>n</sup>**10:22 Fees ... Tempelwyding:** Die Joodse fees *Hanukkah* ter herdenking van die herwyding van die •tempel op die 25ste van die maand •Kislef (ongeveer Desember) in 164 vC; •Feeste.

<sup>o</sup>**10:23 tempelsterrein:** Verwys na die hele terrein van die •tempel in Jerusalem met al die geboue, stoorkamers en voorhowe.

\***10:23 die Pilaargang van Salomo:** Hand 3:11; 5:12

<sup>p</sup>**10:24 in ... hou:** Letterlik ‘lig u ons •siele op?’

<sup>q</sup>**10:24 Christus:** Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

\***10:24** As ... ons: Luk 22:67



Ek in die Naam van my Vader doen, dit getuig van My.\* <sup>26</sup> Maar julle glo nie,\* omdat julle nie van my skape is nie. <sup>27</sup> My skape luister na my stem,\* en Ek ken hulle, en hulle volg My. <sup>28</sup> Ek gee hulle die ewige lewe,\* en hulle sal tot in ewigheid nooit verlore gaan nie\* en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.\* <sup>29</sup> My Vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal, en niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie. <sup>30</sup> \*Ek en die Vader is een.”

<sup>31</sup> \*Die Jode het weer klippe opgetel om Hom te stenig. <sup>32</sup> Jesus het hulle geantwoord: “Baie goeie dae van die Vader het Ek aan julle gewys. Oor watter een van daardie dae wil julle My stenig?” <sup>33</sup> Die Jode het Hom geantwoord: “Dit is nie oor 'n goeie daad dat ons jou wil stenig nie, maar oor godslastering,\* en omdat jy, wat net 'n mens is, jouself God maak.\*” <sup>34</sup> Jesus het hulle geantwoord: “Staan daar nie in julle Wet<sup>r</sup> geskryf, ‘Ek het gesê julle is gode’\* nie? <sup>35</sup> As Hy hulle tot wie die woord van God gekom het, gode genoem het — en die Skrif kan nie verbreek word nie — <sup>36</sup> \*hoe sê julle dan van Hom wat die Vader geheilig en na die wêreld gestuur het, ‘Jy laster,’ omdat Ek gesê het, ‘Ek is die •Seun van God’? <sup>37</sup> As

---

\*10:25 *dade ... van My*: Joh 5:36; 10:38

\*10:26 *julle glo nie*: Joh 6:64; 8:45

\*10:27 *My skape ... stem*: Joh 8:47; 10:3

\*10:28 *Ek gee ... lewe*: Joh 17:2

\*10:28 *Ek gee ... gaan nie*: Joh 3:16

\*10:28 *sal hulle ... ruk nie*: Joh 6:39; 17:12; 18:9

\*10:30 Joh 17:21

\*10:31 Joh 8:59

\*10:33 *Dit is nie ... godslastering*: Lev 24:16; Matt 26:65; Mark 14:64

\*10:33 *jy, wat ... maak*: Joh 5:18

<sup>r</sup>10:34 **Wet**: Dit verwys hier na al die geskifte van die Ou Testament, insluitend die Psalms.

\*10:34 *Ek het ... gode*: Ps 82:6

\*10:36 Joh 5:7-20

Ek nie die dade van my Vader doen nie, moet julle My nie glo nie.

<sup>38</sup> \*Maar as Ek dit doen en julle My tog nie glo nie, glo dan my dade, sodat julle kan besef en steeds weet dat die Vader in My en Ek in die Vader is.\*” <sup>39</sup> Hulle het toe weer probeer om Hom te arresteer, \* maar Hy het uit hulle hande ontglip.\*

<sup>40</sup> Daarop het Hy weer teruggegaan na die plek oorkant die Jordaan waar Johannes tevore gedoop het, \* en daar vertoef. <sup>41</sup> En baie het na Hom gekom; hulle het gesê: “Johannes het wel geen teken gedoen nie, maar alles wat Johannes oor Hom gesê het, is waar.\*” <sup>42</sup> \*En talle het daar in Hom begin glo.

# 11

## Dood van Lasarus

<sup>1</sup> Daar was 'n man met die naam Lasarus, wat siek was. Hy was van Betanië, die dorp van Maria en haar suster Martha.\* <sup>2</sup> Dit was die Maria wat die Here met geurige olie gesalf en wat sy voete met haar hare afgedroog het, \* wie se broer Lasarus siek was. <sup>3</sup> Die susters het toe iemand na Jesus gestuur om te sê: “Here, kyk, hy vir wie U lief is,\* is siek.” <sup>4</sup> En toe Jesus dit hoor, het Hy gesê: “Hierdie siekte lei nie tot die dood nie, maar tot die verheerliking van God, sodat die •Seun van God

---

\*10:38 Joh 14:10-11

\*10:38 *die Vader in ... Vader is:* Joh 17:21

\*10:39 *Hulle het ... arresteer:* Joh 7:30; 8:20

\*10:39 *Hy het ... ontglip:* Luk 4:30; Joh 7:30

\*10:40 *na die plek ... gedoop het:* Joh 1:28

\*10:41 *maar alles ... waar:* Joh 1:29,34; 3:27

\*10:42 Joh 2:23; 7:31; 8:30; 11:45; 12:11,42

\*11:1 *Maria ... Martha:* Luk 10:38-39

\*11:2 *Maria ... afgedroog het:* Joh 12:3

\*11:3 *hy vir ... lief is:* Joh 11:36

daardeur verheerlik kan word.\*”<sup>5</sup> Jesus het Martha en haar suster en Lasarus liefgehad.<sup>6</sup> Toe Hy hoor van Lasarus se siekte, het Hy nog twee dae vertoef op die plek waar Hy was.<sup>7</sup> Eers daarna sê Hy vir sy dissipels: “Kom ons gaan terug na Judea.”<sup>8</sup> Die dissipels sê toe vir Hom: “Rabbi,<sup>s</sup> onlangs nog het die Jode U probeer stenig,\* en U gaan weer daarheen?”<sup>9</sup> En Jesus het geantwoord: “Is daar nie twaalf ure in die dag nie? As iemand in die dag loop, struikel hy nie, omdat hy die lig van hierdie wêreld sien.<sup>10</sup> \*Maar as iemand in die nag loop, struikel hy, omdat die lig nie by hom is nie.”<sup>11</sup> Nadat Hy dit gesê het, sê Hy vir hulle: “Ons vriend Lasarus slaap,\* maar Ek gaan om hom wakker te maak.”<sup>12</sup> Die dissipels sê toe vir Hom: “Here, as hy slaap, sal hy gesond word.”<sup>13</sup> Maar Jesus het van sy dood gepraat, terwyl hulle gedink het dat Hy van die rus van gewone slaap praat.<sup>14</sup> Toe sê Jesus openlik vir hulle: “Lasarus het gesterf,<sup>15</sup> en ter wille van julle is Ek bly dat Ek nie daar was nie, sodat julle kan glo. Maar kom ons gaan na hom toe.”<sup>16</sup> Thomas, wat bekend staan as Didimus, het toe vir sy mededissipels gesê: “Kom ons gaan ook, sodat ons saam met Hom kan sterf.\*”

### Jesus by Martha en Maria

<sup>17</sup> Toe Jesus daar aankom, het Hy gevind dat Lasarus reeds vier dae in die graf was.<sup>18</sup> \*Betanië was naby Jerusalem, ongeveer vyftien *stadion*<sup>t</sup>

---

\* **11:4** tot die verheerliking ... kan word: Joh 9:3

<sup>s</sup> **11:8** **Rabbi:** 'n Eerbiedige aanspreekvorm in Hebreeus en Aramees wat ‘my •Meester’ beteken.

\* **11:8** *onlangs ... stenig:* Joh 8:59; 10:31

\* **11:10** Joh 12:35

\* **11:11** *Ons vriend ... slaap:* Matt 9:24; 27:52; Mark 5:39; Luk 8:52; Hand 7:60; 1 Kor 11:30

\* **11:16** *sodat ... sterf:* Mark 14:31; Rom 6:8

\* **11:18** Matt 21:17

<sup>t</sup> **11:18** **15 stadion:** Ongeveer 2,8 km; •Lengtemate.

ver,<sup>19</sup> en baie van die Jode het na Martha en Maria gekom om hulle oor hulle broer te troos.<sup>20</sup> Toe Martha hoor dat Jesus op pad is, het sy Hom tegemoetgegaan, maar Maria het in die huis bly sit.<sup>21</sup> Martha sê toe vir Jesus: “Here, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie.\*<sup>22</sup> Maar selfs nou weet ek dat wat U ook al van God vra, God vir U sal gee.”

<sup>23</sup> Jesus sê vir haar: “Jou broer sal opstaan.”<sup>24</sup> Martha sê toe vir Hom: “Ek weet dat hy sal opstaan met die opstanding op die laaste dag.”\*<sup>25</sup> Jesus het vir haar gesê: “Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal leef, al het hy ook gesterf;<sup>26</sup> en elkeen wat leef en in My glo, sal tot in ewigheid nooit sterf nie.\* Glo jy dit?”<sup>27</sup> Sy sê vir Hom: “Ja, Here, ek glo dat U die Christus<sup>u</sup> is, die •Seun van God,\*\* Hy wat na die wêreld kom.\*\*”

<sup>28</sup> En nadat Martha dit gesê het, het sy gegaan, haar suster Maria eenkant toe geroep, en vir haar gesê: “Die Leermeester is hier, en Hy roep jou.”<sup>29</sup> Toe Maria dit hoor, het sy haastig opgestaan en na Hom gegaan.<sup>30</sup>\* Jesus het nog nie in die dorpie aangekom nie, maar was op die plek waar Martha Hom ontmoet het.<sup>31</sup> Toe die Jode wat by haar in die huis was en haar vertroos het, sien dat Maria haastig opstaan en uitgaan, het hulle haar gevolg, omdat hulle gedink het sy gaan na die graf om daar te huil.<sup>32</sup> Toe Maria aankom waar Jesus was en Hom sien, het sy by sy voete neergeval en vir Hom gesê: “Here, as U hier was, sou

---

\* **11:21** Here ... het nie: Joh 11:32

\* **11:24** Ek weet ... dag: Dan 12:2; Joh 5:28-29; 6:39-40; Hand 24:15

\* **11:26** sal tot ... sterf nie: Joh 8:51

<sup>u</sup>**11:27 Christus:** Die Griekse vorm vir die Hebreëuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

\* **11:27** ek glo ... God: Joh 6:69

\* **11:27** U die Christus ... God: Matt 16:16

\* **11:27** Hy wat ... kom: Joh 6:14

\* **11:30** Joh 11:20

my broer nie gesterf het nie.\*”<sup>33</sup> Toe Jesus haar sien huil, en dat ook die Jode huil wat saam met haar gekom het, het dit Hom hewig ontstel en Hy het diep bewoë geword.<sup>34</sup> Hy sê toe: “Waar het julle hom neergelê?” Hulle sê vir Hom: “Here, kom kyk.”<sup>35</sup> \* Jesus het begin huil.<sup>36</sup> Daarop het die Jode gesê: “Kyk hoe lief het Hy hom gehad!”<sup>37</sup> Maar sommige van hulle het gesê: “Kon Hy wat die oë van die blinde man oopgemaak het,\* tog nie voorkom het dat hierdie man sterf nie?”

### Opwekking van Lasarus

<sup>38</sup> Jesus het toe, opnuut hewig ontsteld, na die graf gegaan. Dit was 'n rotsgraf en 'n groot klip het daarteen gelê.\*<sup>39</sup> Jesus het gesê: “Vat die klip weg.” Martha, die suster van die oorledene, sê toe vir Hom: “Here, hy ruik reeds, want dit is al die vierde dag.”<sup>40</sup> Jesus sê vir haar: “Het Ek dan nie vir jou gesê dat as jy glo, jy die heerlikheid van God sal sien nie?”<sup>41</sup> Hulle het toe die klip weggeskuif. Jesus het sy oë opgehef na bo en gesê: “Vader, Ek dank U dat U My verhoor het.<sup>42</sup> Ek weet dat U My altyd verhoor, maar Ek het dit gesê ter wille van die skare wat hier rondom staan,\* sodat hulle kan glo dat U My gestuur het.\*”<sup>43</sup> En nadat Hy dit gesê het, roep Hy met 'n harde stem: “Lasarus, kom uit!”<sup>44</sup> Die oorledene het uitgekom. Sy voete en hande was met grafdoeke vasgebind en sy gesig met 'n kopdoek toegedraai.\* Jesus sê vir hulle: “Maak hom los en laat hom gaan.”

---

\*11:32 Here ... het nie: Joh 11:21

\*11:35 Luk 19:41

\*11:36 Kyk ... gehad: Joh 11:3

\*11:37 Hy wat ... oopgemaak het: Joh 9:6

\*11:38 na die ... gelê: Matt 27:60; Mark 15:46; Luk 23:53; 24:2; Joh 20:1

\*11:42 Ek het dit ... staan: Joh 12:30

\*11:42 sodat ... gestuur het: Joh 6:29; 17:8,21

\*11:44 Sy voete ... toegedraai: Joh 20:6-7

## Sameswering teen Jesus

(Matt 26:1-5; Mark 14:1-2; Luk 22:1-2)

<sup>45</sup> \*Baie van die Jode wat na Maria toe gekom en gesien het wat Jesus gedoen het, het in Hom geglo. <sup>46</sup> Maar sommige van hulle het na die •Fariseërs gegaan en vir hulle vertel wat Jesus gedoen het. <sup>47</sup> Gevolglik het die leierpriesters en die Fariseërs die Sanhedrin<sup>v</sup> byeengeroep en gesê: “Wat gaan ons maak? Want hierdie man doen baie tekens. <sup>48</sup> As ons hom so laat aangaan, sal almal in hom glo, en sal die Romeine kom en ons plek en ons volk vernietig.” <sup>49</sup> \*En een van hulle, Kajafas, wat daardie jaar hoëpriester was, het vir hulle gesê: “Julle verstaan niks nie. <sup>50</sup> Julle besef nie dat dit tot julle voordeel is dat een man vir die volk sterf en die hele volk nie ondergaan nie.” <sup>51</sup> En dit het hy nie uit sy eie gesê nie, maar, omdat hy daardie jaar hoëpriester was, het hy geprofeteer dat Jesus vir die volk sou sterf — <sup>52</sup> \*en nie net vir die volk nie, maar ook om die kinders van God wat oral verstrooi is, te verenig.\* <sup>53</sup> Van daardie dag af het hulle saam beraadslaag om Hom dood te maak.\*

<sup>54</sup> Daarom het Jesus nie meer openlik onder die Jode rondgegaan nie,\* maar daarvandaan vertrek na die streek naby die woestyn,<sup>w</sup> na 'n dorp<sup>x</sup>

---

\* **11:45** Luk 16:31; Joh 2:23; 7:31; 8:30; 10:42; 12:11,42

<sup>v</sup>**11:47 Sanhedrin:** Die Joodse Raad, die hoogste hof van die Jode. Dit het bestaan uit 71 lede, afkomstig uit die •Sadduseërs, die vernaamste Joodse families en die skrifkenners. Die dienende hoëpriester was die voorsitter.

\* **11:49-50** Joh 18:14

\* **11:52** Joh 10:16

\* **11:52** ook om ... verenig: Joh 17:21

\* **11:53** het hulle ... te maak: Matt 14:5; Joh 5:18; 7:1,25; 8:37,40

\* **11:54** Daarom ... rondgegaan nie: Joh 7:1

<sup>w</sup>**11:54 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

<sup>x</sup>**11:54 dorp:** Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

met die naam Efraim. En daar het Hy saam met sy dissipels vertoef.\*

<sup>55</sup> Die Joodse Pasga<sup>y</sup> was naby,\* en baie mense het voor die Pasga van die platteland na Jerusalem opgegaan om hulleself te reinig.\* <sup>56</sup> Hulle was op die uitkyk vir Jesus; en waar hulle op die tempelsterrein<sup>z</sup> gestaan het, het hulle vir mekaar gesê: “Wat dink julle? Dat Hy glad nie na die fees sal kom nie?” <sup>57</sup> Die leierpriesters en die Fariseërs het reeds opdrag gegee dat as enigiemand weet waar Jesus is, hy dit moes rapporteer, sodat hulle Hom kon arresteer.

## 12

### Salwing in Betanië

(Matt 26:6-13; Mark 14:3-9)

<sup>1</sup> Ses dae voor die Pasga<sup>a</sup> het Jesus na Betanië gegaan. Dit was die tuiste van Lasarus, wat Jesus uit die dood opgewek het.\* <sup>2</sup> Daar het hulle vir Hom toe 'n maaltyd voorberei en Martha het hulle bedien.\* Lasarus was

---

\* **11:54** *En daar ... vertoef:* Joh 2:12; 3:22

<sup>y</sup>**11:55** *Pasga:* Die fees wanneer elke gesin in Israel 'n lam moes slag en dit moes eet saam met bitter kruie en ongesuurde brood. Hulle moes die fees vier op 14 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is, tydens die volmaannag in Maart-April; •Feeste.

\* **11:55** *Die Joodse ... naby:* Joh 2:13; 6:4

\* **11:55** *baie ... reinig:* 2 Kron 30:17

\* **11:56** Joh 7:11

<sup>z</sup>**11:56** *tempelsterrein:* Verwys na die hele terrein van die •tempel in Jerusalem met al die geboue, stoorkamers en voorhowe.

<sup>a</sup>**12:1** *Pasga:* Die fees wanneer elke gesin in Israel 'n lam moes slag en dit moes eet saam met bitter kruie en ongesuurde brood. Hulle moes die fees vier op 14 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is, tydens die volmaannag in Maart-April; •Feeste.

\* **12:1** *het Jesus ... opgewek het:* Joh 11:1,43-44

\* **12:2** *Martha ... bedien:* Joh 10:40

een van dié wat saam met Hom aan tafel was. <sup>3</sup> Toe het Maria 'n litra<sup>b</sup> egte, uiters kosbare nardusolie<sup>c</sup> geneem, die voete van Jesus gesalf en met haar hare sy voete afgedroog.\* En die huis is deurtrek met die geur van die olie. <sup>4</sup> Toe sê Judas Iskariot, een van sy dissipels, die een wat Hom sou verrai:\* <sup>5</sup> \*‘‘Waarom is hierdie reukolie nie vir driehonderd denarius<sup>d</sup> verkoop en die geld aan die armes gegee nie?’’ <sup>6</sup> Hy het dit gesê, nie omdat hy vir die armes omgee het nie, maar omdat hy 'n dief was — hy het die geldbeurs gedra en het van die bydraes gevat. <sup>7</sup> Daarop het Jesus gesê: ‘‘Laat haar begaan — sy het dit vir die dag van my begrafnis bewaar.\* <sup>8</sup> Want die armes het julle altyd by julle,\* maar vir My het julle nie altyd nie.’’

### Sameswering teen Lasarus

<sup>9</sup> 'n Groot skare Jode het verneem dat Jesus daar was, en hulle het gekom, nie ter wille van Jesus alleen nie, maar sodat hulle ook vir Lasarus kon sien wat Hy uit die dood opgewek het.\* <sup>10</sup> En die leierpriesters het planne beraam om Lasarus ook dood te maak, <sup>11</sup> \* omdat deur hom baie van die Jode oorgeloop en in Jesus geglo het.

---

<sup>b</sup>**12:3 'n litra:** 'n Inhoudsmaat vir vloeistof. Ongeveer 1/3 ℓ; •Inhoudsmate.

<sup>c</sup>**12:3 nardusolie:** Geurige olie afkomstig van die nardusplant, wat in Noord-Indië gegroei het. Dit het meegebring dat hierdie olie uiters duur was, ongeveer die ekwivalent van 'n gemiddelde arbeider se loon vir 'n volle jaar; vgl vs 5.

\* **12:3 'n litra ... afgedroog:** Luk 7:37-38

\* **12:4 Judas ... verrai:** Joh 6:71

\* **12:5** Matt 19:21; Mark 10:21; Luk 18:22

<sup>d</sup>**12:5 300 denarius:** Ongeveer die ekwivalent van 'n arbeider se loon vir 300 dae, een jaar (minus Sabbatte); •Geldeenhede.

\* **12:7 sy het ... bewaar:** Joh 19:40

\* **12:8 Want ... by julle:** Deut 15:11

\* **12:9 sodat ... opgewek het:** Joh 11:43-44

\* **12:11** Joh 11:45



## Intog in Jerusalem

(Matt 21:1-11; Mark 11:1-11; Luk 19:28-40)

<sup>12</sup> Die volgende dag het die groot skare wat vir die fees gekom het, en wat gehoor het dat Jesus na Jerusalem kom, <sup>13</sup> palmtakke gevat en Hom tegemoetgegaan en aanhoudend uitgeroep:

“Hosanna!<sup>e</sup>

Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!”<sup>f</sup>

en:

“Die Koning van Israel!”<sup>\*</sup>

<sup>14</sup> En Jesus het 'n jong donkie gekry en daarop gaan sit, soos daar geskryf staan:

<sup>15 g</sup>“Moenie vrees nie, dogter van Sion!”<sup>h</sup>

Kyk, jou Koning kom,

Hy sit op 'n donkie vul.”

<sup>16</sup> Hierdie dinge het sy dissipels eers nie verstaan nie, maar toe Jesus verheerlik is, het hulle onthou dat hierdie dinge oor Hom geskryf staan,

---

<sup>e</sup>**12:13 Hosanna:** Die Hebreeuse woorde wat in Ps 118:25 met “verlos ons tog” vertaal is, word uitgespreek *hosji-a na*. Dit het die uitroep “•Hosanna” geword; vgl Matt 21:9.

<sup>f</sup>**12:13 Hosanna ... Here:** Aanhaling uit Ps 118:25-26 as heenwysing na Jesus Christus; Matt 21:9,15; Mark 11:9.

<sup>\*</sup>**12:13 Die ... Israel:** Matt 27:42; Mark 15:32; Joh 1:49

<sup>g</sup>**12:15 Aanhaling uit Sag 9:9** as heenwysing na Jesus Christus.

<sup>h</sup>**12:15 dogter ... Sion:** In die enkelvoud 'n poëtiese personifikasie van Jerusalem.

en dat hulle dit vir Hom gedoen het.\*<sup>17</sup> Die skare wat by Hom was toe Hy Lasarus uit die graf geroep en hom uit die dood opgewek het,\* het daarvan getuig.<sup>18</sup> Die rede waarom die skare Hom tegemoetgegaan het, was omdat hulle gehoor het dat Hy hierdie teken gedoen het.<sup>19</sup> Daarop het die •Fariseërs vir mekaar gesê: “Sien julle dat julle niks bereik nie! Kyk, die hele wêreld loop agter hom aan!”

### Openbare onderrig oor Jesus se dood

<sup>20</sup> Daar was 'n aantal Grieke onder die mense wat gekom het om op die fees te aanbid.<sup>21</sup> Hulle het toe na Filippus gegaan, wat van Betsaida\* in Galilea was, en hom gevra: “Meneer, ons wil Jesus sien.\*”<sup>22</sup> Filippus het dit toe vir Andreas gaan vertel, en toe gaan sê Andreas en Filippus dit weer vir Jesus.<sup>23</sup> Maar Jesus antwoord hulle: “Die uur het gekom dat die •Seun van die Mens verheerlik moet word.\*<sup>24</sup> \*Amen, amen,<sup>i</sup> Ek sê vir julle: As 'n koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit net een enkele korrel; maar as dit sterf, dra dit baie vrug.<sup>25</sup> \*Wie sy lewe liefhet, verloor dit; maar wie sy lewe in hierdie wêreld gering ag, sal dit vir die ewige lewe behou.<sup>26</sup> As iemand My wil dien, laat hy My volg; en waar Ek is, daar sal my dienskneg ook wees.\* As iemand My dien, sal die Vader hom eer.”

---

\*12:16 toe Jesus ... gedoen het: Joh 2:22

\*12:17 toe Hy ... opgewek het: Joh 11:43-44

\*12:19 Kyk ... aan: Joh 11:48

\*12:21 Filippus ... Betsaida: Joh 1:44

\*12:21 ons ... sien: Luk 19:3; 23:8

\*12:23 Die uur ... moet word: Joh 13:31-32; 17:1

\*12:24 1 Kor 15:36

<sup>i</sup>12:24 **Amen, amen:** Die Hebreeuse woord •Amen word hier gebruik as 'n baie sterk bevestiging van sekerheid. Die herhaling daarvan is tipies van Johannes.

\*12:25 Matt 10:39; 16:25; Mark 8:35; Luk 9:24; 17:33

\*12:26 waar ... wees: Joh 14:3; 17:24

<sup>27</sup> “Nou is my siel<sup>j</sup> ontsteld.\* Wat sal Ek sê? Vader, red My uit hierdie uur? Maar Ek het tog juis met die oog op hierdie uur gekom! <sup>28</sup> Vader, verheerlik u Naam!” Daar het toe 'n stem uit die hemel gekom:\* “Ek het dit verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik.” <sup>29</sup> En die skare wat daar gestaan en dit gehoor het, het gesê dat daar 'n donderslag was. Ander het gesê: “'n Engel het met hom gepraat.”\* <sup>30</sup> Jesus het geantwoord: “Hierdie stem het nie ter wille van My gekom nie, maar ter wille van julle.\* <sup>31</sup> Nou het die oordeel oor hierdie wêreld aangebreek;\* nou sal die heerser van hierdie wêreld\* uitgedryf word. <sup>32</sup> En as Ek van die aarde af verhoog word,\* sal Ek almal na My toe trek.” <sup>33</sup> Dit het Hy gesê om aan te dui watter dood Hy sou sterf. <sup>34</sup> Die skare het Hom toe geantwoord: “Ons het uit die wet gehoor dat die Christus<sup>k</sup> vir ewig bly,<sup>l</sup> en hoe sê u dat die •Seun van die Mens verhoog moet word? Wie is hierdie Seun van die Mens?” <sup>35</sup> Jesus het toe vir hulle gesê: “Nog 'n kort tydjie is die lig by julle.\* Terwyl julle die lig het, leef daarvolgens, sodat die duisternis julle nie oorval nie.\*

---

<sup>j</sup>**12:27 siel:** Die mens se gemoed met sy emosies en stemmings.

\* **12:27 is my ... ontsteld:** Ps 6:4; 42:6,12; Matt 26:38; Mark 14:34

\* **12:28 'n stem ... gekom:** Matt 3:17; 17:5; Mark 1:11; 9:7; Luk 3:22; 9:35

\* **12:29 'n Engel ... gepraat:** Hand 23:9

\* **12:30 Hierdie ... julle:** Joh 11:42

\* **12:31 het die ... aangebreek:** Joh 9:39

\* **12:31 die heerser ... wêreld:** Joh 14:30; 16:11

\* **12:32 En as ... word:** Joh 3:14; 8:28

\* **12:33** Joh 18:32; 21:19

<sup>k</sup>**12:34 Christus:** Die Griekse vorm vir die Hebreëuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

<sup>l</sup>**12:34 Ons ... bly:** Verwys na Ps 89:5,37; 110:4; Jes 9:6; Dan 7:14 as heenwysings na Jesus Christus.

\* **12:35 Nog ... by julle:** Joh 7:33

\* **12:35 Terwyl ... oorval nie:** Joh 8:12; 9:4; 12:46

Wie in die duisternis leef, weet nie waarheen hy gaan nie.\* <sup>36</sup> Terwyl julle die lig het, glo in die lig, sodat julle kinders van die lig kan wees.\*\*”

Toe Jesus dit gesê het, het Hy weggegaan en Hom van hulle onttrek.

### Jode se reaksie

<sup>37</sup> Hoewel Jesus so baie tekens in hulle teenwoordigheid gedoen het, het hulle nie in Hom geglo nie, <sup>38</sup> sodat die woord wat die profeet Jesaja uitgespreek het, vervul kon word:

“Here, wie het ons boodskap geglo?\*

En die arm van die Here<sup>m</sup> —

aan wie is dit geopenbaar?”<sup>n</sup>

<sup>39</sup> Hulle kon nie tot geloof kom nie, want Jesaja het ook gesê:

<sup>40</sup> °“Hy het hulle oë verblind  
en hulle harte verhard  
sodat hulle nie met hulle oë kon sien  
en met hulle harte kon verstaan  
en hulle kon bekeer,  
en Ek hulle genees nie.”

<sup>41</sup> Dit het Jesaja gesê, omdat hy sy heerlikheid gesien<sup>p</sup> en oor Hom

---

\* **12:35** *Wie ... gaan nie:* Joh 11:10; 1 Joh 2:11

\* **12:36** *Terwyl ... wees:* Ef 5:8

\* **12:38** *Here ... geglo:* Rom 10:16

<sup>m</sup>**12:38** *arm ... Here:* Verwys na die krag van die Here; vgl Ps 89:11; Luk 1:51.

<sup>n</sup>**12:38** *Here ... geopenbaar:* Aanhaling uit Jes 53:1 as heenwysing na Jesus Christus.

°**12:40** Aanhaling uit Jes 6:10 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Matt 13:15; Mark 4:12.

<sup>p</sup>**12:41** *hy sy ... gesien:* Verwys na Jes 6:1 as heenwysing na Jesus Christus.

gepraat het. <sup>42</sup> Nogtans het ook baie van hulle leiers in Hom begin glo,<sup>\*\*</sup> maar vanweë die •Fariseërs het hulle dit nie openlik bely nie, sodat hulle nie uit die •sinagoge geban sou word nie.\* <sup>43</sup> \*Hulle het immers die eer van mense meer liefgehad as die eer van God.

## Redding en oordeel

<sup>44</sup> Jesus het uitgeroep en gesê: “Wie in My glo, glo nie net in My nie maar ook in Hom wat My gestuur het.\* <sup>45</sup> \*En wie My sien, sien Hom wat My gestuur het. <sup>46</sup> Ek het as 'n lig na die wêreld gekom,\* sodat elkeen wat in My glo, nie in die duisternis sou bly nie.\* <sup>47</sup> En as iemand my woorde hoor en dit nie bewaar nie,\* veroordeel Ek hom nie, want Ek het nie gekom om die wêreld te veroordeel nie, maar om die wêreld te verlos.\* <sup>48</sup> Wie My verwerp en nie my woorde aanneem nie, het iets wat hom veroordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom op die laaste dag veroordeel. <sup>49</sup> \*Ek het immers nie uit my eie gepraat nie, maar die Vader wat My gestuur het, het self vir My 'n opdrag gegee oor wat Ek moet sê en wat Ek moet verkondig. <sup>50</sup> En Ek weet dat sy opdrag die ewige lewe is. Wat Ek dus sê, sê Ek presies net soos die Vader dit vir My gesê het.\*”

---

\*12:42 *het ook ... glo:* Joh 7:48

\*12:42 *baie van ... glo:* Joh 2:23; 7:31; 8:30; 10:42; 11:45; 12:11

\*12:42 *vanweë ... word nie:* Joh 9:22

\*12:43 Joh 5:44

\*12:44 *Wie ... gestuur het:* Matt 10:40; Joh 5:24

\*12:45 Joh 14:9

\*12:46 *Ek ... gekom:* Joh 3:19; 8:12; 9:5

\*12:46 *sodat ... bly nie:* Joh 12:35

\*12:47 *as iemand ... bewaar nie:* Matt 7:26

\*12:47 *veroordeel Ek ... verlos:* Joh 3:17; 8:15

\*12:49 Joh 7:17

\*12:50 *Wat Ek ... gesê het:* Joh 8:26,28

# 13

## Dissipels se voete gewas

<sup>1</sup> Voor die Fees van die Pasga<sup>q</sup> het Jesus reeds geweet dat sy uur aangebreek het\* dat Hy van hierdie wêreld na die Vader sou oorgaan.\* Daarom, omdat Hy sy eie mense in die wêreld liefgehad het, het Hy hulle liefgehad tot aan die einde.<sup>r</sup> <sup>2</sup> Gedurende die aandete het die Duiwel dit reeds in die hart van Judas, seun van Simon Iskariot, gelê om Jesus te verrai.\* <sup>3</sup> Jesus het geweet dat die Vader alles in sy hande gegee het\* en dat Hy van God gekom het en weer na God terugkeer.\* <sup>4</sup> Daarom het Hy van die tafel opgestaan, sy boklere uitgetrek, 'n linnedoek geneem en dit om Hom vasgebind. <sup>5</sup> \*Toe gooi Hy water in die waskom en begin om die voete van die dissipels te was en dit met die linnedoek wat om Hom gebind was, af te droog. <sup>6</sup> Toe Hy by Simon •Petrus kom, sê hy vir Hom: “Here, gaan U my voete was?” <sup>7</sup> Jesus het hom geantwoord: “Wat Ek doen, verstaan jy nie nou nie, maar hierna sal jy verstaan.\*” <sup>8</sup> Petrus sê toe vir Hom: “U sal beslis nie my voete was nie — tot in ewigheid nie!” Jesus het hom geantwoord: “As Ek jou nie was nie, het jy nie deel aan

---

<sup>q</sup>**13:1 Pasga:** Die fees wanneer elke gesin in Israel 'n lam moes slag en dit moes eet saam met bitter kruie en ongesuurde brood. Hulle moes die fees vier op 14 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is, tydens die volmaannag in Maart-April; •Feeste.

\* **13:1 sy uur aangebreek het:** Matt 26:45; Mark 14:41; Joh 12:23; 17:1

\* **13:1 dat Hy van ... oorgaan:** Joh 16:28

<sup>r</sup>**13:1 tot ... einde:** Kan ook vertaal word met “tot die uiterste toe”.

\* **13:2 het die Duiwel ... verrai:** Luk 22:3; Joh 13:27

\* **13:3 die Vader ... gegee het:** Matt 11:27; Luk 10:22; Joh 3:35

\* **13:3 Hy van ... terugkeer:** Joh 16:28

\* **13:5** Luk 7:44; Joh 12:3

\* **13:7 maar ... verstaan:** Joh 13:2

My nie.”<sup>9</sup> Toe sê Simon Petrus vir Hom: “Here, dan nie net my voete nie, maar ook my hande en my kop.”<sup>10</sup> Maar Jesus sê vir hom: “Iemand wat gebad is, het nie nodig dat iets anders as sy voete gewas word nie, omdat hy reeds heeltemal skoon is. En julle is skoon,\* maar nie almal nie.”

<sup>11</sup> Want Jesus het geweet wie Hom sou verraai,\* en daarom het Hy gesê: “Julle is nie almal skoon nie.”

<sup>12</sup> Toe Hy hulle voete klaar gewas het en weer sy boklere aangetrek en aangeleun het om te eet,<sup>s</sup> sê Hy vir hulle: “Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?<sup>13</sup> \* Julle noem my Meester<sup>t</sup> en Here, en julle sê dit tereg, want Ek is dit.<sup>14</sup> \* As Ek, julle Here en Leermeester, dan julle voete gewas het,\* behoort julle ook mekaar se voete te was.\*<sup>15</sup> \* Ek het immers vir julle 'n voorbeeld gegee sodat julle ook kan maak soos wat Ek gemaak het.

<sup>16</sup> Amen, amen,<sup>u</sup> Ek sê vir julle: 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie en 'n gesant nie belangriker as die een wat hom gestuur het nie.\*

<sup>17</sup> \* As julle dit begryp, gelukkig is julle as julle dit doen.<sup>18</sup> Ek sê dit nie van julle almal nie; Ek weet wie Ek uitgekies het, maar die Skrif moet

---

\* **13:10** *julle is skoon*: Joh 15:3

\* **13:11** *Want ... verraai*: Joh 6:64,70-71

<sup>s</sup>**13:12** *aangeleun ... eet*: Mense het destyds met feesmaaltye op hulle sy aangeleun om te eet.

\* **13:13** Matt 23:8,10

<sup>t</sup>**13:13** *Meester*: Die Griekse woord *didaskale* verwys na die Joodse rabbi, dit is 'n leermeester. “Meester” is die aanspreekvorm vir “Leermeester” in Afrikaans.

\* **13:14** Luk 22:27

\* **13:14** *As Ek ... gewas het*: Matt 20:28

\* **13:14** *behoort ... te was*: 1 Tim 5:10

\* **13:15** Fil 2:5; 1 Pet 2:21

<sup>u</sup>**13:16** *Amen, amen*: Die Hebreeuse woord •*Amen* word hier gebruik as 'n baie sterk bevestiging van sekerheid. Die herhaling daarvan is tipies van Johannes.

\* **13:16** *'n Slaaf ... het nie*: Matt 10:24; Luk 6:40; Joh 15:20

\* **13:17** Jak 1:25

vervul word, ‘Die een wat my brood geëet het, het sy hakskeen teen my gelig.’<sup>v 19</sup> \*Ek sê dit nou reeds vir julle, voor dit gebeur, sodat julle, wanneer dit gebeur, kan glo dat Ek Is.\*<sup>20</sup> Amen, amen, Ek sê vir julle: Wie iemand wat Ek stuur ontvang, ontvang My en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het.\*”

### Jesus en sy verraaier

(Matt 26:20-25; Mark 14:17-21; Luk 22:21-23)

<sup>21</sup> Nadat Jesus dit gesê het, was Hy diep ontroerd en het Hy getuig en gesê: “Amen, amen<sup>w</sup> Ek sê vir julle: Een van julle sal My verrai.”<sup>22</sup> Die dissipels het na mekaar gekyk, onseker van wie Hy praat.<sup>23</sup> Een van sy dissipels, hy vir wie Jesus liefgehad het,<sup>\*</sup> het teen Jesus se bors geleun.<sup>24</sup> Simon •Petrus het vir hom geknik om uit te vind wie dit sou kon wees van wie Jesus praat.<sup>25</sup> \*Hy het toe teruggeleun teen Jesus se bors en vir Hom gevra: “Here, wie is dit?”<sup>26</sup> Jesus het hom geantwoord: “Dit is die een vir wie Ek 'n stukkie brood sal indoop en aangee.” Toe Hy die stukkie brood ingedoop het, het Hy dit geneem en aan Judas, seun van Simon Iskariot, gegee.<sup>27</sup> Nadat Judas die stukkie brood geneem het, het Satan<sup>x</sup>

---

<sup>v</sup>**13:18 Die een ... gelig:** Dit is 'n idiomatiese uitdrukking wat beteken ‘om My in die rug te steek’, of ‘om teen My te draai’. Aanhaling deur Jesus uit Ps 41:10 as 'n uitspraak wat in Homself vervul is.

\***13:19** Joh 14:29; 16:4; vgl Eks 3:14

\***13:19 sodat ... Ek is:** Joh 8:24,28

\***13:20 Wie iemand ... gestuur het:** Matt 10:40; Mark 9:37; Luk 9:48; 10:16

<sup>w</sup>**13:21 Amen, amen:** Die Hebreeuse woord •Amen word hier gebruik as 'n baie sterk bevestiging van sekerheid. Die herhaling daarvan is tipies van Johannes.

\***13:23 Een ... liefgehad het:** Joh 19:26; 20:2; 21:7,20

\***13:25** Joh 21:20

<sup>x</sup>**13:27 Satan:** Die benaming “Satan” is afgelei van 'n Hebreeuse woord wat ‘teenstander’ of ‘aanklaer’ beteken.



in hom ingevaar.\* Toe sê Jesus vir hom: “Wat jy wil doen, moet jy gou doen.”<sup>28</sup> Niemand van dié wat daar aangeleun het om te eet,<sup>y</sup> het verstaan waarom Hy dit aan Judas gesê het nie.<sup>29</sup> Omdat Judas die geldbeurs gedra het,\* het sommige gedink dat Jesus aan hom gesê het: “Gaan koop wat ons vir die fees nodig het,” of dat hy iets aan die armes moes gee.<sup>30</sup> Nadat Judas die stukkie brood geneem het, het hy onmiddellik buitentoe gegaan. En dit was nag.

### 'n Nuwe opdrag

<sup>31</sup>\* Nadat Judas uitgegaan het, het Jesus gesê: “Nou is die •Seun van die Mens verheerlik en God is deur<sup>z</sup> Hom verheerlik.<sup>32</sup> As God deur Hom verheerlik is, sal God Hom ook in Homself verheerlik, en Hy sal Hom dadelik verheerlik.<sup>33</sup> \*My kinders, Ek is nog net 'n kort tydjie by julle. Julle sal My soek, maar soos Ek vir die Jode gesê het, sê Ek ook nou vir julle: Waarheen Ek gaan, kan julle nie gaan nie.<sup>34</sup> \*Ek gee julle 'n nuwe gebod:\* Julle moet mekaar liefhê. Net soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê.<sup>35</sup> \*Dit is hoe almal sal weet dat julle my dissipels is — as julle liefde teenoor mekaar het.”

---

\* **13:27** *het Satan ... ingevaar:* Luk 22:3; Joh 13:2

<sup>y</sup>**13:28** *aangeleun ... eet:* Mense het destyds met feesmaaltye op hulle sy aangeleun om te eet.

\* **13:29** *Omdat ... gedra het:* Joh 12:6

\* **13:31-32** Joh 12:23; 17:1,5

<sup>z</sup>**13:31** *deur:* Die Griekse woord kan ook vertaal word “in”.

\* **13:33** Joh 7:33-34; 8:21

\* **13:34** Joh 15:12,17; 1 Joh 3:23

\* **13:34** *Ek gee ... gebod:* 1 Joh 2:8; 2 Joh vs 5

\* **13:35** 1 Joh 3:14

## Waarskuwing aan Petrus

(Matt 26:31-35; Mark 14:27-31; Luk 22:31-34)

<sup>36</sup> Simon •Petrus vra Hom toe: “Here, waarheen gaan U?”\* Jesus het hom geantwoord: “Waarheen Ek gaan, kan jy My nie nou volg nie,\* maar later sal jy volg.” <sup>37</sup> Maar Petrus sê vir Hom: “Here, waarom kan ek U nie nou volg nie? Ek sal my lewe vir U aflê.” <sup>38</sup> Toe antwoord Jesus: “Sal jy jou lewe vir My aflê? Amen, amen,<sup>a</sup> Ek sê vir jou: Die haan sal beslis nie kraai voordat jy My drie keer verloën het nie.”

## 14

### Jesus die weg na die Vader

<sup>1</sup> “Laat julle harte nie ontsteld wees nie.\* Glo in God, glo ook in My. <sup>2</sup> In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek voor te berei.<sup>b</sup> <sup>3</sup> En as Ek gegaan en vir julle plek voorberei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.\* <sup>4</sup> Julle ken die weg na die plek waarheen Ek gaan.” <sup>5</sup> Thomas sê vir Hom: “Here, ons weet nie waarheen U gaan nie; hoe kan ons dan die weg ken?” <sup>6</sup> Jesus sê vir hom: “Ek is die weg\* en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. <sup>7</sup> As julle My leer ken het, sal julle ook my Vader

---

\*13:36 *Here ... gaan U:* Joh 7:35

\*13:36 *Waarheen ... volg nie:* Joh 7:34,36

<sup>a</sup>13:38 **Amen, amen:** Die Hebreeuse woord •Amen word hier gebruik as 'n baie sterk bevestiging van sekerheid. Die herhaling daarvan is tipies van Johannes.

\*14:1 *Laat ... wees nie:* Joh 14:27

<sup>b</sup>14:2 **As ... berei:** Dit is onduidelik of die Griekse teks 'n stelling of 'n vraag bevat. Kan dus ook vertaal word “As dit nie so was nie, sou Ek vir julle gesê het dat Ek gaan om vir julle plek voor te berei?”

\*14:3 *julle ook ... is:* Joh 12:26; 17:24

\*14:6 *Ek ... weg:* Heb 10:20

ken.\* En van nou af ken julle Hom en het Hom reeds gesien.”<sup>8</sup> Filippus sê toe vir Hom: “Here, wys ons die Vader, en dit is vir ons genoeg.”<sup>9</sup> Jesus sê vir hom: “Ek is al so 'n lang tyd by julle en het jy My nie leer ken nie, Filippus? Wie My gesien het, het die Vader gesien.\* Waarom sê jy dan, ‘Wys ons die Vader?’<sup>10</sup> Glo jy dan nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My\* nie? Die woorde wat Ek vir julle sê, sê Ek nie uit Myself nie,\* maar dit is die Vader wat in My bly en sy werke doen.<sup>11</sup> Glo My dat Ek in die Vader en die Vader in My is; of glo dan op grond van die werke self.\*<sup>12</sup> Amen, amen,<sup>c</sup> Ek sê vir julle: Wie in My glo, hy sal ook die werke doen wat Ek doen, en hy sal nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader gaan.\*<sup>13</sup> En wat julle in my Naam vra, sal Ek doen,\* sodat die Vader deur<sup>d</sup> die Seun verheerlik mag word.\*<sup>14</sup> As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.”

### Belofte van die Heilige Gees

<sup>15</sup>\*“As julle My liefhet, sal julle my gebooi onderhou.<sup>16</sup> En Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Parakleet<sup>e</sup> gee\* sodat Hy vir ewig by

---

\*14:7 As ... Vader ken: Joh 8:19

\*14:9 Wie ... Vader gesien: Joh 12:45; Kol 1:15; Heb 1:3

\*14:10 Ek in ... Vader in My: Joh 10:38; 14:20; 17:21

\*14:10 Die woorde ... Myself nie: Joh 12:49; 14:24

\*14:11 glo dan ... self: Joh 10:37-38

<sup>c</sup>14:12 **Amen, amen:** Die Hebreeuse woord •Amen word hier gebruik as 'n baie sterk bevestiging van sekerheid. Die herhaling daarvan is tipies van Johannes.

\*14:12 Ek na ... gaan: Joh 7:33; 13:1; 14:28

\*14:13 wat ... doen: Joh 15:16; 16:23

<sup>d</sup>14:13 **deur:** Die Griekse woord kan ook vertaal word “in”.

\*14:13 sodat ... word: Joh 13:31-32; 17:1

\*14:15 Wys 6:18; Joh 15:10; 1 Joh 5:3; 2 Joh vs 6

<sup>e</sup>14:16 **Parakleet:** Die Griekse woord verwys na iemand wat geroep is om bystand te verleen — 'n helper, 'n voorspraak, 'n pleitbesorger, 'n trooster.

\*14:16 En Ek ... gee: Joh 14:26; 15:26; 16:7

julle kan wees. <sup>17</sup> Hy is die Gees van die waarheid\* wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat die wêreld Hom nie sien nie en ook nie ken nie. Julle ken Hom egter, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. <sup>18</sup> Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.\* <sup>19</sup> \*Nog 'n kort tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie;\* maar julle sien My, omdat Ek leef en julle sal leef.\* <sup>20</sup> \*Op daardie dag sal julle weet: Ek is in my Vader en julle in My en Ek in julle. <sup>21</sup> Wie my gebooie het en dit onderhou, hy is die een wat My liefhet.\* En wie My liefhet, my Vader sal hom liefhê,\* en Ek sal hom liefhê en Myself aan hom bekend maak.”

<sup>22</sup> Judas, nie Judas Iskariot nie, vra Hom toe: “Here, hoe is dit dat U Uself aan ons gaan bekend maak en nie aan die wêreld nie?” <sup>23</sup> Jesus antwoord hom: “As iemand My liefhet, sal hy ter harte neem wat Ek sê, en my Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom woon. <sup>24</sup> Wie My egter nie liefhet nie, neem nie my woorde ter harte nie. Die woorde wat julle hoor, is nie myne nie, maar dié van die Vader wat My gestuur het.\*

<sup>25</sup> “Dit het Ek vir julle gesê terwyl Ek by julle gebly het. <sup>26</sup> Die Parakleet, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur,\* Hy sal julle in alles onderrig en julle aan alles herinner wat Ek vir julle gesê het. <sup>27</sup> Vrede laat

---

\*14:17 die Gees ... waarheid: Joh 15:26; 16:13

\*14:18 Ek kom ... toe: Joh 14:3,28

\*14:19 Joh 16:16

\*14:19 Nog ... meer nie: Joh 7:33-34,36

\*14:19 omdat ... sal leef: Joh 6:57

\*14:20 Joh 10:38; 14:10-11; 17:21-23

\*14:21 Wie my opdragte ... wat My liefhet: Joh 15:10; 1 Joh 5:3; 2 Joh vs 6

\*14:21 En wie ... Vader sal hom liefhê: Joh 16:27

\*14:22 dat U ... wêreld nie: Hand 10:40-41

\*14:24 Die woorde ... het: Joh 7:16; 14:10

\*14:26 Die Parakleet ... stuur: Joh 14:16; 15:26; 16:7

Ek julle na — my vrede gee Ek julle.\* Ek gee dit nie vir julle soos die wêreld dit gee nie. Laat julle harte nie ontsteld en bang wees nie.\*<sup>28</sup> Julle het gehoor dat Ek vir julle gesê het: Ek gaan weg, maar Ek kom weer na julle toe.\* As julle My liefgehad het, sou julle bly gewees het dat Ek na die Vader gaan,\* omdat die Vader groter as Ek is.<sup>29</sup>\* En nou het Ek dit vir julle gesê voordat dit gebeur, sodat julle, wanneer dit gebeur, kan glo.<sup>30</sup> Ek sal nie meer baie met julle praat nie, want die heerser van die wêreld<sup>f</sup> is aan die kom, en hy het nie mag oor My nie.<sup>31</sup> Maar sodat die wêreld kan weet dat Ek die Vader liefhet en doen soos wat die Vader aan My opgedra het,\* staan op, laat ons hiervandaan weggaan!\*

## 15

### Druiwestok en lote

<sup>1</sup> “Ek is die egte druiwestok en my Vader is die landbouer. <sup>2</sup> Elke loot aan My wat nie vrug dra nie, sny Hy weg,\* maar elkeen wat vrug dra, snoei Hy skoon sodat dit meer vrug kan dra. <sup>3</sup> Julle is egter reeds skoon\* deur die woorde wat Ek vir julle gesê het. <sup>4</sup>\* Bly in My, soos Ek in julle.\*

---

\*14:27 *Vrede laat ... gee Ek julle:* Joh 16:33

\*14:27 *Laat ... wees nie:* Joh 14:1

\*14:28 *Ek gaan ... toe:* Joh 14:3; 16:16,17

\*14:28 *Ek na ... Vader gaan:* Joh 13:1; 14:12; 16:10,17,28; 20:17

\*14:29 Joh 13:19

<sup>f</sup>14:30 *die heerser ... wêreld:* Tegniese term wat Johannes gebruik vir die aanduiding van •Satan; vgl Joh 12:31; 16:11.

\*14:31 *doen ... het:* Joh 12:49; 15:10

\*14:31 *staan ... weggaan:* Matt 26:46; Mark 14:42

\*15:2 *Elke ... weg:* Matt 3:10; 15:13

\*15:3 *Julle is ... skoon:* Joh 13:10

\*15:4 Rom 11:17-18; 2 Kor 3:5

\*15:4 *Bly in ... in julle:* Joh 6:56

Net soos die loot uit sy eie nie vrug kan dra as dit nie in die druiwestok bly nie, so julle ook nie as julle nie in My bly nie. <sup>5</sup> Ek is die druiwestok, julle die lote.\* Wie in My bly en Ek in hom, hy dra baie vrug,\* want sonder My kan julle niks doen nie.\* <sup>6</sup> As iemand nie in My bly nie, word hy soos 'n loot buite uitgegooi, en verdroog. Hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur,\* en dit verbrand. <sup>7</sup> As julle in My bly, en my woorde in julle bly, vra dan wat julle wil, en dit sal met julle gebeur.\* <sup>8</sup> Hierdeur word my Vader verheerlik, dat julle baie vrug dra\* en my dissipels kan wees.”

### Liefde vir mekaar

<sup>9</sup> “Net soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief. Bly dan in my liefde. <sup>10</sup> As julle my gebooie onderhou, sal julle in my liefde bly,\* net soos Ek die opdragte van my Vader gehoorsaam het en in sy liefde bly. <sup>11</sup> \*Dit het Ek vir julle gesê, sodat my blydschap in julle kan wees, en julle blydschap volkome kan wees. <sup>12</sup> \*Dit is my gebod: Julle moet mekaar liefhê, net soos Ek julle liefgehad het. <sup>13</sup> \*Groter liefde as dit het niemand nie, dat iemand sy lewe aflê vir sy vriende. <sup>14</sup> Julle is my vriende\* as julle doen wat Ek julle beveel. <sup>15</sup> Ek noem julle nie meer slawe nie, omdat 'n slaaf nie weet wat sy eienaar doen nie. Ek het julle egter vriende

---

\* 15:5 Ek is ... lote: 1 Kor 12:12,27

\* 15:5 hy ... vrug: Joh 15:16

\* 15:5 sonder ... nie: 2 Kor 3:5

\* 15:6 gooi ... vuur: Matt 3:10; 7:19; 13:42

\* 15:7 vra ... gebeur: Mark 11:24; Joh 14:13; 16:23

\* 15:8 Hierdeur ... dra: Matt 5:16

\* 15:10 As ... my liefde bly: Joh 14:15; 1 Joh 2:5; 5:3

\* 15:11 Joh 17:13; 1 Joh 1:4

\* 15:12 Joh 13:34; 1 Joh 3:11,23; 2 Joh vs 5

\* 15:13 Joh 10:11; Rom 5:8; 1 Joh 3:16

\* 15:14 Julle is my vriende: Luk 12:4

genoem, omdat Ek alles wat Ek by my Vader gehoor het aan julle bekend gemaak het. <sup>16</sup> Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies\* en julle aangestel om uit te gaan en vrug te dra,\* vrug wat blywend is, sodat, wat julle die Vader in my Naam vra, Hy dit aan julle mag gee.\*  
<sup>17</sup> \*Dit is my opdrag aan julle — dat julle mekaar moet liefhê.”

### Haat van die wêreld

<sup>18</sup> “As die wêreld julle haat,\* moet julle weet dat hy My voor julle gehaat het.\* <sup>19</sup> As julle van die wêreld was, sou die wêreld julle as sy eie liefhê.\* Omdat julle egter nie van die wêreld is nie, maar Ek julle uit die wêreld uitgekies het, juis daarom haat die wêreld julle.\* <sup>20</sup> Onthou die woorde wat Ek vir julle gesê het: 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie.\* As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg. As hulle my woorde gehoorsaam het, sal hulle ook julle woorde gehoorsaam. <sup>21</sup> \*Hulle sal julle al hierdie dinge aandoen, ter wille van my Naam,\* omdat hulle Hom wat My gestuur het, nie ken nie. <sup>22</sup> As Ek nie gekom en met hulle gepraat het nie, sou hulle nie sonde gehad het nie;\* maar nou het hulle nie 'n verskoning vir hulle sonde nie. <sup>23</sup> \*Wie My haat, haat ook my

---

\* 15:16 Ek ... uitgekies: Joh 6:70; 13:18

\* 15:16 om ... dra: Joh 15:5

\* 15:16 sodat ... gee: Joh 14:13-14; 16:23

\* 15:17 Joh 13:34; 1 Joh 3:11,23; 2 Joh vs 5

\* 15:18 As ... haat: Matt 10:22; 24:9; Mark 13:13; Luk 6:22; Joh 17:14; 1 Joh 3:13

\* 15:18 hy My ... het: Joh 7:7

\* 15:19 As ... liefhê: 1 Joh 4:5

\* 15:19 Omdat ... haat die wêreld julle: Joh 17:14

\* 15:20 'n Slaaf ... eienaar nie: Matt 10:24; Luk 6:40; Joh 13:16

\* 15:21 Joh 16:3

\* 15:21 Hulle sal ... Naam: Matt 5:11

\* 15:22 sou ... gehad het nie: Joh 9:41

\* 15:23 Luk 10:16; Joh 5:23; 1 Joh 2:23

Vader. <sup>24</sup> As Ek nie by hulle die werke gedoen het wat niemand anders gedoen het nie, sou hulle nie sonde gehad het nie.\* Nou het hulle dit egter gesien, en tog haat hulle My én my Vader. <sup>25</sup> Maar die uitspraak wat in hulle wet opgeteken staan, moet in vervulling gaan, ‘Hulle het My sonder rede gehaat.’<sup>8</sup>

<sup>26</sup> “Wanneer die Parakleet<sup>h</sup> kom wat Ek van die Vader af aan julle sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan,\* sal Hy oor My getuig. <sup>27</sup> En julle moet ook getuig,\* omdat julle van die begin af by My is.\*

## 16

<sup>1</sup> “Hierdie dinge het Ek vir julle gesê sodat julle nie sal struikel nie. <sup>2</sup> Hulle sal julle uit die •sinagoges ban.\* Daar kom 'n tyd dat elkeen wat julle doodmaak, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys. <sup>3</sup>\* En hulle sal dit doen omdat hulle die Vader nie ken nie en My ook nie. <sup>4</sup> Maar hierdie dinge het Ek vir julle gesê,\* sodat wanneer hulle tyd aanbreek, julle kan onthou dat Ek dit vir julle gesê het.”

### Werk van die Heilige Gees

“Ek het hierdie dinge nie van die begin af vir julle gesê nie, omdat Ek

---

\* **15:24** As Ek ... gehad het nie: Joh 14:11; sou ... gehad het nie: Joh 9:41

<sup>8</sup>**15:25 Hulle het ... gehaat:** Aanhaling deur Jesus uit Ps 35:19; 69:5 as 'n uitspraak wat in Homself vervul is.

<sup>h</sup>**15:26 Parakleet:** Die Griekse woord verwys na iemand wat geroep is om bystand te verleen — 'n helper, 'n voorspraak, 'n pleitbesorger, 'n trooster.

\* **15:26 die Parakleet ... uitgaan:** Joh 14:26

\* **15:27 julle moet ook getuig:** Hand 1:8; 5:32; 1 Joh 4:14

\* **15:27 julle van ... is:** Luk 1:2; Hand 1:21-22

\* **16:2 Hulle ... ban:** Joh 9:22

\* **16:3** Joh 15:21

\* **16:4 hierdie ... Ek vir julle gesê:** Joh 13:19; 16:25



nog by julle was. <sup>5</sup> Maar nou gaan Ek na Hom wat My gestuur het,\* en nie een van julle vra My, ‘Waarheen gaan U?’ nie.\* <sup>6</sup> \*Maar omdat Ek hierdie dinge vir julle gesê het, is julle harte vol droefheid. <sup>7</sup> Ek vertel julle egter die waarheid. Dit is voordelig vir julle dat Ek weggaan. As Ek nie weggaan nie, sal die Parakleet <sup>i</sup> nie na julle kom nie. As Ek egter weggaan, sal Ek Hom na julle stuur.\* <sup>8</sup> En wanneer Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van •geregtigheid en van oordeel.\*

<sup>9</sup> “Van sonde, omdat hulle nie in My glo nie;\*

<sup>10</sup> van geregtigheid, omdat Ek na die Vader gaan\*  
en julle My nie meer sal sien nie;

<sup>11</sup> van oordeel, omdat die heerser van hierdie wêreld<sup>j</sup>  
reeds geoordeel is.

<sup>12</sup> \* “Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle kan dit nie nou verwerk nie. <sup>13</sup> Maar wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid,\* sal Hy julle in die volle waarheid lei;\* want Hy sal nie uit Homself praat nie,

---

\* **16:5** *Maar ... gestuur het:* Joh 7:33

\* **16:5** *nie een ... nie:* Joh 13:36; 14:5

\* **16:6** Joh 16:22

<sup>i</sup>**16:7** *Parakleet:* Die Griekse woord verwys na iemand wat geroep is om bystand te verleen — 'n helper, 'n voorspraak, 'n pleitbesorger, 'n trooster.

\* **16:7** *sal Ek ... stuur:* Joh 14:16,26; 15:26

\* **16:8** *van sonde ... oordeel:* Hand 24:25

\* **16:9** *omdat ... glo nie:* Joh 5:38; 6:36,63; 7:5; 10:26; 12:37

\* **16:10** *Ek ... gaan:* Joh 13:1; 14:12,28; 16:28; 20:17

<sup>j</sup>**16:11** *die heerser ... wêreld:* Tegnieuse term wat Johannes gebruik vir die aanduiding van •Satan; vgl Joh 12:31.

\* **16:12** 1 Kor 3:1

\* **16:13** *die Gees van die waarheid:* Joh 14:17; 15:26

\* **16:13** *sal Hy ... lei:* Joh 14:26; 1 Joh 2:27

maar Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die toekomstige dinge aan julle bekend maak. <sup>14</sup> Hy sal My verheerlik omdat Hy dit wat Hy van My sal ontvang, aan julle bekend sal maak. <sup>15</sup> Alles wat die Vader het, is ook myne.\* Daarom het Ek gesê: Wat Hy van My ontvang, sal Hy ook aan julle bekend maak.”

### Van hartseer na blydschap

<sup>16</sup> \* “Nog net 'n kort tydjie, dan sien julle My nie meer nie, en weer 'n kort tydjie, en dan sal julle My weer sien.” <sup>17</sup> Van sy dissipels het toe vir mekaar gesê: “Wat beteken dit wat Hy vir ons sê, ‘Nog net 'n kort tydjie, dan sien julle My nie meer nie, en weer 'n kort tydjie, en dan sal julle My weer sien’ en, ‘Ek gaan na die Vader?’” <sup>18</sup> Hulle het daarom bly sê: “Wat is hierdie kort tydjie waarvan Hy praat? Ons verstaan nie wat Hy sê nie.” <sup>19</sup> Jesus het geweet dat hulle dit vir Hom wou vra, en sê toe vir hulle: “Is dit waaroor julle mekaar uitvra, omdat Ek gesê het: Nog net 'n kort tydjie, dan sien julle My nie meer nie, en weer 'n kort tydjie, en dan sal julle My weer sien? <sup>20</sup> Amen, amen,<sup>k</sup> Ek sê vir julle: Julle sal huil en treur maar die wêreld sal bly wees; julle sal hartseer wees, maar julle hartseer sal in blydschap verander. <sup>21</sup> 'n Vrou ervaar pyn wanneer sy kraam,\* omdat haar tyd aangebreek het. Maar wanneer sy aan die kindjie geboorte skenk, onthou sy nie meer die swaarkry nie — uit blydschap dat 'n mens in die wêreld gekom het. <sup>22</sup> Daarom ervaar julle nou ook pyn; maar Ek sal julle weer sien, en dan sal julle harte bly wees,\* en niemand sal julle blydschap wegneem nie. <sup>23</sup> En op daardie dag sal julle My niks meer vra

---

\* **16:15** *Alles ... myne:* Joh 17:10

\* **16:16** Joh 14:19

<sup>k</sup>**16:20** *Amen, amen:* Die Hebreeuse woord •*Amen* word hier gebruik as 'n baie sterk bevestiging van sekerheid. Die herhaling daarvan is tipies van Johannes.

\* **16:21** *'n Vrou ... kraam:* Jes 13:8; 21:3; 26:17; Miga 4:9; 1 Thess 5:3

\* **16:22** *en dan ... wees:* Jes 66:14

nie. Amen, amen, Ek sê vir julle: Wat julle die Vader in my Naam vra, sal Hy aan julle gee.\* <sup>24</sup> Tot nou toe het julle niks in my Naam gevra nie. Vra, en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees.\*”

### Oorwinning oor die wêreld

<sup>25</sup> “Hierdie dinge het Ek deur gelykenisse vir julle gesê.\* Daar kom 'n tyd dat Ek nie meer deur gelykenisse met julle sal praat nie, maar julle openlik van die Vader sal vertel. <sup>26</sup> Op daardie dag sal julle in my Naam bid. Daarmee sê Ek nie vir julle dat Ek tot die Vader vir julle sal bid nie; <sup>27</sup> want die Vader self het julle lief,\* omdat julle My liefhet en glo dat Ek van God gekom het.\* <sup>28</sup> Ek het van die Vader af gekom en in die wêreld ingegaan. Ek verlaat weer die wêreld en gaan terug na die Vader.” <sup>29</sup> Sy dissipels sê toe: “Kyk, nou praat U openlik en vertel nie gelykenisse nie. <sup>30</sup> Nou weet ons dat U alles weet en dat niemand U nog hoef uit te vra nie.\* Daarom glo ons dat U van God af gekom het.” <sup>31</sup> Jesus het hulle geantwoord: “Glo julle nou? <sup>32</sup> Kyk, daar kom 'n uur, en dit het reeds aangebreek, dat julle uitmekaar gejaag sal word, elkeen na sy eie huis, en My alleen sal agterlaat.<sup>1</sup> Ek is egter nie alleen nie, omdat die Vader by My is.\* <sup>33</sup> Dit het Ek vir julle gesê, sodat julle in My vrede mag vind.\* In

---

\* **16:23** Wat ... gee: Joh 14:13-14; 15:16; 1 Joh 5:14-15

\* **16:24** sodat ... wees: Joh 15:11; 1 Joh 1:4

\* **16:25** Hierdie ... julle gesê: Matt 13:34; Mark 4:33-34; Joh 16:4

\* **16:27** want ... lief: Joh 14:21,23

\* **16:27** Ek ... gekom het: Joh 3:2; 8:42; 13:3; 17:8

\* **16:28** Joh 13:3

\* **16:30** weet ons ... vra nie: Joh 2:24-25

<sup>1</sup>**16:32** dat julle ... agterlaat: Indirekte verwysing deur Jesus na Sag 13:7; vgl Matt 26:31,56; Mark 14:27,50.

\* **16:32** Ek is ... My is: Joh 8:29

\* **16:33** Dit ... vind: Joh 14:27

die wêreld ervaar julle swaarkry;\* maar hou moed, Ek het reeds die wêreld oorwin.\*”

## 17

### Jesus se gebed

<sup>1</sup> Jesus het hierdie dinge gesê en toe sy oë na die hemel opgerig\* en gesê: “Vader, die uur het aangebreek.\* Verheerlik u Seun, sodat die Seun U kan verheerlik\* — <sup>2</sup> net soos U aan Hom gesag oor die hele mensdom gegee het,\* sodat Hy aan elkeen wat U aan Hom gegee het, die ewige lewe kan gee. <sup>3</sup> En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enigste ware God,\* en ook Hom wat U gestuur het — Jesus Christus.<sup>m</sup> <sup>4</sup> Ek het U op die aarde verheerlik\* deur die werk te voltooi wat U aan My gegee het om te doen.\* <sup>5</sup> En nou, Vader, verheerlik My by U, met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld bestaan het.\*

<sup>6</sup> “Ek het u Naam bekend gemaak aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het.\* Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord gehoorsaam. <sup>7</sup> Nou weet hulle dat alles wat U My

---

\*16:33 *In die ... swaarkry:* 2 Tim 3:12

\*16:33 *Ek het ... oorwin:* 1 Joh 5:4

\*17:1 *toe sy ... opgerig:* Joh 11:41

\*17:1 *die uur het aangebreek:* Matt 26:45; Mark 14:41; Joh 12:23; 13:1

\*17:1 *Verheerlik ... kan verheerlik:* Joh 13:31-32

\*17:2 *net ... mensdom gegee het:* Matt 28:18

\*17:3 *En dit ... God:* Wys 15:3; dat ... God: 1 Thess 1:9; 1 Joh 5:20

<sup>m</sup>17:3 *Christus:* Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

\*17:4 *Ek ... verheerlik:* Joh 13:31-32; 14:13

\*17:4 *deur ... doen:* Joh 4:34

\*17:5 *by U gehad ... bestaan het:* Joh 1:1-2; 8:58; 17:24

\*17:6 *Ek ... gegee het:* Joh 17:26

gegee het, van U kom. <sup>8</sup> Die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee, en hulle het dit aanvaar en werklik beseef dat Ek van U af gekom het.\* En hulle het geglo dat U My gestuur het.

<sup>9</sup> “Ek bid vir hulle. Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir hulle wat U aan My gegee het, omdat hulle aan U behoort. <sup>10</sup> En alles wat myne is, behoort aan U,\* en wat aan U behoort, is myne,\* en in hulle is Ek verheerlik. <sup>11</sup> Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is nog in die wêreld,\* en Ek kom na U.\* Heilige Vader, bewaar hulle wat U aan My gegee het in u Naam, sodat hulle, net soos Ons, een kan wees.\* <sup>12</sup> Toe Ek by hulle was, het Ek hulle wat U aan my gegee het, in u Naam bewaar. Ek het hulle ook beskerm; en niemand van hulle het verlore gegaan nie,\* behalwe die seun van die verderf,\* sodat die Skrif vervul sou word.\* <sup>13</sup> Maar nou kom Ek na U. Ek sê hierdie dinge terwyl Ek in die wêreld is, sodat hulle my blydschap volkome in hulle kan hê.\* <sup>14</sup> Ek het aan hulle u woorde gegee; maar die wêreld het hulle gehaat, omdat hulle nie van die wêreld is nie,\* net soos Ek nie van die wêreld is nie.\* <sup>15</sup> Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar.\* <sup>16</sup> Hulle is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die wêreld

---

\* **17:8** *werklik ... gekom het:* Joh 3:2; 16:30

\* **17:10** *alles ... behoort aan U:* Luk 15:31

\* **17:10** *wat aan U ... is myne:* Joh 16:15

\* **17:11** *hulle is ... wêreld:* Joh 13:1

\* **17:11** *en Ek ... U:* Joh 13:1,3; 16:28

\* **17:11** *sodat ... wees:* Joh 10:30; 17:21; Gal 3:28

\* **17:12** *niemand ... gegaan nie:* Joh 6:39; 18:9

\* **17:12** *die seun ... verderf:* 2 Thess 2:3

\* **17:12** *niemand ... word:* Ps 41:9; 109:4-5,7-8

\* **17:13** *Ek sê ... hê:* Joh 15:11; 1 Joh 1:4

\* **17:14** *die wêreld het hulle ... hulle nie van die wêreld is nie:* Joh 15:18-19

\* **17:14** *Ek nie van die wêreld is nie:* Joh 8:23

\* **17:15** *dat ... bewaar:* Matt 6:13; 2 Thess 3:3; 1 Joh 5:18

is nie. <sup>17</sup> Heilig hulle deur die waarheid — u woorde is die waarheid.

<sup>18</sup> \*Net soos U My in die wêreld ingestuur het, so het Ek ook hulle in die wêreld ingestuur. <sup>19</sup> En ter wille van hulle heilig Ek Myself, sodat hulle ook deur die waarheid geheilig kan wees.

<sup>20</sup> “Ek bid egter nie net vir hulle nie,\* maar ook vir dié wat deur hulle woorde in My glo — <sup>21</sup> dat hulle almal een kan wees,\* net soos U, Vader, in My is en Ek in U;\* en dat hulle ook in Ons kan wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. <sup>22</sup> En Ek het die heerlikheid wat U aan My gegee het, aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is:\* <sup>23</sup> Ek in hulle en U in My, sodat hulle volledig een kan wees en die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefgehad het, net soos U My liefgehad het. <sup>24</sup> Vader, Ek wil hê dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My kan wees,\* sodat hulle my heerlikheid kan sien,\* die heerlikheid wat U My gegee het, omdat U My van voor die grondlegging van die wêreld liefgehad het.\* <sup>25</sup> •Regverdige Vader, die wêreld ken U nie,\* maar Ek ken U,\* en hulle weet dat U My gestuur het. <sup>26</sup> En Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak\* en Ek sal dit verder bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het in hulle kan wees, en Ek in hulle.”

---

\*17:18 Joh 20:21

\*17:20 Ek ... hulle nie: Joh 17:9

\*17:21 dat hulle almal een kan wees: Gal 3:28

\*17:21 net soos ... in U: Joh 10:38

\*17:22 sodat ... een is: Joh 17:11

\*17:24 Ek wil ... kan wees: Joh 12:26

\*17:24 sodat ... kan sien: Joh 1:14

\*17:24 my heerlikheid ... liefgehad het: Joh 17:5

\*17:25 die wêreld ... nie: Joh 1:10; 8:55

\*17:25 maar Ek ken U: Matt 11:27; Luk 10:22; Joh 8:55

\*17:26 Ek het ... gemaak: Joh 17:6

## Jesus gevange geneem

(Matt 26:47-56; Mark 14:43-50; Luk 22:47-53)

<sup>1</sup> \*Nadat Jesus hierdie dinge gesê het, het Hy saam met sy dissipels na die oorkant van die Kedronspruit vertrek, waar 'n tuin was. Hy en sy dissipels het toe daar ingegaan. <sup>2</sup> Judas, sy verraaier, het ook die plek geken, omdat Jesus en sy dissipels dikwels daar bymekaargekom het.\* <sup>3</sup> Judas het toe daar aangekom met die kohort soldate,<sup>n</sup> en die tempelwagte van die leierpriesters en die •Fariseërs,\* met fakkels en lampe en wapens. <sup>4</sup> Jesus het geweet van al die dinge wat met Hom sou gebeur en het uitgegaan en vir hulle gevra: “Wie soek julle?” <sup>5</sup> Hulle antwoord Hom: “Jesus, die Nasarener.” Hy sê toe vir hulle: “Ek Is Hy.” Judas, sy verraaier, het ook daar by hulle gestaan. <sup>6</sup> Toe Hy vir hulle sê, “Ek Is Hy,” het die soldate teruggedeins en op die grond neergeval. <sup>7</sup> Hy het weer vir hulle gevra: “Wie soek julle?” En hulle sê: “Jesus, die Nasarener.” <sup>8</sup> Jesus het geantwoord: “Ek het vir julle gesê Ek Is Hy. As julle dan na My soek, laat hierdie mense gaan.” <sup>9</sup> \*Sodoende sou die woorde wat Hy gesê het, vervul word: “Hulle wat U aan My gegee het, van hulle het Ek nie een verlore laat gaan nie.” <sup>10</sup> Simon •Petrus het toe 'n swaard wat hy gedra het,\* getrek en na die hoëpriester se slaaf geslaan en sy regteroor<sup>o</sup> afgekap. Die slaaf se naam was Malgus. <sup>11</sup> Toe sê Jesus vir

---

\* 18:1 Matt 26:36; Mark 14:32

\* 18:2 *Jesus ... bymekaargekom het:* Luk 21:37; 22:39

<sup>n</sup>18:3 *kohort soldate:* 'n Afdeling Romeinse soldate wat uit 200 tot 10 000, maar gewoonlik 600 man, bestaan het; •Militêre terme.

\* 18:3 *en die tempelwagte ... Fariseërs:* Joh 7:32,45

\* 18:9 Joh 6:39; 10:28; 17:12

\* 18:10 *Simon ... gedra het:* Luk 22:36,38

<sup>o</sup>18:10 *regteroor:* Die Grieks gebruik hier 'n verkleinwoord (oortjie) wat daarop kan dui dat dit net 'n deel van die oor was.

Petrus: “Steek die swaard terug in sy skede. Die beker wat die Vader My gegee het — sal Ek dit dan nie drink nie?\*

### **Jesus voor Annas**

*(Matt 26:57-58; Mark 14:53-54; Luk 22:54)*

<sup>12</sup> Toe het die kohort soldate<sup>p</sup> en die chiliarg<sup>q</sup> en die tempelwagte van die Jode Jesus gevange geneem en Hom geboei. <sup>13</sup> \*En hulle het Hom eerste na Annas<sup>r</sup> geneem. Hy was die skoonpa van Kajafas, wat daardie jaar die hoëpriester was. <sup>14</sup> Dit was Kajafas wat die raad aan die Jode gegee het dat dit voordelig is dat een man vir die volk sterf.\*

### **Eerste verloëning deur Petrus**

*(Matt 26:69-70; Mark 14:66-68; Luk 22:55-57)*

<sup>15</sup> Simon •Petrus en 'n ander dissipel\* het Jesus gevolg. Daardie dissipel was aan die hoëpriester bekend, en hy het saam met Jesus by die hoëpriester se voorhof ingegaan. <sup>16</sup> Petrus het egter buite by die deur bly staan. Toe het die ander dissipel, die een wat aan die hoëpriester bekend was, uitgestap en met die deurwag gaan praat en Petrus na binne gebring.\* <sup>17</sup> Die diensmeisie wat die deurwag was, sê toe vir Petrus: “Is jy nie ook een van hierdie man se dissipels nie?” Hy antwoord: “Ek is nie!”\* <sup>18</sup> Die slawe en die tempelwagte het hulle gestaan en warm maak by 'n

---

\***18:11** *Die beker ... drink nie:* Matt 20:22; 26:39; Mark 10:38; 14:36; Luk 22:42

<sup>p</sup>**18:12** *kohort soldate:* Vgl voetnoot in 18:2.

<sup>q</sup>**18:12** *chiliarg:* 'n Romeinse offisier wat bevel voer oor 1 000; •Romeinse ampsdraers.

\***18:13** Luk 3:2; Joh 18:24

<sup>r</sup>**18:13** *Annas:* Die •bronteks lui “Hannas”.

\***18:13-14** *Kajafas ... sterf:* Joh 11:49-51

\***18:15** *Simon ... dissipel:* Joh 20:3

\***18:15-16** *hy het saam ... gebring:* Matt 26:58; Mark 14:54; Luk 22:54-55

\***18:17** *Is jy ... Ek is nie:* Joh 18:25



koolvuur wat hulle gemaak het, omdat dit koud was. Ook Petrus het hom daar by hulle gestaan en warm maak.

### **Jesus voor die Sanhedrin**

*(Matt 26:59-66; Mark 14:55-64; Luk 22:66-71)*

<sup>19</sup> Die hoëpriester het Jesus toe ondervra oor sy dissipels en sy lering.

<sup>20</sup> Jesus antwoord hom toe: “Ek het openlik met die wêreld gepraat.\* Ek het altyd in die •sinagoge en op die tempelsterrein,<sup>s</sup> waar al die Jode saamkom, onderrig gegee,\* en Ek het niks in die geheim gesê nie.

<sup>21</sup> Waarom ondervra u My? Ondervra hulle wat gehoor het wat Ek vir hulle gesê het. Hulle weet wat Ek gesê het.” <sup>22</sup> \*Toe Jesus dit sê, het een van die tempelwagte wat daar naby gestaan het, Hom 'n klap gegee\* en gesê: “Antwoord jy die hoëpriester so?” <sup>23</sup> Jesus het hom geantwoord: “As Ek iets verkeerd gesê het, bring dan getuienis dat dit verkeerd is; maar as Ek reg is, waarom slaan jy My?” <sup>24</sup> \*Annas<sup>t</sup> het Hom toe geboeid na die hoëpriester Kajafas weggestuur.

### **Tweede verloëning deur Petrus**

*(Matt 26:71-75; Mark 14:69-72; Luk 22:58-62)*

<sup>25</sup> Simon •Petrus het hom nog daar staan en warm maak. Hulle sê toe vir hom: “Is jy nie ook een van sy dissipels nie?” Petrus het dit ontken en gesê: “Ek is nie!”\* <sup>26</sup> Een van die hoëpriester se slawe, 'n familielid van

---

\* **18:20** Ek het openlik ... gepraat: Joh 7:26

<sup>s</sup>**18:20 tempelsterrein:** Verwys na die hele terrein van die •tempel in Jerusalem met al die geboue, stoorkamers en voorhewe.

\* **18:20** Ek het altyd ... gegee: Matt 4:23; 26:55; Joh 6:59; 7:14

\* **18:22** Hand 23:2

\* **18:22** Hom ... gegee: Joh 19:3

\* **18:24** Luk 3:2; Joh 18:13

<sup>t</sup>**18:24 Annas:** Die •bronteks lui “Hannas”.

\* **18:25** Hulle ... Ek is nie: Joh 18:17

die een wie se oor<sup>u</sup> Petrus afgekap het,\* het gesê: “Ek het jou mos in die tuin by hom gesien, dan nie?”\* <sup>27</sup> \*Petrus het dit weer ontken. En onmiddellik het 'n haan gekraai.

## Jesus voor Pilatus

(Matt 27:1-2,11-14; Mark 15:1-5; Luk 23:1-5)

<sup>28</sup> Van Kajafas af het hulle Jesus na die pretorium<sup>v</sup> geneem. Dit was vroegoggend.<sup>w</sup> Hulle het nie self die pretorium binnegegaan nie, sodat hulle nie onrein sou word nie, maar die Pasga<sup>x</sup> sou kon eet. <sup>29</sup> •Pilatus het uitgegaan na hulle toe en gevra: “Watter aanklag lê julle teen hierdie man?” <sup>30</sup> Hulle het hom geantwoord: “As hy nie 'n kwaaddoener was nie, sou ons hom nie aan u uitgelewer het nie.” <sup>31</sup> \*Pilatus sê toe vir hulle: “Vat julle hom\* en oordeel hom volgens julle wet.”\* Die Jode sê vir hom: “Ons word nie toegelaat om iemand om die lewe te bring nie,” <sup>32</sup> \*sodat die

---

<sup>u</sup>**18:26 oor:** Die Grieks gebruik hier 'n verkleinwoord (oortjie) wat daarop kan dui dat dit net 'n deel van die oor was.

\***18:26 'n familielid ... afgekap het:** Matt 26:51; Mark 14:47; Luk 22:49-50; Joh 18:10

\***18:26 Ek ... dan nie:** Joh 18:1

\***18:27** Matt 26:34; Mark 14:30; Luk 22:34; Joh 13:38

<sup>v</sup>**18:28 pretorium:** Die •bronteks lui *praitorion*. Hier verwys dit na die vesting Antonia, waar die soldate gestasioneer was en die •prokurator gedurende feestye tuisgegaan het.

<sup>w</sup>**18:28 vroegoggend:** Volgens Westerse tydsbepaling tussen 03:00 en 06:00.

<sup>x</sup>**18:28 Pasga:** Die fees wanneer elke gesin in Israel 'n lam moes slag en dit moes eet saam met bitter kruie en ongesuurde brood. Hulle moes die fees vier op 14 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is, tydens die volmaannag in Maart-April; •Feeste.

\***18:31** Joh 19:6-7

\***18:31** *Vat julle hom:* Joh 19:6

\***18:31** *Vat ... wet:* Hand 18:15

\***18:32** Matt 20:19; 26:2; Joh 3:14; 8:28; 12:33

woorde wat Jesus gesê het om aan te toon watter dood Hy sou sterf, vervul sou word.<sup>33</sup> Pilatus het toe weer 'n keer die pretorium binnegegaan en Jesus geroep en Hom gevra: “Is u die koning van die Jode?”<sup>34</sup> Jesus antwoord: “Sê u dit uit u eie, of het ander mense dit oor My aan u vertel?”<sup>35</sup> Pilatus antwoord toe: “Is ek miskien 'n Jood? Dit is ú volk en leierpriesters wat u aan my uitgelewer het.\* Wat het jy gedoen?”<sup>36</sup> Jesus het geantwoord: “My koningskap is nie van hierdie wêreld nie. As my koningskap van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, sodat Ek nie aan die Jode uitgelewer word nie. Maar nou is my koningskap nie van hierdie wêreld nie.”<sup>37</sup> “Is u dan tog 'n koning?” het Pilatus gevra. Jesus antwoord hom: “U sê dat Ek 'n koning is. Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek na die wêreld gekom: om oor die waarheid te getuig.\* Elkeen wie se bestaan in die waarheid gegrond is, luister na my stem.\*\*”<sup>38</sup> Pilatus sê toe vir Hom: “Wat is waarheid?” Nadat hy dit gesê het, het hy weer na die Jode uitgegaan en vir hulle gesê: “Ek vind geen skuld in hom nie.”

### **Jesus ter dood veroordeel**

*(Matt 27:15-31; Mark 15:6-20; Luk 23:13-25)*

<sup>39</sup> “Maar daar is 'n gebruik vir julle dat ek vir julle een persoon vrylaat gedurende die Pasga.<sup>y</sup> Wil julle hê dat ek vir julle die koning van die Jode vrylaat?”<sup>40</sup> \*Hulle het toe weer geskreeu: “Beslis nie vir hom nie, maar vir Barabbas!” Barabbas was 'n misdadiger.<sup>z</sup>

---

\*18:35 Dit ... uitgelewer het: Joh 1:11

\*18:37 om oor ... getuig: Joh 3:32-33

\*18:37 Hiervoor is ... my stem: 1 Tim 6:13

\*18:37 Elkeen wie ... my stem: Joh 8:47; 1 Joh 4:6

<sup>y</sup>18:39 Pasga: Vgl voetnoot in 18:28.

\*18:40 Hand 3:14

<sup>z</sup>18:40 *misdadiger*: 'n Oproermaker wat waarskynlik by 'n mislukte rebellie teen Rome betrokke was.

# 19

<sup>1</sup> Toe het •Pilatus Jesus geneem en Hom laat gesel. <sup>2</sup> Die soldate het 'n kroon van doringtakkes gevleg en dit op sy kop gesit. Hulle het ook 'n purperrooi mantel vir Hom omgehang\* en <sup>3</sup> na Hom gegaan en gesê: “Gegroet, koning van die Jode!” En hulle het Hom herhaaldelik geklap.\*  
<sup>4</sup> \*Pilatus het weer uitgekóm na buite en vir hulle gesê: “Kyk, ek bring hom vir julle na buite, sodat julle kan weet dat ek geen skuld in hom vind nie.”  
<sup>5</sup> \*Jesus het uitgekóm na buite, met die doringkroon op sy kop en met die purperrooi mantel om. Pilatus sê toe vir hulle: “Kyk, die mens!” <sup>6</sup> Toe die leierpriesters en die tempelwagte Hom sien, het hulle geskreeu: “Kruisig, kruisig!” Pilatus het vir hulle gesê: “Vat julle hom\* en kruisig hom, want ek vind geen skuld in hom nie.” <sup>7</sup> \*Die Jode antwoord hom toe: “Ons het 'n wet, en volgens dié wet moet hy sterf,\* omdat hy homself •Seun van God gemaak het.\*” <sup>8</sup> Toe Pilatus hierdie woorde hoor, het hy nog meer beangs geword. <sup>9</sup> Hy het die pretorium<sup>a</sup> weer binnegegaan en vir Jesus gesê: “Van waar is u?” Jesus het hom egter nie 'n antwoord gegee nie.\* <sup>10</sup> Pilatus sê toe vir Hom: “Praat u nie met my nie? Weet u nie dat ek volmag het om u vry te laat, maar ook volmag om u te laat kruisig nie?” <sup>11</sup> Jesus het hom geantwoord: “U sou geen volmag oor My gehad het as dit nie van bo aan u

---

\*19:2 'n purperrooi ... omgehang: Luk 23:11

\*19:3 hulle ... geklap: Joh 18:22

\*19:4 Luk 23:4; Joh 18:38

\*19:5 1 Sam 9:17 •Septuagint; Sag 6:11-12

\*19:6 Vat julle hom: Joh 18:31

\*19:7 Lev 24:16

\*19:7 Ons ... sterf: Joh 18:31

\*19:7 hy homself ... gemaak het: Joh 5:18; 10:33

<sup>a</sup>19:9 **pretorium**: Die •bronteks lui *praitorion*. Hier verwys dit na die vesting Antonia, waar die soldate gestasioneer was en die •prokurator gedurende feestye tuisgegaan het.

\*19:9 Jesus het ... gegee nie: Matt 26:62-63; 27:12,14; Mark 14:61; Luk 23:9

gegee is nie.\* Daarom is hy wat My aan u oorgelewer het, aan 'n groter sonde skuldig.”<sup>12</sup> Van dié oomblik af het Pilatus aanhoudend probeer om Hom vry te laat, maar die Jode het geskreeu: “As u hierdie man vrylaat, is u nie 'n vriend van die keiser nie. Elkeen wat homself koning maak,\* verset hom teen die keiser.”

<sup>13</sup> Toe Pilatus hierdie woorde hoor, het hy Jesus na buite gebring en op die regterstoel gaan sit op die plek wat Klipplaveisel<sup>b</sup> genoem word — in Hebreeus<sup>c</sup> *Gabbata*.<sup>d</sup> <sup>14</sup> Dit was die Voorbereidingsdag<sup>e</sup> vir die Pasga,<sup>f</sup> ongeveer die sesde uur.<sup>g</sup> Toe sê Pilatus vir die Jode: “Kyk, daar is julle koning!”<sup>15</sup> Hulle het egter geskreeu: “Weg, weg met hom! Kruisig hom!” Pilatus sê vir hulle: “Moet ek julle koning kruisig?” Die leierpriesters het geantwoord: “Ons het nie 'n koning nie, slegs die keiser.”<sup>16</sup> Toe lewer hy Hom aan hulle uit om gekruisig te word. En hulle het Jesus weggelei.

### Kruisiging van Jesus

(*Matt 27:32-44; Mark 15:21-32; Luk 23:26-43*)

<sup>17</sup> Jesus het self die kruis gedra en het uitgegaan na die sogenaamde

---

\***19:11** *U ... is nie:* Joh 10:18; Rom 13:1

\***19:12** *Elkeen ... maak:* Luk 23:2; Joh 18:37; Hand 17:7

<sup>b</sup>**19:13** *Klipplaveisel:* 'n Geplaveide binnehof van klipsteëls.

<sup>c</sup>**19:13** *Hebreeus:* In die tyd van Jesus is dikwels na Aramees verwys as Hebreeus.

<sup>d</sup>**19:13** *Gabbata:* 'n Aramese woord wat verwys na 'n hooggeleë plek.

<sup>e</sup>**19:14** *Voorbereidingsdag:* Die dag van Voorbereiding voor die Sabbat, dws Vrydag. Die uitdrukking “Voorbereiding vir die Pasga” kan hier beteken dat die Sabbatdag in hierdie geval saamgeval het met die •Pasga en dat die Voorbereiding vir die Sabbat en die voorbereiding vir die Pasga op dieselfde dag geval het, dws op Vrydag. Dit kan egter ook die ‘Vrydag van die Pasga’ beteken, dws die Vrydag van die week wat die Pasga geduur het. Dan is die Pasgamaal die vorige aand geëet, dws Donderdagaand.

<sup>f</sup>**19:14** *Pasga:* Die fees wanneer elke gesin in Israel 'n lam moes slag en dit moes eet saam met bitter kruie en ongesuurde brood. Hulle moes die fees vier op 14 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is, tydens die volmaannag in Maart-April; •Feeste.

<sup>g</sup>**19:14** *6de uur:* Volgens Westerse tydsbepaling 12:00; •Tydsindeling.

‘Kopbeenplek’,<sup>h</sup> in Hebreeus<sup>i</sup> Golgota genoem. <sup>18</sup> Daar het hulle Hom gekruisig, en saam met Hom twee ander, een aan elke kant, met Jesus in die middel. <sup>19</sup> •Pilatus het ook 'n kennisgewing laat skryf en dit aan die kruis vasgeheg. Daarop het geskryf gestaan: “Jesus, die Nasarener, die koning van die Jode.” <sup>20</sup> Baie van die Jode het hierdie kennisgewing geles, omdat die plek waar Jesus gekruisig is, naby die stad geleë was. Dit was geskryf in Hebreeus, Latyn<sup>j</sup> en Grieks. <sup>21</sup> Die leierpriesters van die Jode sê toe vir Pilatus: “Moenie skryf, ‘Die koning van die Jode’ nie, maar dat daardie man gesê het, ‘Ek is koning van die Jode.’ ” <sup>22</sup> Pilatus het geantwoord: “Wat ek geskryf het, het ek geskryf.”

<sup>23</sup> Toe die soldate Jesus gekruisig het, het hulle sy boklere geneem en dit in vier dele verdeel, vir elke soldaat 'n deel, en so ook sy onderkleed. Maar die onderkleed was naatloos, van bo tot onder aaneen geweef.

<sup>24</sup> Hulle sê toe vir mekaar, “laat ons dit nie skeur nie, maar loot wie dit moet kry,” sodat die Skrif vervul sou word wat sê: “Hulle het my boklere onder mekaar gedeel en oor my klere het hulle die lot gewerp.”<sup>k</sup> Dit is wat die soldate toe gedoen het. <sup>25</sup> \*By die kruis van Jesus het sy moeder en sy moeder se suster en Maria, die vrou van Klopas, en ook Maria Magdalena<sup>l</sup> gestaan. <sup>26</sup> Toe Jesus sy moeder sien, asook die dissipel vir

---

<sup>h</sup>19:17 **Kopbeenplek:** 'n Heuwel buite Jerusalem waar teregstellings plaasgevind het.

<sup>i</sup>19:17 **Hebreeus:** Vgl voetnoot in 19:13.

<sup>j</sup>19:20 **Latyn:** Letterlik ‘in Romeins’. Latyn was die amptelike taal van die Romeinse Ryk.

<sup>k</sup>19:24 **Hulle ... gewerp:** Aanhaling uit Ps 22:19 as 'n uitspraak wat in Jesus Christus vervul is.

\*19:25 Matt 27:55-56; Mark 15:40-41; Luk 23:49

<sup>l</sup>19:25 **Maria Magdalena:** Die •bronteks noem haar deurgaans “Maria, die Magdaleense vrou,” dws ‘Maria, die vrou afkomstig uit Magdala’. Magdala is 'n dorpie aan die wesoewer van die •See van Galilea.

wie Hy lief was wat by haar staan,\* sê Hy vir sy moeder: “Vrou, kyk, daar is u seun!”<sup>27</sup> Daarna sê Hy vir die dissipel: “Kyk, daar is jou moeder!” En van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem.

### Jesus sterf

(Matt 27:45-56; Mark 15:33-41; Luk 23:44-49)

<sup>28</sup> Hierna het Jesus, omdat Hy geweet het dat alles reeds volbring is, en sodat die Skrif vervul sou word, gesê: “Ek is dors.”<sup>m</sup> <sup>29</sup> \* Daar het 'n kruik vol suur wyn gestaan. Hulle sit toe 'n spons vol suur wyn op 'n marjoleintak<sup>n</sup> en bring dit na sy mond. <sup>30</sup> Toe Jesus die suur wyn geneem het, sê Hy: “Dit is volbring!”<sup>\*</sup> En Hy het sy kop vooroor gebuig en sy gees oorgegee.

### Bevestiging van Jesus se dood

<sup>31</sup> Aangesien dit die Voorbereidingsdag<sup>o</sup> was, en sodat die liggame nie aan die kruis sou bly op die Sabbat nie\* — want daardie Sabbat was 'n belangrike dag<sup>p</sup> — het die Jode vir •Pilatus gevra dat die bene gebreek en die liggame verwyder moet word. <sup>32</sup> Die soldate het toe gekom en die eerste een se bene gebreek en ook dié van die ander een wat saam met

---

\* **19:26** die dissipel ... staan: Joh 13:23; 20:2; 21:7,20

<sup>m</sup>**19:28** *Ek is dors*: Verwys na Ps 69:22; 22:16 as heenwysings na Homself.

\* **19:29** Ps 69:22

<sup>n</sup>**19:29** *marjoleintak*: 'n Bossie wat teen mure groei en waarmee reinigingswater gesprinkel is. Die volksnaam hisop is 'n transliterasie van die Hebreeuse/Griekse woord.

\* **19:30** sê ... volbring: Job 19:26-27 •Septuagint

<sup>o</sup>**19:31** *Voorbereidingsdag*: Die dag van voorbereiding voor die Sabbat, dws Vrydag. Vgl voetnoot in 19:14.

\* **19:31** sodat ... Sabbat nie: Deut 21:22-23

<sup>p</sup>**19:31** *belangrike dag*: In Jesus se sterfjaar het die vyftiende •Nisan, die dag van die •Pasga, op die Sabbat geval. Dit het aan die betrokke Sabbat nog groter betekenis gegee.

Jesus gekruisig is. <sup>33</sup> Maar toe hulle by Jesus kom en sien dat Hy reeds dood was, het hulle nie sy bene gebreek nie. <sup>34</sup> Een van die soldate het egter met 'n spies in Jesus se sy gesteek, en onmiddellik het daar bloed en water\* uitgekom. <sup>35</sup> Hy wat dit gesien het, het daarvan getuig, en sy getuienis is waar. Hy weet dat hy die waarheid praat\* — sodat ook julle tot geloof kan kom. <sup>36</sup> Want hierdie dinge het plaasgevind sodat die Skrif vervul sou word: “Geen been van Hom sal gebreek word nie.”<sup>q</sup> <sup>37</sup> En 'n ander Skrifdeel sê weer: “Hulle sal Hom sien vir wie hulle deurboor het.”<sup>r</sup>

### Jesus in die graf

(Matt 27:57-61; Mark 15:42-47; Luk 23:50-56)

<sup>38</sup> Hierna het Josef van Arimatea, wat uit vrees vir die Jode\* in die geheim 'n dissipel van Jesus was, •Pilatus gaan vra of hy die liggaam van Jesus mag wegneem. Pilatus het dit toegestaan. Josef het toe gegaan en sy liggaam weggeneem. <sup>39</sup> Nikodemus, wat voorheen gedurende die nag na Jesus gegaan het, het ook gekom\* en 'n mengsel van ongeveer 'n honderd litra<sup>s</sup> mirre<sup>t</sup> en adelhout<sup>u</sup> gebring. <sup>40</sup> Hulle het toe Jesus se

---

\*19:34 *bloed en water*: 1 Joh 5:6,8

\*19:35 *Hy wat ... praat*: Joh 21:24

<sup>q</sup>19:36 *Geen ... word nie*: Aanhaling uit Eks 12:46; Num 9:12; Ps 34:21 as 'n uitspraak wat in Jesus Christus vervul is.

<sup>r</sup>19:37 *Hulle ... deurboor het*: Aanhaling uit Sag 12:10 as 'n uitspraak wat in Jesus Christus vervul is; vgl Op 1:7.

\*19:38 *uit ... Jode*: Joh 7:13; 9:22; 20:19

\*19:39 *Nikodemus ... gekom*: Joh 3:1-2; 7:50

<sup>s</sup>19:39 *100 litra*: 'n Inhoudsmaat vir vloeistof. Ongeveer 33 ℓ; •Inhoudsmate.

<sup>t</sup>19:39 *mirre*: Welriekende soort gomhars met bitter smaak wat verkry word van 'n struik wat in Arabië en Oos-Afrika voorkom, en as baie waardevol beskou is. Dit is as wierook gebrand asook in medisyne, parfuums, olies en rome gebruik.

<sup>u</sup>19:39 *adelhout*: 'n Inheemse boom in Suidoos-Asië en Noord-Indië waarvan die sap as parfuim en vir balsemdoeleindes gebruik is.



liggaam geneem en dit saam met geurige speserye in linnedoeke toegedraai, soos dit die Jode se gebruik is by 'n begrafnis. <sup>41</sup> By die plek waar Hy gekruisig is, was daar 'n tuin, en in die tuin 'n nuwe graf waarin niemand nog ooit neergelê is nie. <sup>42</sup> Daar het hulle Jesus toe neergelê, omdat dit die Voorbereidingsdag<sup>v</sup> van die Jode was en aangesien die graf daar naby was.

## 20

### Opwekking van Jesus

(*Matt 28:1-8; Mark 16:1-8; Luk 24:1-12*)

<sup>1</sup> En vroegoggend op die eerste dag van die week,<sup>w</sup> terwyl dit nog donker was, kom Maria Magdalena<sup>x</sup> tot by die graf en sien dat die klip van die graf verwyder is. <sup>2</sup> Sy hardloop toe en gaan na Simon •Petrus en na die ander dissipel vir wie Jesus liefgehad het,<sup>\*</sup> en sê vir hulle: “Hulle het die Here uit die graf weggevat, en ons weet nie waar hulle Hom neergelê het nie.”<sup>\*</sup> <sup>3</sup> Petrus en die ander dissipel het toe uitgegaan en na die graf gegaan. <sup>4</sup> Die twee het saam gehardloop, maar die ander dissipel het vooruit gehardloop, vinniger as Petrus, en eerste by die graf aangekom. <sup>5</sup> Toe hy vooroor buk,<sup>y</sup> sien hy die linnedoeke lê; hy het egter nie binnegegaan nie. <sup>6</sup> Maar toe Simon Petrus wat hom gevolg het, daar

---

<sup>v</sup>19:42 **Voorbereidingsdag:** Vgl voetnoot in 19:14.

<sup>w</sup>20:1 **eerste ... week:** Letterlik ‘op die eerste van die Sabbatte’, dws Sondag; •Tydsindeling; vgl Joh 20:19; Hand 20:7.

<sup>x</sup>20:1 **Maria Magdalena:** Die •bronteks noem haar deurgaans “Maria, die Magdaleense vrou,” dws ‘Maria, die vrou afkomstig uit Magdala’. Magdala is 'n dorpie aan die wesewer van die •See van Galilea.

<sup>\*</sup>20:2 **na die ander ... liefgehad het:** Joh 13:23; 19:26; 21:7,20

<sup>\*</sup>20:2 **Hulle het ... het nie:** Joh 20:13

<sup>y</sup>20:5 **vooroor buk:** Baie van die destydse rotsgrafte was nie 'n volle meter hoog nie, met die gevolg dat 'n persoon vooroor moes buk om in te kyk of in te gaan.

aankom, het hy die graf binnegegaan en die linnedoeke daar sien lê,<sup>7</sup> en die doek wat oor sy kop was.\* Dié doek het nie by die linnedoeke gelê nie, maar was eenkant, afsonderlik opgerol.<sup>8</sup> Toe het ook die ander dissipel, die een wat eerste by die graf gekom het, binnegegaan, en hy het gesien en geglo.<sup>9</sup> Hulle het nog nie die Skrif verstaan dat Hy uit die dood moes opstaan nie.<sup>z</sup><sup>10</sup> Daarna het die dissipels weer huis toe gegaan.

## Jesus se verskyning aan Maria Magdalena

(Matt 28:9-10; Mark 16:9-11)

<sup>11</sup> Maar Maria het buitekant by die graf staan en huil. Terwyl sy huil, het sy vooroor na die graf toe gebuk<sup>12</sup> en twee engele met wit klere aan daar sien sit waar die liggaam van Jesus gelê het — een waar sy kop en een waar sy voete was.<sup>13</sup> Hulle sê toe vir haar: “Vrou, waarom huil jy?” Sy antwoord hulle: “Hulle het my Here weggevat en ek weet nie waar hulle Hom neergelê het nie.”\*<sup>14</sup> Nadat sy dit gesê het, het sy omgedraai en Hom daar sien staan, maar nie besef dat dit Jesus was nie.\*<sup>15</sup> Jesus sê vir haar: “Vrou, waarom huil jy? Wie soek jy?” Sy het gedink Hy is die tuinier en sê toe vir Hom: “Meneer, as u Hom verwyder het, sê vir my waar u Hom neergelê het, en ek sal Hom wegneem.”<sup>16</sup> Jesus sê vir haar: “Maria!” Sy het omgedraai en — in Hebreeus<sup>a</sup> — vir Hom gesê: “Rabboeni!”<sup>b</sup> Dit beteken Leermeester.<sup>17</sup> Jesus sê vir haar: “Moenie My

---

\*20:6-7 die linnedoeke ... kop was: Joh 11:44

<sup>z</sup>20:9 Hulle het ... opstaan nie: Verwys na Ps 16:10 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Luk 24:26-27; Hand 2:27,31; 1 Kor 15:4.

\*20:13 Hulle het ... het nie: Joh 20:2

\*20:14 nie besef ... was nie: Luk 24:16; Joh 21:4

<sup>a</sup>20:16 Hebreeus: Rabboeni is 'n Aramese woord. In die tyd van Jesus is dikwels na Aramees verwys as Hebreeus.

<sup>b</sup>20:16 Rabboeni: 'n Eerbiedige aanspreekvorm in Aramees wat ‘my •Meester’ beteken.

langer vashou nie, want Ek het nog nie na die Vader opgevaar nie. Maar gaan na my broers<sup>c</sup> en sê vir hulle, ‘Ek vaar op na my Vader, en julle Vader, en na my God en julle God.’ ”<sup>18</sup> Maria Magdalena<sup>d</sup> gaan vertel toe aan die dissipels: “Ek het die Here gesien,” en dat Hy hierdie dinge vir haar gesê het.

### Jesus se verskyning aan die dissipels

(Matt 28:16-20; Mark 16:14-18; Luk 24:36-49)

<sup>19</sup> Dit was al laat die aand op daardie eerste dag van die week.<sup>e</sup> Die deure waar die dissipels vergader het, was uit vrees vir die Jode\* gesluit. Jesus het toe gekom en tussen hulle gaan staan en vir hulle gesê: “Vrede vir julle!”<sup>\*</sup> <sup>20</sup> En nadat Hy dit gesê het, wys Hy hulle sy hande en sy sy.<sup>\*</sup> Die dissipels was verheug toe hulle die Here sien.<sup>\*</sup> <sup>21</sup> Jesus sê toe weer vir hulle: “Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.”<sup>22</sup> Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: “Ontvang die Heilige Gees!<sup>23</sup> \* As julle mense se sondes vergewe, is dit hulle vergewe; as julle dit van hulle weerhou, bly dit van hulle weerhou.”

---

<sup>c</sup>20:17 **broers**: Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit; vgl Rom 8:29; Heb 2:11-12.

<sup>d</sup>20:18 **Maria Magdalena**: Vgl voetnoot in 20:1

<sup>e</sup>20:19 **eerste ... week**: Letterlik ‘op die eerste van die Sabbatte’, dws Sondag; •Tydsindeling; vgl Joh 20:1; Hand 20:7.

<sup>\*</sup>20:19 **uit vrees ... Jode**: Joh 7:13; 9:22; 19:38

<sup>\*</sup>20:19 **Die deure ... vir julle**: Joh 20:26

<sup>\*</sup>20:20 **wys ... en sy sy**: Joh 19:34; 20:25,27

<sup>\*</sup>20:20 **Die dissipels ... sien**: Joh 16:20,22

<sup>\*</sup>20:21 **Soos ... julle ook**: Joh 17:18

<sup>\*</sup>20:23 Matt 16:19; 18:18

## Thomas se belydenis

<sup>24</sup> Maar Thomas, een van die twaalf, wat bekend staan as Didimus,<sup>\*</sup> was nie by hulle toe Jesus gekom het nie. <sup>25</sup> Die ander dissipels sê toe vir hom: “Ons het die Here gesien!” Maar hy het vir hulle gesê: “As ek nie die merke sien van die spykers in sy hande en my vinger nie steek in die spykermerke en my hand nie in sy sy steek nie,<sup>\*</sup> sal ek nooit glo nie.” <sup>26</sup> Agt dae later was sy dissipels weer binne, en Thomas saam met hulle. Terwyl die deure gesluit was, het Jesus gekom en in hulle midde gaan staan en gesê: “Vrede vir julle!”<sup>\*</sup> <sup>27</sup> Daarna sê Hy vir Thomas: “Bring jou vinger hier en kyk na my hande, en bring jou hand en steek dit in my sy;<sup>\*</sup> en moenie langer ongelowig wees nie, maar gelowig.” <sup>28</sup> Thomas het vir Hom gesê: “My Here en my God!” <sup>29</sup> Toe sê Jesus vir hom: “Glo jy omdat jy My gesien het? Gelukkig is hulle wat nie sien nie en tog glo.<sup>\*</sup>”

## Doel van die Evangelie

<sup>30</sup> <sup>\*</sup> Jesus het nog baie ander tekens voor sy dissipels gedoen wat nie in hierdie boekrol geskryf staan nie. <sup>31</sup> Hierdie dinge is egter neergeskryf sodat julle kan glo dat Jesus die Christus<sup>f</sup> is, die •Seun van God, en dat julle deur te glo die lewe in sy Naam kan hê.<sup>\*</sup>

---

<sup>\*</sup>20:24 *Thomas ... Didimus:* Joh 11:16; 21:2

<sup>\*</sup>20:25 *As ek ... steek nie:* Joh 19:34; 20:20

<sup>\*</sup>20:26 *Terwyl ... vir julle:* Joh 20:19

<sup>\*</sup>20:27 *Bring ... in my sy:* Joh 19:34; 20:20,25

<sup>\*</sup>20:29 *Gelukkig ... glo:* 1 Pet 1:8

<sup>\*</sup>20:30 Joh 21:25

<sup>f</sup>20:31 **Christus:** Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

<sup>\*</sup>20:31 *sodat julle kan ... kan hê:* Joh 3:15; 1 Joh 5:13

# 21

## Jesus se verskyning by die See van Tiberias

<sup>1</sup> Hierna het Jesus Hom by die See van Tiberias<sup>8</sup> weer aan sy dissipels verskyn. En dit is hoe Hy verskyn het. <sup>2</sup> Saam daar bymekaar was Simon •Petrus en Thomas, wat bekend staan as Didimus,<sup>\*</sup> Natanael van Kana in Galilea, die seuns van Sebedeus en nog twee ander van sy dissipels.

<sup>3</sup> Simon Petrus sê vir hulle: “Ek gaan visvang.” En hulle sê vir hom: “Ons gaan ook saam met jou.” Hulle het uitgegaan en in die boot geklim, maar daardie nag het hulle niks gevang nie. <sup>4</sup> Teen dagbreek het Jesus daar op die strand gestaan, maar die dissipels het nie geweet dat dit Jesus is nie.\*

<sup>5</sup> Jesus vra hulle toe: “My kinders, julle het seker niks om te eet nie?\*” Hulle antwoord Hom: “Nee.” <sup>6</sup> \*Hy sê toe vir hulle: “Gooi die visnet uit aan die regterkant van die boot, en julle sal iets kry.” Hulle gooi dit toe uit, en vanweë die groot klomp vis was hulle nie in staat om dit in te trek nie. <sup>7</sup> Daarop sê die dissipel — die een vir wie Jesus liefgehad het\* — vir Petrus: “Dit is die Here!” Toe Simon Petrus hoor dat dit die Here is, het hy sy bokleed omgebind — want sy bolyf was kaal<sup>h</sup> — en in die see gespring.\* <sup>8</sup> Maar die ander dissipels het met die skuit gekom en die net

---

<sup>8</sup>**21:1 See van Tiberias:** Dit is 'n binnelandse meer, ook bekend as die •See van Galilea.

\***21:2 Thomas ... Didimus:** Joh 11:16; 20:24

\***21:4 maar ... is nie:** Luk 24:16; Joh 20:14

\***21:5 julle het ... eet nie:** Luk 24:41

\***21:6** Luk 5:4-7

\***21:7 die dissipel ... liefgehad het:** Joh 13:23; 19:26; 20:2; 21:20

<sup>h</sup>**21:7 bolyf was kaal:** Die bokleed is uitgetrek vir werk. Die Griekse woord *gymnos* kan ook beteken 'heeltemal kaal', maar volkome naaktheid is as onaanvaarbaar beskou binne die Joodse kultuur.

\***21:7 Toe Simon ... gespring:** Matt 14:29

met die visse gesleep, want hulle was nie ver van die land af nie, net ongeveer tweehonderd el.<sup>i 9</sup> En toe hulle aan land kom, sien hulle daar 'n koolvuur gereed en vis wat daarop lê, en ook brood.<sup>10</sup> Jesus sê vir hulle: “Bring van die visse wat julle nou net gevang het.”<sup>11</sup> Simon Petrus het toe aan boord gegaan en die net vol groot visse op die land getrek, honderd drie-en-vyftig; en hoewel daar so baie was, het die net nie geskeur nie.\*<sup>12</sup> Jesus sê vir hulle: “Kom eet ontbyt.” Niemand van die dissipels het egter gewaag om Hom te vra, “Wie is U?” nie, want hulle het geweet dit is die Here.<sup>13</sup> \* Jesus kom toe, neem die brood en gee dit vir hulle, en so ook die vis.

<sup>14</sup> \* Dit was reeds die derde keer dat Jesus aan die dissipels verskyn het nadat Hy uit die dood opgewek is.

### **Petrus in sy amp herstel**

<sup>15</sup> Toe hulle klaar was met ontbyt, vra Jesus vir Simon •Petrus: “Simon, seun van Johannes, het jy My baie lief, meer as hulle?” Hy sê vir Hom: “Ja, Here, U weet dat ek U liefhet.” Hy sê vir hom: “Laat my lammers wei.”<sup>16</sup> Hy vra hom weer 'n tweede keer: “Simon, seun van Johannes, het jy My baie lief?” Hy sê vir Hom: “Ja, Here, U weet dat ek U liefhet.” Hy sê vir hom: “Pas my skape op.”\*<sup>17</sup> Hy vra hom die derde keer: “Simon, seun van Johannes, het jy My lief?” Petrus het bedroef geword omdat Hy hom die derde keer gevra het, “Het jy My lief?” en hy antwoord Hom: “Here, U weet alles.\* U weet dat ek U liefhet.” Jesus sê vir hom: “Laat my

---

<sup>i</sup>21:8 **200 el:** Ongeveer 90 meter; •Lengtemate.

\*21:11 *vol ... geskeur nie:* Luk 5:6

\*21:13 Matt 14:19; 15:36; Mark 6:41; 8:6; Luk 9:16; Joh 6:11

\*21:14 Joh 20:19,26

\*21:16 *Pas ... op:* Hand 20:28; 1 Pet 5:2

\*21:17 *U ... alles:* Joh 16:30

skape wei. <sup>18</sup> Amen, amen,<sup>j</sup> Ek sê vir jou: Toe jy jonger was, het jy self jou gordel vasgemaak en gegaan waar jy wou, maar wanneer jy oud word, sal jy jou hande uitsteek, en iemand anders sal jou gordel vasmaak en jou bring waar jy nie wil wees nie.\*” <sup>19</sup> Hy het dit gesê om aan te dui deur watter soort dood Petrus God sou verheerlik.\* En nadat Hy dit gesê het, sê Hy vir Petrus: “Volg My!”

### Jesus en die geliefde dissipel

<sup>20</sup> Toe •Petrus omdraai, sien hy dat die dissipel vir wie Jesus liefgehad het,\* hulle volg, die een wat ook tydens die maaltyd teen sy bors aangeleun\* en gevra het: “Here, wie is dit wat U gaan verrai?” <sup>21</sup> Toe Petrus hom sien, vra hy vir Jesus: “Here, maar wat van hom?” <sup>22</sup> Jesus sê vir hom: “As Ek wil hê dat hy bly totdat Ek kom,\* wat het dit met jou te doen? Volg jy My!” <sup>23</sup> Die gerug het toe onder die broers<sup>k</sup> versprei dat daardie dissipel nie sou sterf nie. Jesus het egter nie vir hom gesê dat hy nie sou sterf nie, maar: “As Ek wil hê hy moet bly totdat Ek kom, wat het dit met jou te doen?”

### Laaste opmerkings

<sup>24</sup> \*Dit is daardie dissipel wat van hierdie dinge getuig en hierdie dinge geskryf het, en ons weet dat sy getuienis geloofwaardig is.

---

<sup>j</sup>**21:18 Amen, amen:** Die Hebreeuse woord •Amen word hier gebruik as 'n baie sterk bevestiging van sekerheid. Die herhaling daarvan is tipies van Johannes.

\***21:18** *maar wanneer ... wees nie:* 2 Pet 1:14

\***21:19** *Hy het ... verheerlik:* Joh 12:33; 18:32

\***21:20** *die dissipel ... liefgehad het:* Joh 13:23; 19:26; 20:2; 21:7

\***21:20** *die een ... aangeleun:* Joh 13:25

\***21:22** *As Ek ... kom:* Matt 16:28

<sup>k</sup>**21:23 broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

\***21:24** Joh 19:35

<sup>25</sup> \*Daar is nog baie ander dinge wat Jesus gedoen het. As dit een vir een neergeskryf sou word, sou die wêreld self, dink ek, die boekrolle wat geskryf sou word, nie kon bevat nie.